

DIE SANGER VAN DIE SUIKERBOSRAND - TEKS, AANTEKENINGE EN AANBIEDING (ALGEMEEN)

4.1 A. G. VISSER

Die gegewens wat tydens die samestelling van die program versamel en later tydens die oriënteringsfase aan die vertolkers oorgedra is, word hier weergegee. Dit dien hier eerstens as aanloop tot die lees van die teks en tweedens as agtergrondstudie vir beter begrip.

4.1.1 Inleiding

Andries Gerhardus Visser is op 1 Maart 1878 in 'n tent onder 'n saffraanpeerboom op Saaifontein, in die distrik Fraserburg, gebore. Hy het op die familieplaas, Bloukrans, opgegroeï en is saam met sy broers deur 'n Hollandse onderwyser onderrig. Van 1891 af ontvang hy onderrig aan die Hugenate-Gedenkskool op Daljosafat. Reeds in hierdie jare val sy skrandtheid en opgeruimde geaardheid op en skryf hy sy eerste humoristiese rympies (vgl. Langenhoven 1950: 34; Pienaar 1931: 501). Van Julie 1894 tot Junie 1896 ontvang hy onderrig aan die Normaalkollege van Kaapstad, waar hy die matriek= eksamen, die "Middle Class Teacher's"-eksamen en verskeie Taal= bondeksamens aflê.

Hierna het Visser tot die onderwys toegetree. Sy eerste pos as onderwyser beklee hy van Julie 1896 tot September 1896 aan sy vorige Alma Mater, die Hugenate-Gedenkskool. Dit was egter 'n tydelike pos, en in Oktober van dieselfde jaar word hy onderwyser aan die Publieke Skool op Carnarvon. Sy bekwaamheid besorg hom op twintig=jarige leeftyd die hoofpos.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog kom Visser in botsing met die Britse

militêre owerheid as gevolg van sy simpatie met die Boererepublieke. Daarom bedank hy as onderwyser en vertrek in September 1901 na Edinburgh, Skotland, om 'n vyfjarige mediese kursus te volg. In hierdie tyd reis hy dikwels en kom met die kuns en kultuur van verskeie volke in aanraking (vgl. Pienaar 1931: 503). Van sy verse wat in Ons Klijntji verskyn het, word in 1906 opgeneem in 'n bundel Afrikaanse gedigte byeenfersameld ... (vgl. Du Plessis 1978: 8).

Nadat Visser sy kursus voltooi het, vestig hy hom in Junie 1906 as geneesheer op Carnarvon. Sy praktyk sit hy in 1909 op Steytlerville voort. Tydens sy verblyf op Steytlerville ontmoet hy mej. Lettie Conradie, met wie hy op 13 Augustus 1913 in die huwelik tree.

Teen die einde van 1916 vertrek Visser na Heidelberg, Transvaal, waar hy tot met sy dood gewoon het. Dit is veral in hierdie tydperk dat belangrike en ingrypende gebeure in Visser se lewe sou plaasvind. Op 3 Februarie 1920 sterf sy vrou na die geboorte van hulle derde kind en laat hom met drie minderjarige kinders agter. Nog 'n terugslag tref Visser toe hy vroeg in 1924 'n hartaanval kry. Nadat hy uit die hospitaal ontslaan is en verder op Hermanus aangesterk het, kon hy gelukkig weer met sy gewone verpligtinge voortgaan. Reeds voor sy hartaanval maak Visser in Januarie 1921, met mej. Marie de Villiers kennis. Sy liefde wat hieruit voortgespruit het, het aanvanklik onbeantwoord gebly. Na ses jaar egter, op 4 Julie 1927, tree hulle in die huwelik en ongeveer twee jaar van gelukkige huwelikslewe volg.

Intussen het Visser se eerste digbundel, Gedigte, in 1925 verskyn. In 1926 verskyn 'n tweede vermeerderde druk en word dit met die Hertzogprys bekroon. 'n Jaar hierna verskyn Rose van herinnering, wat in 1928 ook met die Hertzogprys bekroon is. Die twee bundels Die purper iris en Uit ons prille jeug het in 1930 verskyn. Dit was dus na sy skielike dood op 10 Julie 1929, na 'n tweede hartaanval. Joernaalaand, waarin sestien prosastukke opgeneem is, is eers in 1969 uitgegee.

Verder het vier versamelbundels verskyn:

Bloemlesing uit die gedigte van A. G. Visser deur G. Dekker (1955);
Kinderkeur uit A. G. Visser deur D. J. Opperman (1967);
Selected Verse, in Engels vertaal deur J. Podbrey (1967);
Roos en lanset, deur F. I. J. van Rensburg (1978).

In 1978 het ook 'n herdruk van Joernaalaand en Opperman se Kinder=
keur uit A. G. Visser verskyn.

Wat Visser se menswees betref, is die opvallendste kenmerk sy lewens=
blyheid en ongekompliseerde geaardheid, met "erns en luim in vol=
maakte ewewig" (Pienaar 1931: 504). Hierdie geaardheid het van
Visser 'n baie beminde mens gemaak. Dit is versterk deur sy opregte
liefde vir en simpatie met sy medemens. Ook en veral kinders het
Visser na aan die hart gelê, soos blyk uit sy kinderverse en talle
gebeurtenisse in sy lewe. Hierdie liefde het ook verder gestrek,
naamlik 'n liefde vir sy volk en vaderland; hy was dus ook 'n vurige
patriot.

Visser was 'n toegewyde en onbaatsugtige werker, met 'n persoonlike
belangstelling in al sy pasiënte. Afgesien van sy mediese praktyk,
wat uiteraard baie tyd in beslag geneem het, het hy baie ander be=
langstellings gehad. Musiek was een van sy groot hartstogte,
omdat hy baie musikaal was en self klavier en orrel kon speel. Hy
het ook 'n besondere waardering vir die skone in die kunste en die
mooie in die natuur gekoester. Sy belesenheid oor 'n groot verskei=
denheid onderwerpe was algemeen bekend, daar hy verskeie tale goed
kon lees.

Hierdie besondere eienskappe het voortgespruit uit 'n skerp verstand,
'n fyn waarnemingsvermoë en 'n positiewe ingesteldheid teenoor die
lewe: " ... doen jou plig na die beste van jou vermoë; verbeur
die stampe en stote wat die lewe meebring, maar geniet tegelyk en
net alle kragte die mooie en aangename wat tog nog op die aarde te
vind is" - aldus Visser (Laagenhoven 1950: 178).

4.1.2 Poësie

Die feit dat Visser se digwerk 'n liefhebberij was, is reeds in hoof=

stuk 1 bespreek. Mede as gevolg van sy algehele toewyding aan sy beroep kon hy egter nie veel tyd daaraan bestee nie. Op kostelike wyse stel hy dit in "n Bekende gesig".

Die Medisyne is my Vrou,
Die Kuns is my Vriendin.
Deur eerste word ek druk gehou,
Die tweede sien ek min.

En dit is goed vir U,
En goed is dit vir my:
Als ik het kwade wil,
Ligt 't goede mij nabij!

(Rose van herinnering: 104).

As hy hom wel tot die "kwade" gewend het, het hy hierdie produkte as "maar povertjes" beskou (Pienaar 1931: 545).

Visser het nooit "met die harde instrument van die denke afgegraaf in die dieptes van die menslike siel of in die laaste taai bank van die lyding gebreek nie" (Nienaber 1931: 16), omdat hy verstaanbaarheid vooropgestel het en moontlik ook omdat hy oor die algemeen maklik en vlug kon skryf. Hierdie vooropstelling van verstaanbaarheid kom in "n Portret in olieverf" na vore:

Vergeefs moet ek daar op die doek
My vrind se wese en trekke seek.
'n Skelm - lyk dit - betrap, gevang
En - seer tereg ook! - opgehang.
Kon ek maar net dieselfde doen
Sou ek my met geen mens versoen.
Om met my vyand af te reken
Sou 'k sy portret presies so teken:
'k Bederf sy naam en reputasie
Deur doek - en verfkwas - defamasie!

(Rose van herinnering: 100).

Die inhoud van sy digwerk is dan ook inderdaad ongekompliseerd en populêr van aard.

Die inhoudelike vloei voort uit die alledaagse lief en leed wat hy persoonlik en die mense rondom hom ervaar het. Sy digwerk is dus subjektief van aard, en daar kan in die meeste gevalle 'n regstreekse verband tussen sy persoonlike lewe en sy gedigte gevind word.

Wat inhoud en soort betref, maak Kritzinger (1932: 71) die volgende indeling:

Vertalings
Liedjies
Kinderpoësie
Geestige poësie
Godsdienstige poësie
Naturelle-onderwerpe
Historiese poësie
Vaderlandse poësie
Puntdigte en
Minnedigte en liefdespoësie.

Hierdie indeling oorvleuel soms, omdat sekere gedigte onder verskillende afdelings ingedeel kan word. Tog bied dit 'n goeie beeld van die verskeidenheid van Visser se digwerk. Verder is die presiese onderskeid tussen historiese en vaderlandse poësie nie altyd duidelik nie. Die onderskeid tussen liefde en min lê vir hom daarin dat liefde 'dieper' as min is. Dit impliseer dat die liefdespoësie die meer elegiese verse is en veral op sy eerste vrou, Lettie, betrekking het en die minnedigte ligter van aard is en meestal die gedigte omvat wat aan Marie geskryf is. (Tot eersgenoemde behoort "Laetitia", "Visioen", "Die donker stroom", "Stella Aeterna" en tot laasgenoemde "Rosa rosarum", "Sachsen-gruss", "Princesse lointaine", "Van Verlore-vlei".)

Baie van Visser se gedigte is vrye verwerkings van gedigte uit ander tale. Hy was bekend met die "meeste bekende skrywers" (Langenhoven 1950: 133) van veral die Engelse, Duitse en Franse letterkunde. Hierby kan nog die Latynse skrywers Vergilius en

Horatius gevoeg word. Pienaar (1931: 523) toon aan dat die meeste liedere (vgl. Gedigte, "Om te sing") vertalings van liedere uit Frans, Duits, Vlaams, Deens, Fins en Pools is. Visser se bekendheid met ander tale het hom in staat gestel om vrylik uit die wêreldletterkunde oor te neem. Hierdie gebruik was moontlik as gevolg van die feit dat Visser en Eugène Marais vir oefening dikwels gedigte uit Engels, Frans en Duits vertaal het. Die graad van navolging wissel van gedig tot gedig: in die liedere* is dit 'n meer regstreekse oornam, terwyl in ander gevalle net die vorm of slegs 'n idee oorgeneem is. Die belangrikste is dat hy dit wat oorgeneem is, verder ontgin het tot 'n eie Suid-Afrikaanse produk (vgl. Grové 1978: 10).

Verder toon sekere gedigte 'n Oosterse invloed, wat in gedigte soos "Die purper iris", "In den beginne" en "Divan" tot uiting kom. Hierdie invloed is onder andere afkomstig van Indiese liefdeslegendes wat Visser gelees het (Nienaber 1931: 21).

Wat die vorm van sy digwerk betref, was Visser geen baanbreker of vernuwer nie. Hy het van bestaande vorme gebruik gemaak, soos die ballade: "As kersfees kom", "Ballade van die roos"; sonnet: "Vry", "Bloedrivier", "Die offerande van Isak"; epigram: Verskeie voorbeelde uit "Hekelpuntjies", "Die ewige misloper" en "Om die waarheid te sê".

Hy het ook van enkele outydse Franse vorme gebruik gemaak, soos die triolet: "Misère"; villanèlle: "Sachsen-gruss"; rondeau: "Is dit dan reg?"; rondel of rondeel: "Man en vrou".

* Uit die aard van Visser se musikale aanleg het die Afrikaanse lied hom na aan die hart gelê. Afgesien van die feit dat verskeie van sy werke getoonset is, het hy, om in 'n behoefte te voorsien, 'n hele aantal liedere vertaal en daarmee bestaande populêre melodieë van Afrikaanse woorde voorsien. Die vertalings was meestal vrye verwerkings.

'n Baie belangrike kenmerk van Visser se gedigte is die musikaliteit daarvan, veral in die ernstige gedigte en baie sterk in die liefdespoësie. Hy skryf self: "... in hoogste momente van ontroering verlang die poësie na die Flügeln des Gesanges" (Langenhoven 1950: 195). Musiek was vir hom "'n onmisbare vereiste vir alle ware poësie" (Nienaber 1950: 122). In hierdie verband is dit interessant dat sommige gedigte as 't ware voor die klavier ontstaan het. "Al spelende het 'n reël of gedagte by hom opgekom" (Langenhoven 1950: 129). Daarom toon sy verse 'n baie streng volgehoue metriese patroon en ritmiese vloei asook 'n voorliefde vir die welluidende, poëtiese en vreemde woord (vgl. Rosa rosarum, inkarnadyn, Aurore, Laetitia Dulcissima, miosotis, Incarnada, inpendulu ens.).

Musikaliteit, wat by poësie en veral liriek 'n aanwins is, het by Visser ook sy negatiewe kant. Dit lei dikwels tot 'n eentonige dreun van die vers, omdat die metriese en ritmiese klem telkens saamval, met weinig of geen afwykings nie. Die woordgebruik word dan ook dikwels geforseer en verdraai om in die metriese patroon te pas of ter wille van die rym. Voorts kom 'n doelbewuste mooiskrywery voor, met 'n retoriese woord- en beeldgebruik.

Visser stel baie dikwels die betekenis, woordkeuse en sinsbou ondergeskik aan die vers se "potensiële sangwysie" (Nienaber 1950: 79). Die volgende aanhalings dien as illustrasie uit die talle voorbeelde wat opgenoem kan word:

Oor die bronaar van die lewe
 Dreun 'n rune van alruin
 Van verborge wordingswonder
 Tussen suile van arduin.

("Moederliefde" uit Gedigte, p. 20).

Kon ek maar, uit die parterre
 Van die hemelruimtes verre,
 Sou ek met die skoonste sterre
 - skynend' skitterskrif, -
 Uitfestoen haar naam omhoog
 Glansend aan die hemelboog

Name voor my geestesoog
Op my hart gegrif! -

("Humoresk" uit Gedigte, p. 33).

Altyd slapend, nag en noen -
Deur 'n toweresse -,
Tot 'n ridder flink en koen
Driemaal op die mond haar soen,
Spreek: "Ontwaak, Prinsesse!"

("Dolce far niente" uit Die purper iris, p. 61).

Op Patmos-eiland in 'n visioen,
Robyn en skemerglinst'rende Opaal,
Heteens d'Apostelsiener neer sien daal
'n Kleurespel van Hemelsperlemoen:
Jerusalem, gelyk 'n bruid versier
Met Jaspis, Jasint, Beril, Chrysopraas,
Sardoniks, Sardis, Chrysoliet, Topaas,
Chalcedoon, Ametis, Smarag, Saffier!
Toe hy die name op sy lippe neem,
Was dié vir hom ook 'n juwelelied?
Kleursimfonie, harmonies' diadeem,
Weerskynend' weerklank, klinkend' koloriet?
Die mens het al sy wonder, sy geluk
In skoonheid, kleure in klanke, uitgedruk!

("Kleure-klank" uit Die purper iris,
p. 51).

Die laasgenoemde voorbeeld illustreer ook Visser se liefde vir edelgesteentes, en die twee slotreëls is in sekere opsigte ook tekenend van sy verskuns.

In Visser se geestige poësie maak hy hom veel minder aan bogenoemde swakhede skuldig. Hier is die dreun nie so hinderlik nie, en die woordkeuse en sinsbou staan nader aan die gewone spreektaal. Ook

die rym, wat dikwels geforseerd en niksseggend is, doen hier natuurliker en selfs verrassend aan (vgl. Van Rensburg 1978, Voorwoord). Daar word met drie voorbeelde volstaan:

'n Teoloog (17e eeu)

Hy is nie net gereformeer,
maar - nota bene - streng!
Van al die Engele op die leer
Sien hy maar net die "eng"!

("Borsbeeldjies" uit Rose van herinnering,
p. 102).

Menschlich alzu menschlich!

" 'n Mens die bly tog maar 'n mens,"
Sê Reitz, en wil betreur
" Net soos hy kry al wat hy wens ..."
Asof dit ooit gebeur!

("Die ewige misloper" uit Gedigte,
p. 109).

Vergelyk die natuurlikheid in die volgende aanhaling:

By tien jaar kruip hy oral rond,
'n Flinke knapie en gesond:
Toe rol hy al, en val en woel
En staan hy op teen elke stoel.
Nog skaars was hy 'n jaar of elf
Toe stap klein Lemmie al vanself.
So groei hy op tot sestig jaar:
Die eerste wisseltand was daar;

("Toe die wêreld nog jonk was" uit
Rose van herinnering, p. 69).

'n Laaste belangrike kenmerk is die lewensblyheid en optimisme wat uit sy werk straal. Sy hele positiewe menswees vind vergestaltung in sy verse, en hy sien altyd die humoristiese in 'n situasie raak. Wanneer hy met sy medemens spot, is dit nooit om te kwets nie, en selfs in sy ernstige liefdesverse is die toon, hoewel somber, nooit verbitterd, negatief of wanhopig nie.

Soos reeds gesê is die program "Die sanger van die Suikerbosrand" uit die liefdespoësie, komiese verse, kindergedigte en verse oor volk en vaderland saamgestel. Daarom word bostaande in fyner besonderhede bespreek.

4.1.2.1 Liefdespoësie

Soos reeds uit die vorige gegewens afgelei kon word, het Visser se liefdespoësie as gevolg van die twee vroue in sy lewe ontstaan: die vroeggestorwe Lettie en sy tweede vrou, Marie. Visser se liefdesverse was dus geleentheidsverse, 'n dagboek van sy liefdeslewe, "sange waarin hy nou pleitend-hunkerend die hande uitstrek na 'n ontwykende skoon besit, dan weer mymerend-klaend treur oor wat eenmaal syne was" (Langenhoven 1950: 85). Daar is dus 'n vervlegting van hede en verlede.

Visser se liefde vir die natuur en veral vir blomme tree in die liefdesgedigte sterk na vore. Die verskillende kleure en besondere geure vertolk die vele aspekte en stemminge van die liefde:

Ek ry in die veld in die môre,
Ek drink uit die kelk van die nag
'n Heildronk geskep deur Aurore
Uit die bruisende bron van die dag.

Keer weer, o bevoorregte winde,
En bring, as die weste verkleur,
'n Groet van die veld my beminde -
My boodskap met blomme se geur.

("Salut d'amour" uit: Rose van herinnering,
p. 34, eerste en laaste strofe).

Wees jy, my lied,
Vir my 'n goue kelk
Waarin met bloesems onverwelk
Die donkerrooie roos van my verdriet
Nog een te kort, te skone uur
van smartelik' geluk
- Die tyd ontruk -
Sal duur.

("Die rose van herinnering" uit Rose van herinnering, p. 9).

Die trotse, rooi as karmosyn,
Die spreek van liefdevuur en -gloed
Al prykend in die sonneskyn.

Die witte, beeld van liefde rein,
Werp skaam hul skoonheid jou te voet:
Sing sag, my hart, 'n soet refrein.

("Sachsen-gruss" uit Gedigte, p. 6).

Kom in die aand en geniet van haar geure:
Foelie, jasmyn, angelier, minjonet;
Kom in die môre en kies van haar kleure:
Rooi, wit en goud, groen en blou, violet!

Kom as dit skitter van dou-diamante,
Rosa Rosarum, in my Paradys,
Dat ek my blomme, my bome, my plante,
Roos van my hart, hulle weerga kan wys!

("Rosa rosarum" uit Gedigte, p. 5).

Die roos staan in die sentrum en vorm as 't ware 'n leitmotiv in die liefdesgedigte. Die geliefde word enersyds met die roos vergelyk, wat dan ook as simbool van die liefde en volmaakte skoonheid dien. Andersyds dien die roos ook as simbool van vergankelikheid. Volgens mev. M. Gerdener, Visser se tweede vrou, het die roos die muse in hom wakker gemaak (Venter 1978: 7). Vergelyk "Die roos", "Rosa rosarum", "Die rose van herinnering", "Ballade van die roos", "Sachsen-gruss" en "Eheu fugaces".

In die meeste gedigte kom 'n idealistiese en romantiese siening van die geliefde na vore:

Jy bly Prinses van Verre
En ek ... 'n troebadoer

("Princesse lointaine" uit Gedigte,
p. 9).

Jou rose wange
O liefste myn,
Jou sagte lippe
Inkarnadyn!

("Was ek 'n sanger" uit Gedigte, p. 13).

'n Lied van frisse maagde-skoon,
Blou oë waarin die hemel woon,
Van lokke wat met songoud gloei,
Van wange waarop rose bloei;
'n Mond waar soentjies lonk en lag.
Op lippe roos en warm en sag,
Van hande vlug en wit en fyn,
Bekoorlikheid in elke lyn;
Van skelme kykies op en neer
'n Glimlag van ons liewe Heer!
Liefvalligheid van Gods gena,
Laetitia Dulcissima!

("Laetitia" uit Gedigte, p. 26).

Die golwing van die lig wat daal
Op goue koringare,
Is glansloos by die gloed wat straal,
Madonna, van jou hare.

("La belle dame sans merci" uit Rose
van herinnering, p. 35).

Verlange woon in harte rein,
Madonna blank met rosegloed!
Die rose pryk in sonneskyn:
Sing sag, my hart, 'n soet refrein.

("Sachsen-gruss" uit Gedigte, p. 7).

Hierdie romantiese siening, die doelbewuste welluidendheid, sy voor-
liefde vir uitheemse woorde en 'n oordaad stereotipe byvoeglike naam-
woorde gee 'n oordrewenheid en opsetlikheid wat dikwels oneg en sen-
timenteel aandoen (vgl. De Coning 1978: 31; Kannemeyer 1978: 251).
Daar word met een voorbeeld volstaan, aangesien die vorige voorbeelde
ook as bewys vir die laasgenoemde stelling dien:

'n Lied van marmer-wit gesig,
Van dierb're oë sonder lig;
Die liewe lippe bleek en kil;
Die warme hart vir ewig stil;
Die hande op haar bors gekruis,
Vir lange rus in laaste huis;
Madonna-lelies op haar skoot,
O, kalme Skoonheid van die dood!
Die Heer het menig' ligpaleis
En daarheen sal haar siele rys
En daarheen volg my liefde haar na;
Laetitia Beatifica!

("Laetitia" uit Gedigte, p. 27 - 28).

Interessant dat dieselfde digter wat so oordadig kan wees, so 'n 'ekonomiese' vers soos "Die roos" geskryf het.

Te kort jou skoonheids duur,
Roos van my hof;
Vir jou volmaakte uur
Die Gewer lof!

Te kort ons liefdestyd:
Te lank die rou.
Tog - tot in Ewigheid
Goddank vir jou!

(Uit Rose van herinnering, p. 11).

Die meeste minnedigte is uit die aard van hulle speelsheid en kortheid minder oordadig en natuurliker. Volgens Kannemeyer (1978: 252) is hierdie korter gedigte "bekoorklik, ten spyte van die oorgelewerde beelde en swak woordkeuse" (vgl. "Salut d'amour", "Toe=wyding", "Was ek 'n sanger", "Van Verlore-vlei" en "Sachsen-gruss").

4.1.2.2 Vaderlandse poësie

Visser het deur al die jare 'n Karoosseun gebly met 'n liefde vir sy volk en die Afrikaanse landskap (vgl. "Terug na die Karoo", "Die berge van die Boland" en "Die lokstem van die Bosveld"). Sy volksgevoel is goed voorberei deur sy vader se politieke belangstelling en Visser se verbintenis met die Hugenate-Gedenkskool, waar hy mense met 'n soortgelyke sentiment geken het (vgl. Langenhoven 1950: 24).

Die feit dat hy nie self die oorlog, met die gepaardgaande smart en stryd beleef het nie, asook sy romantiese aard, het tot gevolg dat hy veral die heroïese en die heldhaftige besing het. Voorts wil hy met hierdie gedigte aanvuur "tot aksie vir die hede en die toekoms van die volk" (Nienaber 1950: 133). Hy wil elkeen wys op "sy dure, sy heilige plig" en "in die slapendes ywer en gloed" wek om opnuut weer die "Voortrekkerstempel (te) bestendig" (vgl.

"Nimmer of nou" uit Die purper iris, p. 31 - 32). Veral die vryheid van die volk lê hom na aan die hart:

Vryheid, woord van alle woorde
Wat die mensehart beroer,
Op jou wekroep na die Noorde
Trek die stoere, kleine Boer.

("Voor in die wapad brand 'n lig" uit
Gedigte, p. 67).

Ai, my! Ons ken geen ander vaderland.
Die drang na vryheid kom tog van U self;
Maak, Heer, ons volk, U Benjamin, weer vry!

("Vry" uit Gedigte, p. 51).

Vryheid het jul gedrywe, 'n blanke wig
In donker Afrika - en daar was lig.

("Bloedrivier" uit Rose van herinnering,
p. 56).

Hierdie verse lewer letterkundig gesien geen nuwe en oorspronklike bydrae nie maar is tog van kultuurhistoriese belang. 'n Eienskap van hierdie verse is die vermoë om die leser of hoorder in die hart aan te raak - vergelyk die slotstrofe van "Voor in die wapad brand 'n lig":

In die land van sneeu en koue
Peins oorstelp die gryse held,
Enkel met sy Godsvertroue
En verlange na sy veld!
Hoor hom smee: "Heer, dis genoeg;
"Roep die landman van die ploeg:
"Hy's gedaan, Heer, hy is moeg!
"U, die Kenner van die harte,
"Weet wat elke hart kan dra.

"Lenig, Man van Smart, die smarte
"Van verwond' Suidafrika."
Sterwend' straal sy aangesig:
"Voor in die wapad brand 'n lig!"

(Uit Gedigte, p. 70).

4.1.2.3 Geestige poësie

Hier vind ons Visser op sy beste: sy skerp verstand, fyn gees, ryk verbeelding en goeie waarnemingsvermoë kom hier sterk na vore. Die steun op die klank en ritme asook die retoriese woordgebruik tree op die agtergrond of word funksioneel aangewend. Dis hier waar "die taal (semanties, sintakties en leksikalies) die minste geweld aangedoen word, en positief: die knapste ontgin word" (Van Rensburg 1978, Voorwoord). Dit gaan nie meer om "woord=kuns nie, maar om lewenskuns" (Pienaar 1931: 518).

Visser spot op goeie wyse met die eienaardighede en swakhede van die mens en kom dikwels met 'n treffende lewenswaarheid na vore. Die waarheid en wysheid van hierdie verse is vandag nog net so geldig, omdat menslike swakhede en gebreke deur die jare basies dieselfde bly (vgl. De Coning 1978: 33). Op dié manier wil Visser die mensdom, waarby hy homself insluit, van hulle 'sondighede' suiwer - vergelyk "Leuningstoelkritiek" :

Pas op, as hy sy ore spits,
O wêreld, vol van sondighede,
Dan het hy 'n Gedankenblitz;
Dan skryf hy puur spitsvondighede.

Die fynste stof kan hy bespeur
Behalwe ... voor sy eie deur!

(Uit Die purper iris, p. 88).

Die spot is deurgaans gemoedelik en nooit sinies en venynig

nie.

N. P. van Wyk Louw (1972: 105 e.v.) onderskei by komiese woordkuns die volgende soorte:

grappige verse,
fantastiese verse,
verse van die sinledigheid,
geestige verse, waaronder satire en
parodie,
wrede verse of "ruthless rhymes".

Hy meen dat Visser "se hele aanleg hom nie in die rigting van die skerp satire kon laat gaan nie, maar eerder in dié van die vriende-like parodie; ook dat hy te sag is vir die egte 'ruthless rhyme' en te geestig vir die blote 'nonsens'-vers of die alleen-maar-grappige"(p. 129). Liebenberg (1978: 13) wys wel op die teenwoordigheid van "subtiele satire", soos byvoorbeeld in "Borsbeeldjies". Visser het wel "fantastiese verse" geskryf, wat by die bespreking van die kinderverse sal blyk, maar veral geestige verse. Wat die parodie betref, dien "Lotos-land" as 'n uitstekende voorbeeld. Sy geestige werk bereik egter nooit die diepte van ware humor nie, want "die humoris is ten spyte van sy geestigheid nooit bloot komies nie" maar bewaar 'n subtiele balans "tussen geestigheid en weemoed" (Grové 1963: 37).

Die puntdigte of epigramme vorm 'n groot deel van Visser se geestige verse. 'n Puntdig is 'n "kort, kernagtige gedig wat 'n afgeslote, meestal hekelende of skertsende gedagte inhou, en met 'n verrassende wending aan die slot" (WAT, deel II, p. 570). Hierdie vorm, wat by uitstek vir Visser geskik was, het hy die "speel met woorde" genoem (Langenhoven 1950: 132). Inderdaad benut hy die meerduidigheid van die woord, die ommeswaai van woordvolgordes, verrassende rymverbindings, en so kom interessante teenstellings en 'n onverwagte wending of 'n antiklimaks na vore:

Aan die veilige kant

Bernardus huil en steun en sug

Oor sy oorlede Leen:

"My trane bring haar nooit weer t'rug ..."

Dis veilig om te ween!

("Om die waarheid te sê" uit Rose van herinnering, p. 95).

Die Predikant

Uitruster is die predikant:

Hy slaap en droom met lus.

Die lede is die ledikant

Waar op hy heerlik rus!

("Die ewige misloper" uit Gedigte,
p. 112).

En meer as een betekenis

Het "gif" sowel as "lewe".

Dis daarom dat dit moontlik is

Jou vyand te "vergewe"!

(Ibid., p. 110).

'n Hawe in die storm is sy,

Die vrou, Gods beste gawe!

Pas op! As sy begin te stry,

Dan storm dit in die hawe!

(Ibid., p. 112).

"Sannie", "Snippie en die dominee" en "Klein woelwater" is, wat die langer werk betref, goeie voorbeelde van 'n onverwagte wending aan die

slot.

Visser bereik verder sy geestigheid deur enersyds die komiese in die op die oog af ernstige gegewe of situasie te ontdek en andersyds deur die ernstige segging van komiese gegewens. Onder eersgenoemde kan die volgende as voorbeeld dien:

Bybelse gegewens: "Wit en swart", "Nat en sap", "Toe die wêreld nog jonk was", "Die uitleg", "Profeteer of profiteer?".

Visser het die Bybelse gegewens sodanig verwerk dat dit nie aanstoot gee nie.

Ander gegewens: "Lotos-land", "Vet", "Canto lamentoso in A^b".

Wat die ernstige segging van komiese gegewens betref, sou "As die blare verkleur" en "Oorsaak en gevolg" as voorbeelde kon dien.

In hierdie gedigte maak Visser ook gebruik van oordrywing of hiperbool en eufemisme om die komiese effek te verhoog.

Hiperbool:

O my beminde, dis die dag
Waarna die jare het gesmag;
Die stippie in Infiniteit
Verordineer in d'Ewigheid,
Die sielsmoment, ekstase soet,
Waar parallelle lyne ontmoet!

("As die blare verkleur" uit Gedigte,
p. 104).

Dink jy miskien dis hier Turkey?
Ons wet verbied veelwywery
Wil jy as Volksraadslid gaan staan,
Roep haar byeen en spreek haar aan-

("Vet" uit Rose van herinnering, p. 85).

Vergelyk ook "Die duisendpoot" in Die purper iris, p. 65 e.v.

Eufemisme:

"Betaal kontant: die lewe is kort,
"n Droom - en voor 'n mens gewaar,
"Dan is die ouderdom reeds daar.
"My lewe is - so skyn dit my -
"Soos 'n gedagte snel verby!

("Toe die wêreld nog jonk was" uit Rose van herinnering, p. 72).

Die swart kabouters laat hy vang
En vat hul aan die nek
En laat hul soos klein katjies val
T'rug in die Ander Plek.

("Wit en swart" uit Die purper iris, p. 73).

"Wit en swart", "Toe die wêreld nog jonk was" en "Lotos-land" toon Visser as 'n besondere verteller, wat met volgehoue spanning die aandag tot aan die einde behou.

4.1.2.4 Kinderpoësie

Visser se liefde en begrip vir kinders, en dan veral sy eie, is die logiese motivering vir sy kinderverse. "Hulle is in die eerste plaas vir my eie kinders geskrywe, en meestal uit my eie jeug=herinnering: Makoemazaan, Grondmannetjie, Kokkewiet, Mensvreter" (Langenhoven 1950: 108 - 109). E. C. Pienaar (1931: 523) beskou Visser dan ook as die eerste werklike kinderdigter in Afrikaans.

Visser se ritmiese vloei en klankrykheid, sy sin vir humor en ryk verbeelding vorm 'n ideale kombinasie vir geslaagde kinderverse. Hierdie kwaliteite omvat dit wat 'n kind van 'n kindervers verlang. Lydia Pienaar (1978: 136) meen dat Opperman se Kinderkeur uit

A. G. Visser van "die beste voorbeelde van Afrikaanse gedigte is, wat deur kinders geniet (kan) word".

Die kinderverse bestaan uit die volgende:

Ritmiese rympies, waar dit eerder om die klank en ritme as om die betekenis gaan, byvoorbeeld "Raaisel", "'n Dosyn waarhede", "Noag se ark", "Rymritjie", "Op die vingers ken", "Mé", "Trippe Trappe Trone in die droogte";

verse in dialoogvorm waar die inhoud as 't ware gedramatiseer word, soos in "Kierangspeel", "Algemene kennis", "Die wortel van die kwaad";

verse met 'n Bybelse inhoud, wat myns insiens nie baie geslaagd is nie, byvoorbeeld "Adorasie", "Lank gelede in Nazareth";

fantasieverse met 'n dreigende en onheilspellende ondertoon, waarin Visser die verbeelding vrye teuels gee: "Kokkewiet", "Makoemazaan", "Die mensvreter";

die verse met die kind as onderwerp, waarin daar oor die kinderwêreld geskryf word: "Klein woelwater", "Die tweeling", "Die strandlopertjie", "Die duisendpoot", "Liefde met gevoel".

Laastens is daar verse met die kind self aan die woord, met ander woorde vanuit die kinderwêreld: "Predikasie", "Die wilde ruiter", "Sê-nou", "Biesie-biesie-bame", "As dit fluit-fluit gaan", "Is dit dan reg?". Hieronder tel ook 'n groep verse wat wel in die eerste persoon geskryf is en dus voorgee om die kind te wees, maar die grootmensdenke bly steeds hinderlik teenwoordig: "Middagslapie", "Heldelied", "Goue bruilof", "Klein boetie", "Oom lokomotief en tant treinie", "Die bestelling".

Die kwaliteit van die kinderverse wissel van gedig tot gedig. Op enkele uitsonderings na besit hulle 'n kinderlike en speelse eenvoud, wat myns insiens die kind sal bereik en meteen ook genot sal verskaf.

4.1.2.5 Besluit

Aanvanklik is Visser wel hoog aangeslaan, maar dit is moontlik aan sy besondere geaardheid en wye bekendheid te danke (vgl. De Coning 1978: 31). Die tyd het egter 'n ewewigtige oordeel gebring. Wat die ernstige verse betref: "Die skematisme van Visser se vers het die tekortkominge van hierdie soort gedig in die loop van die tyd al duideliker laat blyk" (Van Rensburg 1978, Voorwoord). Hierteen= oor staan: "Met die vernufspel en ratse woordgebruik in sy geestige verse en kindergedigte bring hy wel heelwat wat vandag nog kan bly staan" (Kannemeyer 1978: 254).

Visser is letterkundig geoordeel geen groot figuur nie, maar as volksdigter en skepper van kleinkuns neem hy tog sy plek in in die ontwikkelingsgeskiedenis van ons taal en letterkunde. Hy is en bly die sanger wat onbevange en genotvol sing sonder om diepsinnig te raak; waar die inhoud belangriker as die vorm of tegniek is. Die bereiking van sy medemens geniet voorrang bo die bereiking van poë= tiese skoonheid. Sy gewildheid lê inderdaad in die ontmoeting van die mens Visser en sy toeganklikheid vir alle mense (vgl. Dekker 1958: 112 - 113). So het Visser dan "'n geslag Afrikaanse poësie= liefhebbers help kweek" (Liebenberg 1978: 15).

4.1.3 Prosa

Visser se prosa het sy ontstaan aan die Christelike Jongeliedever= eniging van Carnarvon te danke. Hulle het om die twee weke verga= der, en om die beurt is daar 'n debat gehou en 'n joernaal gelewer. Dit is vir hierdie joernaalaande wat Visser sy prosastukke, onder die skuilnaam Vaaljas, geskrywe het (+ 1907 - 1910). Die doel van die skrywe was dus om mense te vermaak. Hierdie prosastukke is later geselekteer, versorg en in die bundel Joernaalaand versamel en ge= publiseer.

Die inhoud is geestig en moraliserend van aard. In die meeste ge= valle hekel hy die eienaardighede van die mens. Dit is interessant dat Visser, wat toe nog ongetroud was, dikwels oor die liefde skryf

en veral met die vrou spot. Die kenmerke van "woordvirtuositeit, gevatheid, woordvondste, woordspelings, geestigheid en blymoedigheid wat soveel van sy verse geliefd gemaak het, vind ons hier ook in ruime mate" (Van der Walt 1970: 8). Die prosa het as 't ware 'n voorloper vir sy latere geestige verse gevorm. Inderdaad word sekere prosagegewens in die verse teruggevind.

Die verteltrant is spontaan, met 'n vinnig opeenvolging van gedagtes. Die geheel is fragmentaries van aard vanweë die los struktuur, wat slegs deur die onderwerp gebind word. In die literêre sin van die woord is hier nie sprake van struktuur, bou en dieptedimensie nie; dit beweeg op 'n effe vlak voort. Visser se skerpsinnigheid en vindingrykheid maak hom egter 'n "meevoerende improviseerder en 'n hoogs onderhoudende 'joernalis', belese, sjarmant, beskaafd" (Van der Walt 1970: 8).

4.2 DIE SANGER VAN DIE SUIKERBOSRAND

4.2.1 Inleiding

4.2.1.1 Die sleutel tot die teks

Die volledige teks verskyn op die regterkantste bladsy, met die reëltelling in veelvoude van 5 aangedui. Behalwe in die geval van die epigramme is elke afsonderlike werk afsonderlik genummereer. In die teks word die stemverdeling, rolverdeling en frasering aangebring. In die geval van die poësie word onmiddellik na elke reël, ook die toonhoogte, tempo en volume van die vertolking aangedui. In die teks kom die titels van die werke voor, maar dit word nie in die vertolking genoem nie, behalwe in die geval van "Borsbeeldjies". (Die titels van die werke verskyn in die program.)

Die volgende afkortings word in die teks gebruik:

V	Vrou(e)	M	Man(s)
LV	Ligte vrouestemme	MV	Medium vrouestemme
DV	Donker vrouestemme	VG	Vrouegroep
G	Groep, dit wil sê al die vertolkers of die vertolkers wat op		

die bepaalde tydstip op die verhoog is. Dit sal uit die teks duidelik blyk.

Verder word die vertolkers genommer om hulle van mekaar te onderskei, bv. V1, V2, V3; M1, M2 ens. V1-3 is dus drie vrouevertolkers. Met elke nuwe werk word die vertolkers van voor af genommer, behalwe in die geval van die kort epigramme, wat as 'n eenheid aangebied word. V1 van "Skrikkeljaar" is altyd dieselfde vertolker, maar sy is nie noodwendig V1 van "Wit en swart" nie. Dit is egter nie uitgesluit dat dit soms dieselfde vertolker is nie.

In die teks word die volgende fraseringstekens gebruik:

~	Afwagtingspouse
^	Asempouse
	Kort pouse + 1 telling
//	Pouse + 2 tellings
///	Lang pouse + 3 tellings
////	Baie lang pouse + 4 tellings
↗	Stygende infleksie
↘	Dalende infleksie
↪	Enjambement
—	Beklemtoning
[]	Dit dui die gedeeltes wat weggelaat is, aan.

Gewone assimilasies in Afrikaans word deurgaans geëerbiedig en word nie in die teks aangedui nie. Die fraseringstekens kan nie in alle opsigte 'n presiese beeld van die klankaanbod met al die fyn nuanseeringe weergee nie. Die stemming en gees van die werk moet by die interpretasie van die fraseringstekens in gedagte gehou word, veral wat beklemtoning betref. Beklemtoning kan op verskillende wyses gerealiseer word, byvoorbeeld:

deur hoër stemplasing: 'n Mooi, klein noointjie lastig val
("Toe die wêreld nog jonk was": 30);

deur hoër stemplasing en Drie plase is daardeur
sterker volume: ("Anamnesis" : 16);

deur laer stemplasing en
minder volume:

Laat hier ... Die Donker kom
("Terug na die Karoo": 44);

deur sterker intensiteit:

Goddank vir jou
("Die roos" : 8);

deur 'n pouse van afwagting:

Omdat daar liefde woon
("Terug na die Karoo": 12);

deur betekenisvolle gesig=
spel en 'n hoër stemplasing:

So 'n insage in die verborg'ne te gee
("Waar ou Heidelberg hang aan die
Suikerbosrand": 12);

deur sterker volume:

Dreun met die drang, met die durf van
van ons helde
("Nimmer of nou": 19).

In die aanduiding van die toonhoogte, tempo en volume is elkeen in vyf
verskillende moontlikhede verdeel:

<u>Toonhoogte</u>	<u>Tempo</u>	<u>Volume</u>
Hoog	Baie vinnig	Baie hard
Lig	Vinnig	Hard
Medium	Matig	Normaal
Donker	Stadig	Sag
Laag	Baie stadig	Baie sag

Vanweë beperkte ruimte word baie met die afkorting b. aangedui.

Soos by die frasering moet ook hier by die interpretasie van die
vertolking die inhoud en stemming van die bepaalde werk in ag geneem
word. Die matige tempo van "Terug na die Karoo" is byvoorbeeld
stadiger as die matige tempo van "Wit en swart"; die hoë stemtoon
van "Toe die wêreld nog jonk was" is weer hoër as die hoë stemtoon
van "Die wapad is my woning". Hierdie nuanseverskille sal uit
die inhoud blyk.

Die oorgangsmateriaal of brugpassasies word in die teks met die woord

Kommentaar aangedui. Dit is egter selde werklike kommentaar, maar hierdie woord word algemeen vir die verbindingsmateriaal van 'n program gebruik.

Aantekeninge en aanbieding

Die gegewens oor die teks en die aanbieding verskyn op die linkerkantste bladsy teenoor die teks.


Die aantekeninge omvat enige gegewe wat met die teks verband hou, soos biografiese gegewens, die inhoud en vorm van die werk, menings van kritici en moontlike woordverklarings.

Biografiese gegewens is by 'n letterkundige bespreking van 'n werk nie altyd ter sake nie. By die instudering van so 'n werk is dit nodig om sodanige gegewens, indien beskikbaar, aan die vertolkers oor te dra. Veral in die geval van Visser is dit nie alleen interessant nie, maar dit bevorder begripvolle inlewing tydens vertolking deurdat die vertolker iets van die agtergrond verstaan. By die uiteindelijke vertolking moet die werk egter op eie bene staan.

Die aanbieding bevat eerstens 'n kort beskrywing van die algemene aard van die vertolking. Gedetailleerde gegewens oor die vertolking, soos byvoorbeeld 'n sarkastiese intonasie, nasale spraak, ens., word saam met die beweging aangedui.

Tweedens volg die groepering en beweging, indien daar is. Die presiese groepering kan nie in woorde of tekeninge weergegee word nie. Dit moet sodanig wees dat die vertolkers ontspanne en netjies lyk, gemaklik sit, kniel of staan en almal vir die gehoor sigbaar is. Verder moet die geheel 'n esteties bevredigende indruk maak. Wat die bewegings betref, is links en regs soos vir die vertolkers op die verhoog. Tensy anders vermeld begin die vertolkers praat sodra hulle die aangeduide posisie ingeneem het.

Die oppervlak van die verhoog is van voor na agter in vier dele verdeel (A - D) en van links na regs in sewe dele (1 - 7). Die bewegings en groepering word hiervolgens aangedui.



Laastens volg 'n beskrywing van die beligting en klank indien dit gebruik is.

Die lig doof altyd in op die gebied waar die groepering is. Indien dit nie die geval is nie, word dit aangedui.

Tensy anders vermeld is die in-, uit- of kruisdoof van lig gewoonlik teen 'n matige tempo. Die tyd wat van die laaste woord van 'n werk tot die doof van die lig verloop, hang van die atmosfeer en emosie van elke werk af. Gewoonlik duur dit langer na 'n ernstiger werk, soos byvoorbeeld "Die roos" en "Terug na die Karoo", en korter na 'n komiese werk, soos byvoorbeeld "Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand".

Die intensiteit van die lig word soos volg aangedui:

- 1 baie lae intensiteit
- 2
- 3 lae intensiteit
- 4
- 5 middelmatige intensiteit
- 6
- 7
- 8 hoë intensiteit

6, 7 en 8 is min of meer die intensiteit van helder daglig.

Bykomende klank is slegs by die huldigingsgedig gebruik.

4.2.1.2 Die styl van die aanbieding

Daar is gepoog om die program in 'n informele styl aan te bied, veral om by die geestige en spontane aard van Visser se werk te pas. Om dit te bereik is die volgende gedoen:

'n Vinnige tempo is deurlopend gebruik, veral in die wisseling van nommers. Die wisseling is deur die vertolkers flink en vriendelik uitgevoer. Dit was dan ook vir die gehoor sigbaar, soms in helder lig, soms in dowwe lig. Die aaneenskakeling moes die program vinnig en vlot laat verloop.

Die vertolkers moes ontspanne en met besondere genot en vitaliteit optree. Ook die onderlinge kommunikasie tydens groepvertolking, as sou hulle 'n deel van die gehoor uitmaak, was bedoel om 'n informele atmosfeer te skep.

Die prosa is sodanig ingestudeer dat sekere gebare en bewegings tydens die aanbieding spontaan en amper toevallig moes voorkom.

Die spraak moes wel helder en duidelik en die uitspraak korrek wees, maar hiperkorrekte of onnatuurlike spraak is vermy. Die effek op die gehoor was dus dié van duidelike alledaagse spraak.

Die kommentaar is in 'n informele styl geskryf en op 'n geselstrant aangebied. Die pouse, soos vermeld, is ook nie presies op die program aangedui nie maar deur 'n vertolker aangekondig.

Daar is tydens die pouse asook in die aanbieding van sang gebruik gemaak. 'n Verdere informaliteit is verkry deurdat die kitaarspeler saam met die vertolker(s) op die verhoog verskyn het. (Aanvanklik

is meer sang beplan, maar die vertolkers kon dit nie altyd met wel=slae uitvoer nie.)

Die groeperings was nooit baie formeel nie, wel formeler by die ernstiger werk maar nooit streng volgens 'n duidelik omlynde tradisionele vorm nie. Die vertolkers het dikwels op die vloer gesit en op een keer ná, is van geen bankies of stoeltjies gebruik gemaak nie.

Die tradisionele lang rok is met 'n kort rok vervang. Ook het die dames kaalvoet opgetree en die mans sonder dasse - heeltemal byderwets dus.

Daar is van 'n minimum klank gebruik gemaak en die beligting was so eenvoudig moontlik. Daar is byvoorbeeld geen kleurveranderinge en gedetailleerde atmosfeerbeligting gebruik nie.

4.2.2 Teks, aantekeninge en aanbieding

AANTEKENINGE

"Was ek 'n sanger" (Gedigte, p. 12 e.v.)

Visser het hierdie gedig aan Marie gestuur terwyl sy in die Paarl met vakansie was. Die publiek het dit die eerste keer in Mei 1924 in *Die Huisgenoot* te lese gekry.

Die vier strofes toon 'n patroonmatigheid: eers word die skoonheid van die verskillende seisoene besing en telkens na die dubbelpunt die van die geliefde. Hoewel dit nie altyd ewe goed geïntegreer is nie, is daar wel 'n verband te bespeur tussen die 'skoonheidselement' van die natuur en die van die geliefde. In strofe 1 is daar die *lag en lewe* en die *bloue lug* wat in die *glimlag* en *oë blou* terugkeer. In strofe 2 is dit moontlik die *sonsierraad* wat na vore kom in *rose wange* en *inkarnadyn*. (Inkardyn is 'n uit Engels ontleende variant van inkarnaat, en Visser sou hier waarskynlik die Engelse betekenis: "vleis=kleurig, karmosyn, bloedrooi", in die gedagte gehad het.) In strofe 3 is die verband miskien die beste geïntegreer: die *rype skoonheid* vloei voort uit die *najaarsrykdom*, *as al die bome/vol vrugte hang*, en die hoorder word deur die *voëlsang* op die *soete stem* voorberei. In die slotstrofe is daar 'n verinnerliking: die *vuur van binne* word aan die *hart van goud* gelykgestel.

Die gedig begin met die uiterlike skoonheid en trek saam in die kern, naamlik die hart, daar waar die liefde en die onverganklike skoonheid gesetel is. Hierdie lied straal 'n spontane lewensvreugde uit, en met behulp van die kort, ritmiese verse het die gedig 'n speelse verloop.

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking verloop vinnig met 'n ligte en vitale aanslag. Waar die geliefde besing word, is dit intenser maar tog nie somber nie.

Groepering en beweging

Die groep is volgens stemkleur in vier kleiner groepies verdeel: LV, MV, VG en M. Die oorgang of verloop wat van lente tot winter voorkom, word hiermee in die stemkleur gesuggereer.

Die groepering is soos volg:

LV in die middel van A1 en 2 en B1 en 2; twee V sit en twee kniel.

MV in die middel van B2 en 3 en C2 en 3; een V sit, een kniel en twee staan.

DV sentreer rondom D4; al vier V staan.

M in die middel van C5 en 6; al drie M staan.

Die LV en MV is diagonaal na links gerig, met hulle koppe in die rigting van die DV. Die M is op soortgelyke wyse na regs gerig, terwyl die DV met hulle sye na vore staan met dieselfde kykrichting as die ander V.

Sodra die lig indoof, draai LV hulle koppe na die middel van die ouditorium en begin vertolk.

10. Na *dou*: LV draai hulle koppe subtiel diagonaal na regs.

12. Na *blou*: MV draai hulle koppe na die middel van die ouditorium.

20. Na *bruidsgewaad*: MV draai hulle koppe subtiel diagonaal na regs.

24. Na *Inkarnadyn*: DV draai die hele liggaam frontaal.

Beligting

Nadat die huisligte uitgedoof is, gaan die gordyn oop, en die lig doof vinnig tot 'n middelmatige intensiteit (6) op die LV in.

Die intensiteit bly vir hierdie gedig deurgaans dieselfde.

12. Na *blou*: Die lig doof vinnig in op MV.

24. Na *Inkarnadyn*: Die lig doof vinnig in op DV.

WAS EK 'N SANGER

LV	1	Was ek 'n <u>sanger</u> ^	Lig	gemiddeld	normaal
		Sou ek <u>besing</u>)		vinnig	hard
		Die <u>lag</u> en <u>lewe</u>)			
		Wat <u>lente</u> bring; ^			
	5	Die <u>rosewolke</u>)			
		In <u>bloue</u> lug; ^			
		Die <u>goue</u> wonder)		b. vinnig	
		As <u>skaduus</u> vlug; ^			
		Die <u>môreglorie</u>)		vinnig	normaal
	10	Op <u>druppels</u> dou:			
		Jou <u>glimlag</u> , <u>liefste</u> , /	medium	stadig	sag
		En <u>oë</u> <u>blou</u> !	donker		
MV		Was ek 'n <u>sanger</u>)	lig	vinnig	hard
		Sou <u>klink</u> my lied,)			
	15	<u>Vorstinne</u> Somer,)			
		Oor <u>u</u> gebied!)			
		'n <u>Lied</u> van <u>weelde</u> , ^	medium		b. hard
		'n <u>Son-sieraad</u> , ^			
		Van <u>velde</u> en <u>tuine</u>)			
	20	In <u>bruidsgewaad</u> :			
		Jou <u>rose</u> <u>wange</u>)	donker	stadig	sag
		O <u>liefste</u> <u>myn</u> ,			
		Jou <u>sagte</u> <u>lippe</u>)			b. sag
		In <u>karnadyn</u> !			
DV	25	Was ek 'n <u>sanger</u> ,)	medium	gemiddeld	normaal
		Oor <u>berg</u> en <u>dal</u> ^			
		Sing 'k <u>najaarsrykdom</u>)			
		Eer <u>blare</u> <u>val</u> ; ^			
		As <u>al</u> die bome)		vinnig	
	30	Vol <u>vrugte</u> hang, ^			
		Die boord <u>weergalm</u>)	lig		hard
		Van <u>voëlsang</u> , - /			

AANTEKENINGE

"Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand" (Gedigte, p. 87 e.v.)

5. Dit word gesê as die wolke rondom Tafelberg saampak. Volgens 'n Maleise legende was Van Donk 'n seerower wat vroeg in die 18de eeu teen die hange van Duiwelspiek geleef het. Hy was glo baie lief om pyp te rook. Eendag sou 'n vreemdeling by Van Donk kom tabak leen. Dié twee begin toe te wedywer wie die meeste rook kan maak. Van Donk wen die vreemdeling, wat klaarblyklik die duivel was. Hierna het altwee in die rook verdwyn.

6. Kaapse Dokter is die term waaronder die sterk suidoostewind algemeen bekend staan. 'n Baie fyn woordgebruik kom voor as Visser die *Kaapse Dokter* as *Kollega* aanspreek.

Kyk volgende bladsy vir verdere aantekeninge.

AANBIEDING

34. Na *onbeklem*: DV draai hulle koppe subtiel diagonaal na regs.

36. Na *stem*: M draai hulle koppe na die middel van die auditorium.

47. Na *helder*: M draai hulle koppe subtiel diagonaal na regs.

Die draai van die koppe aan die begin van elke strofe bewerkstellig 'n dinamiek en verleen daardeur beklemtoning aan die eerste reël van elke strofe. Die draai van die koppe aan die einde van reëls 10, 20, 34 en 47 suggereer die oorgang van die natuur na die geliefde.

Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand

Vertolking

Die vertolking verloop vitaal, vrolik en vinnig. Direkte kontak word met die gehoor en vertolkers onderling gemaak.

Groepering en beweging

Die groepering is informeel en in geen omlynde vorm nie: die voorste vertolkers sit, die middelstes sit en enkeles staan op die knieë, die agterstes en enkeles aan die kante staan. Die groepering is gesentreer op B1, 2 en 3, C1, 2 en 3 en D1, 2 en 3.

9. Drie V aan die regterkant verlaat die groep en beweeg heupswaaiend na A1 en 2.

10. Op *vroeg* en *laat*: Die drie V kyk veelbetekenend van links na regs.

11. Op *vrind'lik*: Bogenoemde V draai links om terwyl hulle skuins oor die regterskouer in die gehoor kyk.

12. V stap heupswaaiend terug na hulle oorspronklike posisies.

Op *verborg'ne*: Enkele van die ander V knik ondeund vir die gehoor.

Beligting

Was ek 'n sanger - vervolg

36. Na *stem*: Die lig doof vinnig in op M.

Teen die einde van "Was ek 'n sanger" kruisdoof die lig tot 'n helderder intensiteit (8), waartydens die vertolkers van groepering verwissel.

Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand

8. Na *Suikerbosrand*: Lig doof in op A1 en 2.

13-14. Bogenoemde lig doof geleidelik uit.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
	Namiddag-vreugde,^ Vry - onbeklem:	medium	gemiddeld	normaal
35	Jou <u>rype skoonheid</u> Jou <u>soete stem</u> !	donker	stadig b. stadig	sag b. sag
M	Was ek 'n <u>sanger</u> , As <u>winter</u> kom ^ Sou 'k <u>sing</u> van <u>rose</u> 40 In <u>volle</u> blom! ^ Dis nie net <u>lente</u> Wat <u>skoonheid</u> bring: Die <u>aandblom soet</u> is <u>Herrinering</u> !	medium lig medium	gemiddeld vinnig stadig	normaal hard sag
45	Die <u>vuur</u> van <u>binne</u> ^ - Word <u>buite</u> ook <u>koud</u> - Gloei <u>dan</u> eers <u>helder</u> : Jou <u>hart</u> van <u>goud</u> !	 donker medium	 stadig gemiddeld	 sag normaal hard

WAAR OU HEIDELBERG HANG AAN DIE SUIKERBOSRAND

G	1 Daar is net <u>een Kaapstad</u> so <u>pragtig</u> gelee, ^ Daar waar <u>Tafelberg</u> staan met een <u>voet</u> in die <u>see</u> ; ^ Waar <u>skepe</u> soos <u>seevoëls krioel</u> oor die baai ^ En die <u>seebries</u> so <u>fris</u> uit die <u>noordweste</u> waai!	medium lig hoog	matig	normaal sag
5	Maar as ou <u>Van Donk</u> teen die <u>berghange rook</u> ^ En die ou " <u>Kaapse Dokter</u> " op <u>Duiwelskop spook</u> , Dan <u>sê</u> ek: ^ <u>Kollega</u> , 'k gaan <u>weer</u> na my <u>land</u> , Waar ou <u>Heidelberg</u> hang aan die <u>Suikerbosrand</u> .	donker medium	stadig matig vinnig	 normaal hard
VG	Die <u>noointjies</u> lyk <u>liefies</u> in <u>Adderleystraat</u> , 10 En jy <u>sien</u> hul daar <u>drentel</u> van <u>vroeg</u> af tot <u>laat</u> ; Hul 's <u>vrind'lik</u> 'n <u>vreemdeling</u> hier by die see So 'n <u>insage</u> in die <u>verborg'ne</u> te gee! Ek wonder my <u>steeds</u> wat ons <u>Doom'nee</u> sou <u>sê</u> ,	hoog lig donker	 vinnig matig stadig vinnig stadig vinnig	 normaal sag normaal

AANTEKENINGE

Waar ou Heidelberg hang aan die Suikerbosrand - vervolg

Soos reeds genoem het Visser na sy eerste hartaanval na Hermanus vertrek om daar aan te sterk. Tydens hierdie verblyf het hy dié gedig in Februarie 1924 geskryf. Sy heimwee na sy tuisdorp asook na die tot nog toe "La belle dame sans merci" spreek duidelik hieruit. Die gedig is moontlik 'n navolging van Percy French se *Where the mountains of Mourne run down to the sea* (vgl. Langenhoven 1950: 136). Elke strofe verloop haas op dieselfde patroon. Afgesien van dieselfde rymskema word Kaapstad of die Boland teen Heidelberg afgespeel in die verhouding 6:2 in die eerste en laaste strofe en 4:4 in die middelste twee strofes. Die slotreël van elke strofe word 'n refrein dwarsdeur die gedig, en daardeur word die grondtema van die gedig beklemtoon.

Alhoewel gevoelens soos verlange en heimwee ernstig van aard is, word dit hier geestig en ondeund (veral strofe 2) gehanteer. (Vgl. ook die kostelike segging van reëls 27 en 28.)

Kommentaar:

Die slotreëls kom uit: "Om die waarheid te sê": "Die kuns" (Rose van herinnering, p. 101).

AANBIEDING

24. Na *Suikerbosrand*: Die G aan die kant sprei effens uit en enkeles staan agter op, om mense wat rondstaan en kyk, te suggereer. Vertolkers beset nou B2-6, C2-6 en D2-6.
28. G leun effens vooroor om as 't ware die gehoor te oortuig van die uitsonderlike geure.
29. G leun weer terug en elkeen neem 'n eie nadenkende houding in, byvoorbeeld arms gevou, hande op die heupe, hand onder die ken, skuins gedraai, ens.
31. Op *Ag nee wat*: G neem weer 'n normale houding in, terwyl hulle met groot oorgawe die slotreëls sê.

Beligting

24. Na *Suikerbosrand*: Ekstra lig doof in op B1 en 6, C1 en 6 en D1 en 6.
32. Na *Suikerbosrand*: Die lig doof teen 'n matige tempo uit. M verlaat dan die verhoog en V1 beweeg na B6. Dieselfde lig doof in tot 5 en V1 begin met die kommentaar.

		TOON HOOGTE	TEMPO	VOLUME
	As die <u>meisies</u> by <u>ons</u> so <u>min</u> <u>klere</u> moes hê!	<i>donker</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
15	<u>Gelukkig</u> het hul nog 'n <u>bietjie</u> <u>verstand</u> ↪	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
	Waar ou <u>Heidelberg</u> hang aan die <u>Suikerbosrand</u> .		<i>vinnig</i>	
M	Die Boland is <u>lieflik</u> , ^ die Boland is <u>mooi</u> , ^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
	En die <u>beste</u> van <u>al</u> is die <u>Bolandse</u> <u>nooi</u> ! ^			
	Die <u>aankom</u> , ^ die <u>inkom</u> , ^ die <u>wegstap</u> van haar ^	<i>hoog</i>	<i>vinnig</i>	<i>sag</i>
20	Is 'n <u>middel</u> teen <u>seer</u> <u>oë</u> , <u>seker</u> en <u>waar</u> !	<i>lig</i>	<i>stadig/</i> <i>b. stadig</i>	
	As hulle net <u>goed</u> in die <u>Hoëveld</u> aard, ^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
VG	(Vir <u>goud</u> , <u>donderweer</u> en <u>geelperskes</u> <u>vermaard</u>)		<i>vinnig</i>	
M	<u>Graag</u> sou ek 'n <u>Bolandse</u> <u>noointjie</u> <u>verplant</u> ↪	<i>donker</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
	Waar ou <u>Heidelberg</u> hang aan die <u>Suikerbosrand</u> .			
G	25 Ek 't <u>Saterdag</u> op die <u>Parade</u> gestaan ↪	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	En die <u>bont</u> mensemassa daar <u>gade</u> geslaan: ^			
	Van <u>melk</u> tot <u>swart</u> <u>koffie</u> was daar <u>elke</u> <u>kleur</u> , ^	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>sag</i>
	En van <u>knoffel</u> tot <u>suurkool</u> was daar <u>elke</u> <u>geur</u> !	<i>hoog</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>b.sag</i>
	Ek <u>wonder</u> terwyl ek die <u>spul</u> so <u>bekyk</u> , ↪	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
30	Hoe dit <u>hier</u> met Aprilmaand se <u>Nagmaal</u> moet lyk!		<i>matig</i>	
	Ag <u>nee</u> <u>wat</u> , ^ ek gaan weer <u>terug</u> na my <u>land</u>	<i>donker</i>		<i>hard</i>
	Waar ou <u>Heidelberg</u> hang aan die <u>Suikerbosrand</u> .		<i>stadig</i>	

KOMMENTAAR:

V1 Met hierdie eerste twee gedigte het ons Visser geïdentifiseer as die sanger van die Suikerbosrand.

V2 Maar nou wil ons dat Visser moet praat,

V3 of dat die sanger moet sing.

V1 Ja, soos hy self sê:

Julle vind die lied nie mooi nie, vrinde. ^

Julle staan oor my bewond'ring stom. ^

Julle vra: ^ Waar is die lied te vinde? |

Kyk, ^ dis juis waar die kuns in kom. ||

AANTEKENINGE

"n Dosyn waarhede" (Uit ons prille jeug, p. 24)

Hierdie rympie dien as oorgangsmateriaal.

AANBIEDING

Beweging

V1 pouseer na die laaste woorde van die kommentaar, hardloop na haar plek in die volgende groepering (links voor soos vir "Rosa rosarum"), sê die titel en sak af tot op haar knieë. V2-12 beweeg elkeen vinnig op of net voor die eerste woord (*oog, oor, neus* ens.) na hulle posisies in die volgende groepering. Die dames wat in die middel gesit het, kom tot op hulle knieë. Laasgenoemde dames behou hulle posisies, want die groepering is daarvolgens opgestel. Net voor *Hart* sak al die dames tegelyk af; die wat gestaan het, tot op die knieë en dié wat op die knieë gestaan het, gaan sit net. Sodra hulle die laagste punt bereik het, sê almal *Hart*, en op *liefde* leun hulle met die koppe na mekaar toe.

Beligting

Die beligting is soos vir die kommentaar.

- V1 'N DOSYN WAARHEDE
(Vir Ouma moet dit maar 'n bietjie hartlik wees)
- V2 OOG
is waar die lig in kom, ^
- V3 OOR
is waar die by in brom, ^
- V4 NEUS
is waar verkoue raak, ^
- V5 MOND
is waar iets lekker smaak, ^
- V6 HAND
is waar 'n mens dit voel, ^
- V7 VOET
is waar die water spoel, ^
- V8 KNIE
is waar 'n mens op bid, ^
- V9 HURK
is waar 'n mens op sit, ^
- V10 TONG
is waar 'n mens mee lees, ^
- V11 HOOF
is waar die brein moet wees, ^
- V12 WANG
is waar die laggies troon, ||||
- V1-12 HART I
V1-12 is waar die liefde woon. II

AANTEKENINGE

"Rosa rosarum" (Gedigte, p. 5 - 6)

Volgens Kannemeyer lei hierdie gedig die "rooskultus in die Afrikaanse poësie asook in Visser se werk in" (1978: 251). Dit is dan ook inderdaad een van die eerste liefdesliedere wat Visser aan Marie geskryf het. Oor die presiese ontstaan van die gedig is daar verskillende teorieë. Wat egter wel in almal ooreenstem, is die feit dat dit geskryf is tydens 'n besoek aan 'n pasiënt terwyl Visser om een of ander rede moes vertoef (vgl. Nienaber 1950: 15; Langenhoven 1950: 85). Kenmerkend van die gedig is die meevoerende ritme en klankbeweging. Die klankspel word veral verkry deur die opeenstapeling van klankryke woorde - let in dié verband op die alliterasie in strofe 2 en 3. Die pleitende uitnodiging word al dringender tot aan die slot, waar die 'spanning' in die laaste twee reëls opgelos word en die volle betekenis na vore tree.

Rosa rosarum: roos van alle rose; dit dui op die geliefde.

8. *altegaar*: almal, saam.

11. *miosotis*: vergeet-my-nietjie.

17. *arjana*: die son.

18. *lotus*: 'n waterlelie. In die Oosterse godsdiens is dit 'n heilige blom wat met misterie omhul is.

20. *nirvana*: In die Boeddhisme is dit die hoogste toestand van rus.

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking toon 'n geleidelike bou van die begin tot aan die einde. Hierdie bou word gevorm deur 'n geleidelike toename in tempo en volume tot aan die einde van reël 22, en daarna kom in die laaste twee strofes 'n verdere bou voor, ook in tempo en volume maar dan veral in intensiteit. Die slotstrofes staan dus kwalitatief sterker as die voriges en vorm so die klimaks. Daar is gepoog om iets van die *blommegefluister* te suggereer deur die gedig in die eerste plek nie deur 'n man nie maar deur dames te laat vertolk. Verder was die aanslag van die dames meer liries van aard, veral aanvanklik, met besondere aandag aan die ritmiese vloei en die klank van die vokale.

Groepering

Tydens die kruisdoof verskuif die dames na die korrekte sitposisie wat vir die groepering nodig is: die voorste dames sit plat op die vloer, die dames meer na agter sit met die bene onder hulle ingetrek, en die agterste dames sit met hulle voete opgetrek onder hulle. Die kykrigting is na links in die hoek van die teater. Die dames groepeer op C3, 4 en 5 en D3, 4 en 5 met D4 as middelpunt.

Beligting

Aan die einde van "n Dosyn waarhede" is daar 'n stadige kruisdoof na 'n lae intensiteit (3). Hierdie intensiteit groei geleidelik tot 'n middelmatige intensiteit (6) aan die begin van reël 20. Die intensiteit neem weer van reël 26 tot 31 toe tot 'n hoë intensiteit (9). Die intensiteitstoerame hou nie verband met die verloop van *nag* na *songloed* of van *aand* na *môre* nie maar vorm 'n parallel met die inhoudelike bou van die gedig.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
ROSA	ROSARUM			
VG 1	<u>Kom</u> na my tuin waar die <u>donkerrooi rose</u> $\wedge$ <u>Duist're</u> geheime <u>vertrou</u> aan die <u>nag</u> ; $\wedge$ <u>Sonne</u> straal- <u>kusse</u> en <u>suidewind-kose</u> . <u>Drome</u> en <u>liefde</u> die <u>lang</u> somer <u>dag</u> .	<i>Donker</i> <i>medium</i> <i>donker</i>	<i>gemiddeld</i> <i>vinnig</i> <i>stadig</i>	<i>normaal</i> <i>sag</i>
5	<u>Kom</u> in die <u>soel</u> somer <u>aande</u> en <u>luister</u> $\wedge$ - Wanneer die <u>nagwind</u> hul <u>drome</u> <u>verklaar</u> - Na die veelvuldige <u>blommegefluister</u> , <u>Bloesem</u> en <u>bloeisel</u> en <u>blad</u> altegaar!	<i>medium</i> <i>donker</i>	<i>vinnig</i> <i>matig</i> <i>stadig</i>	<i>normaal</i>
10	<u>Kom</u> waar die <u>lilie</u> $\wedge$ die <u>blanke</u> , die <u>reine</u> $\wedge$ <u>lig</u> <u>Skugter</u> haar <u>bloesem</u> ontbloot aan die <u>maan</u> , <u>Blou</u> miosotis $\wedge$ die <u>slanke</u> , die <u>kleine</u> - Met haar <u>vergeet-my-nie-ogies</u> <u>betraan</u> .	 <i>medium</i>	<i>matig</i> <i>stadig</i> <i>matig</i> <i>stadig</i>	<i>normaal</i> <i>sag</i> <i>normaal</i> <i>sag</i>
15	<u>Kom</u> as die <u>maanblom</u> $\wedge$ wit <u>sy</u> en <u>satyne</u> $\wedge$ As 'n <u>vorstinne</u> verskyn in haar <u>prag</u> $\wedge$ <u>Onder</u> die <u>wierook</u> van <u>roos</u> en <u>jasmyne</u> - <u>Skoonste</u> juweel op die <u>bors</u> van die <u>nag</u> !	 <i>lig</i> <i>medium</i>	 <i>vinnig</i> <i>matig</i>	 <i>normaal</i>
20	<u>Daar</u> in die <u>vywer</u> , <u>bestraal</u> deur <u>Arjana</u> , $\curvearrowright$ <u>Open</u> die <u>lotus</u> haar <u>heilige kelk</u> , $\wedge$ <u>Dan</u> eers* bereik sy die <u>hoogste</u> $\wedge$ <u>Nirvana</u> - As sy in <u>glorie</u> van <u>songloed</u> <u>verwelk</u> .	 <i>lig</i> <i>medium</i>	 <i>vinnig</i> <i>matig</i>	 <i>hard</i> <i>b.hard</i> <i>hard</i>
	<u>Bok-bokmakeries</u> sing <u>bly twee-gesange</u> , $\curvearrowright$ Wanneer die <u>oggend</u> <u>ontwaak</u> in my <u>tuin</u> ; <u>Saans</u> koer die <u>tortel</u> sy <u>lied</u> van <u>verlange</u> <u>Bo-uit</u> die <u>troost'lose</u> <u>treurwilg</u> se <u>kruin</u> .	<i>hoog</i> <i>donker</i> <i>laag</i>	<i>b.vinnig</i> <i>stadig</i>	 <i>sag</i>
25	<u>Kom</u> in die aand en <u>geniet</u> van haar <u>geure</u> : $\wedge$ <u>Foelie</u> , <u>jasmyn</u> , <u>angelier</u> , <u>minjonet</u> ; <u>Kom</u> in die môre en <u>kies</u> van haar <u>kleure</u> : $\wedge$ <u>Roof</u> , wit en <u>goud</u> , <u>groen</u> en <u>blou</u> , <u>violet</u> !	<i>donker</i> <i>medium</i>	 <i>matig</i>	 <i>normaal</i>

AANTEKENINGE

"Princesse lointaine" (prinses van verre) (Gedigte, p. 8-9)

Hierdie gedig het, soos die vorige, ook betrekking op Marie en is blykbaar ook tydens 'n besoek aan 'n pasiënt geskryf (vgl. Langenhoven 1950: 86; Pienaar 1931: 511). Die datum 24 Mei 1924 het op die oorspronklike manuskrip verskyn. Die verlange na die geliefde word uitgedruk in terme van elemente wat intiem en onaf-skeibaar bymekaar hoort, soos die roos en sy geur; die lied en sy woorde; die kranse en die son wat daarop skyn. In aansluiting hierby sluit elke strofe ook tot 'n hegte eenheid as gevolg van die herhaling van die eerste twee reëls en die omarmende rym. In die slotstrofe kom die harde werklikheid na vore: sy is en bly ten slotte die adellike prinses van verre en hy die gewone troebadoer wat slegs in liedere aan sy liefde kan uiting gee. In die eerste drie strofes is daar 'n duidelike progressie van die liefdesverlange van die troebadoer, want dit wat eers 'n beswyming was, gaan tot verheerliking oor en word 'n intense gloed. Die sangerige kwaliteit en retoriese woordgebruik wat Visser se verse kenmerk, pas hier goed by die "Middeleeuse" minnelied van die troebadoer.

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking neem in volume en intensiteit toe tot voor die slotstrofe. Dié word stadig en in 'n lae stemtoon vertolk. In die agtergrond, maar tog goed hoorbaar, word in 'n mineur toonaard op 'n kitaar getokkel, dit wil sê geen bepaalde melodie nie. Die volume van die kitaarmusiek volg die bou van die vertolking soos bo uiteengesit. Hiermee word 'n suggestie van 'n singende troebadoer gegee.

Groepering

Die dames bly op die verhoog in dieselfde groepering soos vir "Rosa rosarum". In die kruisdoof beweeg M1 op na V2. Sodra die lig die vereiste intensiteit bereik het, begin hy vertolk.

Beligting

Aan die einde van "Rosa rosarum" vind 'n trae kruisdoof plaas na 'n middelmatige intensiteit (5). Met 'n trae kruisdoof word bedoel dat die vorige lig eers feit-lik uitgedoof word voor die volgende lig indoof. Dit is dus nie dieselfde as 'n stadige kruisdoof nie: dit is wanneer beide ligte stadig maar gelyktydig in- en uitgedoof word.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

30 Kom as dit skitter van dou-diamante, | *lig* *vinnig* *hard*
Rosa Rosarum, in my Paradys, |
 Dat ek my blomme, my bome, my plante, |
Roos van my hart, hulle weerga kan wys! ||| *lig/* *matig* *b.hard*
medium

PRINCESSE LOINTAINE

(Prinses van verre)

M1 1 Was jy 'n rosebloesem,
 En ek die roos se geur, ^
 Hoe heerlik deur die lewe,
 Steeds rondom jou te swewe, ^ *medium* *gemiddeld* *normaal*
 5 Beswymend aan jou boesem, ^ *lig* *vinnig*
Betower deur jou kleur. || *medium* *gemiddeld* *donker*
 Was jy 'n rosebloesem ^ *donker*
 En ek die roos se geur. |||
 Was jy 'n lied se woorde, ^ *lig* *vinnig* *normaal*
 10 En ek die melodie. ^
 Hoe sou die dag verheerlik,
 Jou skoonheid so begeerlik. |
 Die nag tril van akkoorde,
 En soetste harmonie. ||
 15 Was jy 'n lied se woorde, ^ *medium* *matig*
 En ek die melodie. ||
 Was jy die hoogste kranse,
 En ek die sonnegloed, | *vinnig* *hard*
 Jou wange sou dan verwe ^
 20 En op jou lippe sterwe,
 My eerste môreglanse,
 En laaste awend-groet; ||
 Was jy die hoogste kranse, ^ *matig* *b.hard*
 En ek die sonnegloed. ||||

AANTEKENINGE

"Eheu fugaces" (Gedigte, p. 39 e.v.)

Hierdie 'skertsende bakatel' (Louw 1950: 286), veral die eerste vier strofes, moet volgens Visser nie biografies gesien word nie. In strofe 5 is daar sprake van 'n wonderroos, wat wel as 'n huldiging aan Visser se eerste vrou gesien kan word. Dit is 'n herinneringsgedig wat die jeug met sy verganklike minnespel besing en dan die onverganklike liefde hierteenoor stel. Hierdie gedig word "vindingryk gekomponeer op meisienames uit verskillende lande" (Grové 1978: 10). Dit bewys weereens die patroonmatigheid van Visser se poësie. Hierdie gedig was moontlik die aanleiding tot P. Blum se "Ballade van getroude bemindes".

Eheu fugaces: Dit kom uit 'n ode van Horatius: "Eheu fugaces postume, postume, labuntur annil" - Helaas, Postumus, hoe vinnig vlieg die jare heen!

Si jeunesse savait: As die jeug maar sy jeugdigheid kon behou,

Si vitesse avait: saam met sy verwerf van wysheid.

1. *Anita lief* : Spaans.
9. *Cherie Yvonne*: lief/lieftallige Yvonne; Frans.
10. *toujours l'amour*: altyd die liefde.
17. *Mooi Gretchen*: Duits.
19. *Neckar* : "analoog van ons kloof - only more so, if possible" (Langenhoven 1950: 130).

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking van die eerste vier strofes geskied in 'n speelse, mymerende trant, terwyl die twee slotstrofes met erns en 'n sterk intensiteit vertolk word.

Groepering

M1 op C6, bo-op gelykvlak.

M2 op C5.

M3 op D7.

M1 - 3 kyk diagonaal na regs in die gehoor.

Die VG behou die groepering van "Rosa rosarum".

Beligting

Die lig doof stadig tot 'n baie lae intensiteit. In hierdie lig beweeg M1-3 na hulle onderskeie plekke, en daarna vind 'n kruisdoof plaas na M1. Die lig is 'n omlynde kol wat net die kop en skouers belig en van 'n lae intensiteit (3). Soortgelyke beligting word ook vir M2 en M3 gebruik. Die doel van die dowwe kollig op die gesig, wat van die een na die ander kruisdoof, is om 'n suggestie van herinneringsflitse te skep.

8. Na *vergeet*: Die lig kruisdoof na M2.

16. Na *Yvonne*: Die lig kruisdoof na M3.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

25	Maar jy 's <u>Prinses</u> van <u>Verre</u> //	<i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>sag</i>
	En <u>ek</u> /... 'n <u>troebadoer</u> ; //			
	Al <u>gloe</u> i ook my <u>gesange</u> ↘	<i>medium</i>	<i>matig</i>	
	Van <u>liefde</u> en <u>verlange</u> , /			
	- Die <u>vuurvlieg</u> vir die <u>sterre</u> - ^			
30	Wat my ten <u>heme</u> l <u>voer</u> ; ///			
	Jy <u>bly</u> <u>Prinses</u> van <u>Verre</u> //	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.sag</i>
	En <u>ek</u> //... 'n <u>troebadoer</u> . ///			

EHEU FUGACES

Si jeunesse savait.
Si vitesse avait.

M1	1	<u>Onthou</u> jy nog, <u>Anita</u> lief, ↘	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		Die <u>aand</u> daar by die <u>strand</u> , ^			
		My <u>hart</u> vir jou 'n <u>ope</u> brief, ^			
		Jou <u>handjie</u> in my <u>hand</u> ? /	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>sag</i>
	5	Die <u>maanlig</u> het die <u>see</u> <u>gesoen</u> , ^			
		Die <u>see</u> ~... die <u>strand</u> , nog <u>heet</u> - //	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		En <u>ons</u> , ^... wat kon ons <u>anders</u> doen? /	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		Kan ons dit <u>ooit</u> <u>vergeet</u> ? //	<i>laag</i>		<i>b.sag</i>
M2		<u>Cherie</u> <u>Yvonne</u> , ~ het jy <u>vergeet</u> ↘	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
	10	Die <u>les</u> in <u>Afrikaans</u> ? /			
		Die <u>beste</u> taal het ons geweet, ↘			
		Die <u>tyd</u> in ou la <u>France</u> . /			
		En aan my <u>heme</u> l <u>onbewolk</u> ↘	<i>medium</i>	<i>matig</i>	
		Was <u>jy</u> die <u>goue</u> <u>son</u> ; //			
	15	" <u>Toujours</u> l' <u>Amour</u> " was <u>onse</u> tolk; //	<i>donker</i>		<i>normaal</i>
		<u>Onthou</u> jy nog <u>Yvonne</u> ? //	<i>laag</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
M3		<u>Mooi</u> <u>Gretchen</u> , ^ kan jy nog <u>onthou</u> ↘	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		Ons tyd van <u>soete</u> <u>min</u> ? /			
		Die <u>Neckar</u> met sy <u>waters</u> <u>blou</u> ^			
	20	Jou <u>ogies</u> <u>blou</u> daarin? /	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>sag</i>
		Die <u>donkergroene</u> <u>dennewoud</u> ↘	<i>donker</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>

AANTEKENINGE

25. *bonnie Jean* : lieflike/aanvallige/vroulike Jean; Skots.
27. *loch* : 'n Skotse meer of 'n smal see-inham, ook see-arm genoem.
45. *Eheu fugaces anni* : Helaas, vervloë jare.
46. *amarant* : 'n Sierplant met 'n perskleurige blom, veronderstel om onverwelk-
lik te wees (Langenhoven 1950: 131).

AANBIEDING

Beligting

24. Na *kom*: Die lig kruisdoof na M1.
32. Na *vergeet*: Die lig doof in op M2 en 3 tot die vorige intensiteit. Ter=
selfdertyd doof die lig op die V in tot sigbaar vir die gehoor.
33 - 36. Die lig van beide V en M1-3 doof tot 'n middelmatige intensiteit (5).
48. Na *bloei*: Alle lig doof teen 'n stadige tempo uit.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
	Was <u>liefdes-heiligdom</u> -	medium	matig	normaal
	Alt <u>Heidelberg</u> ,^die <u>jeug</u> van <u>goud</u> ,	lig		hard
	En <u>jy</u> ^ sal <u>nooit</u> weer <u>kom</u> !	medium	stadig	sag
M1 25	En, <u>bonnie Jean</u> , <u>onthou</u> jy nog ↗ Die <u>eiland</u> van die <u>Swaan</u> ?	lig	vinnig	normaal
	<u>Ben Lomond</u> en die <u>donker loch</u> ↗ By <u>heldere somermaan</u> ?	medium		
30	Aan <u>rosebanke</u> trek ons twee (Was dit 'n <u>droom</u> - <u>wie weet</u> ?)	lig	matig stadig	sag
	<u>Wit swane</u> oor die <u>lewenssee</u> - Kan ek dit <u>ooit vergeet</u> ?	medium	vinnig	normaal
G	Maar <u>eenmaal</u> in die <u>lewe</u> kom ↗ Die <u>liefde weergaloos</u> ;	donker	stadig	sag
35	En <u>eenmaal</u> in die <u>gaarde blom</u> ↗ <u>Volmaak</u> ~'n <u>wonderroos</u> .	medium	matig	normaal
	<u>Verwelk</u> , <u>helaas</u> , my <u>tuin</u> se <u>prag</u> - ^ <u>Weg</u> met die <u>donker stroom</u> -	laag	b.stadig	sag
40	Die <u>wind</u> deurwaai my <u>hof</u> by <u>nag</u> En <u>vind</u> my met my <u>droom</u> .	lig donker	stadig b.stadig	b.sag
	0 <u>lippe</u> wat nog <u>lag</u> en <u>lonk</u> ! ^ 0 <u>harte</u> wat nog <u>klop</u> !	medium lig	matig vinnig	normaal hard
	<u>Steeds</u> doem <u>gestaltes ewig-jonk</u> ↗ Uit die <u>verlede</u> op.	medium	matig	
45	" <u>Eheu fugaces anni</u> "^... <u>sing</u> ↗ <u>Gedagtes</u> wat nou <u>skroei</u> ;	donker	b.stadig	b.sag sag
	Op <u>velde</u> van <u>herinnering</u> <u>Pers amarante bloei</u> !	medium	matig	normaal hard

AANTEKENINGE

"Die roos" (Rose van herinnering, p. 11)

Hierdie baie bekende gedig het betrekking op die kort huweliksgeluk van Visser en sy eerste vrou, Lettie. "Die roos" tref deur die woordekonomie en die hantering van tyd, naamlik die teenoormekaarstel van dit wat aanhou en dit wat ophou: *duur* en *uur*, *liefdestyd* en *ewigheid*, *kort* en *lank*. Saam met die woordekonomie maak Visser dan ook meestal van kortlettergrepige woorde gebruik. N. P. van Wyk Louw (1972: 115) meen dat Visser vir sulke bedroefde omstandighede nie die "taal van die hart" praat nie, maar dit is "die redeneering van iemand wat oor die smart in algemeen bekende beelde en rustige metrum-tikkende stemming 'n versie maak". D. J. Opperman (1974: 13-14) stem in 'n groot mate met Louw saam maar beweer dat hy 'n verkeerde maatstaf gebruik, naamlik om te sê: "as iemand verskriklik bedroefd, na die dood van 'n geliefde, sou sê..." Op dié wyse kan baie goeie gedigte vernietig word, aldus Opperman.

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking verloop eenvoudig en opreg, met 'n intensiteitstoename aan die einde van strofe 1 en 'n sterker toename aan die einde van strofe 2.

Groepering en beweging

Tydens die verdonkering groepeer M1-3 op C6, M1 en 2 op die skuins vlak en M3 net agter M1 en 2 op die gelykvlak. M1-3 kyk diagonaal na regs. Die dames behou hulle vorige posisie maar verplaas die gewig na die regterheup en leun op die regterhand, wat diagonaal na vore geplaas is. Die dames laat die kop effens hang.

3-4. Die dames lig hulle koppe tot die normale hoogte.

6. Na *rou*: Die dames lig hulle koppe effens hoër.

7. Na *ewigheid*: Die dames draai hulle koppe na M1-3 toe, en M1-3 draai hulle koppe na die dames toe. Die kyk vir mekaar teen die einde suggereer die digter wat die woorde tot sy geliefde rig, asook meer universeel, na aanleiding van sy grafskrif: "Goddank vir jou", die groep wat hulle dank teenoor die digter uitspreek.

Beligting

Na die groepering doof die lig baie stadig in op beide V en M1-3 tot 'n lae intensiteit (4).

7-8. Die lig doof in tot 'n middelmatige intensiteit (6).

8. Na *jou*: Die lig doof stadig uit. Hierdie verdonkering dien as oorgang van die ernstige na die geestige en duur tussen 8 en 12 sekondes.

Kommentaar

Tydens die verdonkering na "Die roos" staan die dames flink op. Dan doof die lig vinnig in, op die volle verhoog, tot 'n hoë intensiteit (9). Die vertolkers wat by "Die liefde" betrokke is, beweeg na hulle onderskeie posisies, en die res beweeg flink en vriendelik, aan die kant die naaste aan elkeen, af. V1 van "Die liefde" lewer die kommentaar vitaal en speels, dit wil sê in 'n totaal ander aanslag as die voorafgaande. V1 gaan sit sodra sy klaar is, en M1 begin onmiddellik.

Kyk volgende bladsy vir die aanbieding van "Die liefde".

DIE ROOS

G	1	Te <u>kort</u> jou <u>skoonheids</u> duur,^	<i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.sag</i>
		<u>Roos</u> van my <u>hof</u> ;	<i>laag</i>		
		Vir jou vol <u>maakte</u> <u>uur</u> ^	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		Die <u>Gewer</u> <u>lof</u> !	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
5		Te <u>kort</u> ons <u>liefdestyd</u> :	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		Te <u>lank</u> die <u>rou</u> .	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	
		<u>Tog</u> ^ tot in <u>Ewigheid</u>	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		<u>Goddank</u> vir <u>jou</u> !	<i>laag</i>		<i>hard</i>

KOMMENTAAR:

V1 Nog steeds die liefde, dames en here, maar nou skertsend en geestig.

DIE LIEFDE

M1	1	My liewe neefs en niggies,^die saak waarby ek <u>vanaand</u> julle aandag wil bepaal, is die aloue,^altyd <u>nuwe</u> onderwerp: ^ Die <u>Liefde</u> .			
5		Toe ek nog 'n " <u>baby</u> " was, het my suster my aan my wang gebyt dat ek <u>geskree</u> het dat jy my <u>waar-waar</u> kon hoor. ^ Toe my ma wou weet <u>waarom</u> sy dit gedoen het, sê sy: ^ " <u>Ma</u> , dit was maar net uit <u>liefde</u> ." Dus het ek al <u>klein-klein</u> <u>gely</u> onder die liefde.			
10		Later het my ma my <u>menige</u> pak slae gegee - uit <u>pure</u> liefde - ^ en my pa het my dikwels <u>goed</u> <u>gekasty</u> - ^ uit <u>louter</u> liefde - en toe ek op <u>skool</u> was, moes ek ook maar <u>dikwels</u> onder die <u>lat</u> deurloop^ waarskynlik <u>ook</u> uit <u>liefde</u> . Die liefde is dus maar 'n <u>pynlike</u> <u>saak</u> !			

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking verloop vitaal, teen 'n vinnige tempo, snelle invalle en met intense genot. Die vertolkers kommunikeer met beide gehoor en medevertolkers.

Groepering en beweging

- M1 staan op D2.
V1 sit op B1.
V2 sit op B5.
V3 sit op die gelykvlak van C7 met haar voete op die skuins vlak.
V4 sit op C4.
V5 sit op die gelykvlak van C2 met haar voete op die skuins vlak.
V6 sit op D5.
3. Op *Liefde* : M1 vat sy hande voor sy bors saam.
4. *Toe ... was* : M1 laat sak sy hande en beweeg na C3.
6-7. *Ma ... liefde* : M1 draai skuins na links en sê dit naïef.
Na *liefde* : M1 draai weer na vore.
9. *Later ... gegee*: M1 beweeg na B4.
10. Op *louter liefde*: M1 vat sy hande voor sy bors saam.
11 - 12. *en toe ... deurloop*: M1 laat sak sy hande en beweeg na C6, tot regs van V3. Op *liefde* trek M1 sy skouers op.
13. Na *saak*: V1 staan op.
15 - 16. Op *Noordpool* en *Ewenaar*: V1 maak onderskeidelik 'n gebaar na links en na regs.
17. Op *iemand*: V1 wys na die gehoor.
20. V2 kom tot op haar knieë. Na *sonneblom* strek sy haar hande na bo.
21. *oppervlakte ... kleur*: V2 laat sak haar hande en gaan sit soos tevore.
22 - 24. V3 hys haar as 't ware op teen M1 om die suggestie van 'n rankplant te gee. Hierna slaan sy haar arms om sy nek.
26. *net so ... te raak*: M1 maak hom los uit V3 se omhelsing en gee 'n tree na sy regterkant toe.
29. *Die ... wingerdstok*: V1 beweeg na A1 toe.
30. Op *top*: V1 maak met haar vingers 'n gebaar as sou sy 'n tak snoei.
31. *Die ... is 'n*: Terwyl V3 hierdie woorde gemaak ernstig en in 'n diep stem sê, beweeg sy statig en stadig agter om V4 na C3.
Op *ystervarkie* sak sy af tot op haar hurke en sê dit in haar normale toon=hoogte.
32 - 33. *saans ... pla*: V3 beweeg hurkend twee treë vorentoe na C3.
35. *Die ... kameelperd*: V5 staan op en gee 'n tree tot op gelykvlak. Op *hoë* strek sy haar so lank moontlik met die ken in die lug.
36 - 37. Op elk van die woorde *sewe*, *voet*, *brand* en *keelseer* sak sy met 'n staccato-beweging na 'n sittende posisie.
38. *As ... vra*: M1 beweeg na C5 en kyk benoud na V4.
40. *en sê sy reg-reg*: M1 beweeg taamlik skrikkerig na C4.
41. Op *nee*: V4 staan op en draai haar rug na M1.
42. Op *stukkend*: M1 maak 'n gebaar na die vloer toe.

Beligting

Die beligting soos vir die kommentaar bly deurgaans dieselfde vir "Die liefde".

- V1 15 Die liefde, aandagtige toehoorders, is tot geen landstreek of klimaat beperk nie.Λ Hy verwarm die Noordpoo en verkoel die Ewenaar.Λ Ons het hom alma in mindere of meerdere graad.Λ Soms het iemand dit onder lede, nes die masels, en hy weet nooit dat hy dit het nie voordat die uitslag dit uitbring. |
- V2 20 Die liefde is 'n sonneblom -Λ hy groei beste as die son skyn en op die oppervlakte is hy gewoonlik van 'n jaloerse kleur.Λ
- V3 Die liefde is 'n klimop Λ hy loop met meer draaitjies as 'n wiel wat slinger, maar hy gaan met dit al reguit na sy doelwit toe. |
- M1 25 Die liefde is 'n hanslammetjie -Λsoms maar moeilik om eers mak te maak,Λen naderhand net so moeilik om van ontslae te raak.Λ
- V4 Die liefde is 'n kanniedood Λ jy mag hom jare lank ophang en vergeet,Λ maar as jy weer kyk,Λ is daar 'n blommetjie aan. |
- V1 30 Die liefde is 'n wingerdstok Λ as jy wil hê dat hy moet vrug dra, moet jy sy lootjies nou en dan,Λtop.Λ
- V3 Die liefde, geliefde broeders en susters, is 'n ystervarkie .Λ 'n Skaam, skelm, skadelike diertjie wat liefs saans uitkom en in die tuin pla,Λ maar hy het meer pennetjies wat jou kan seer maak as jy jou kan verbee.Λ
- V5 35 Die liefde is 'n kameelperd.Λ Hy kan hoë dinge bereik,Λ maar doen hy 'n verkoue op, dan is daar ten minste sewe voet van brand en keelseer. |
- M1 40 Die liefde is 'n skuifmeel.Λ As jy die mooi vra, sit jou hart in jou keel.Λ As dit lyk asof sy wil "nee" sê, sak hy na jou voete,Λen as sy reg-reg
- V4 "née"
- M1 sê, dan lê hy stukkend op die grond,Λen sê sy

AANBIEDING

43. V1 slaan haar arms om M1 se nek, en saam maak hulle 'n draai van 360° - stralend van geluk.
- 45 - 47. V4 beweeg al wiegende en trippelende, asof in vervoering, met 'n draai= beweging oor C3, B3-5 en C5 tot by D6.
48. Asof vererg pluk V6 V4 aan haar rok, vloer toe.
52. Na *klaarkom nie*: V5 beweeg na B3.
- 55 - 56. *dit is ... as*: Terwyl V5 na M1 kyk, beweeg sy na D3 en maak op *glad draai* 'n volle draai van 360°.
56. Na *as*: V4 staan op.
57. Na *damesteweltjies*: V3 staan op.
58. Na *reënboog*: V6 staan op.
60. Na *kwiksilwer*: V2 staan op.
61. Na *duiwe*: V1 beweeg flink na B2.
- 57 - 64. Die vertolking neem toe in tempo, volume en intensiteit.
65. *Daar ... toehoorders*: M1 beweeg na B4.
- 65 - 67. V1 - 6 beweeg nader na M1, sodat hulle 'n halfmaan agter om hom vorm.
67. M1 tel die verskillende liefdes op sy vingers af.

- V4 "ja",
- M1 dan straat hy uit heel jou wese uit. ||
- V4 45 Die liefde leef van maanskyn en musiek, van bloeisels en blosies,^Λ van suggies en soentjies, van traantjies en glimlaggies,^Λ van blou ogies en rooi lippies.^Λ
- V6 Daar is geen siekte wat 'n mens só gou só bleek en versuf soos 'n nat vadoek maak nie as 'n hewige aanval van dieselfde liefde.)
- M1 50 Die liefde het meer hartkwale veroorsaak as die sinkingskoors^Λ en meer trane as daar druppels in 'n bui reën is,^Λ en tog kan ons sonder haar nie klaarkom nie. |
- V5 [Sy]^{Dit} is die veer wat die ratjies van die wêreldhorlosie laat draai.^Λ
[Sy]^{Dit} is die dryfveer van die helfte van wat góéd en skóón en wáár
55 is in ons daaglikse lewe en strewe^{Dit}^Λ [sy] is die olie wat die aarde laat glad draai om sy as. |
- V4 Die liefde het meer groottes en nommers as damesteweltjies,
- V3 meer kleure as die reënboog,
- V6 meer veranderlikheid as 'n verkleurmannetjie,
- V5 60 meer ongeduld as kwiksilwer,
- V2 meer wysheid as die duiwe,
- V1 meer lis as die slange -
- M1 en ofskoon meer onskadelikheid as stysel,^Λ
- V1-6 tog ook meer ontploffbaarheid as dinamiet! ||
- M1 65 Daar is baie soorte van liefde, geagte toehoorders. | Daar is die ou liefde wat nie roes nie^Λ... en die nuwe liefde wat miskien kan roes. | Daar is die eerste, tweede, derde en vierde liefde^Λ

AANTEKENINGE

"Sannie" (Gedigte, p. 102 - 103)

AANBIEDING

- 68 - 70. Op *jou suster, jou taal en jou vrou* wend M1 hom na die gehoor aan sy regterkant, en op *ander se suster en ander man se taal* wend hy hom na die aan sy linkerkant. Soos M1 hom regs en links wend, so wieg V1-6, net ietwat grootser, van regs na links.
71. V1-6 besef wat M1 gaan sê en val hom vinnig en hard in die rede, terwyl hulle 'n sirkel om M1 vorm. Hierna stoot hulle M1 regs van die verhoog af.
V3 bly agter vir "Sannie".

Sannie

Vertolking

V3 sing "Sannie" met kitaarbegeleiding op die melodie van "Marietjie, Maraia, Maryne", wat weer afkomstig is van die melodie van "Die Lore am Tore" (FAK 1968: 230 - 231). Die geheel verloop ietwat naïef, lig en vinnig.

Beweging

Sodra die ander dames van "Die liefde" van die verhoog af is, kom die kitaar-speler op na C7 en begin speel. Na twee mate inleiding begin V3 sing.

1. Daar ... *flink*: V3 beweeg flink na B6.

Beligting

Sodra die groep die verhoog verlaat, doof die ligte regs uit, en slegs die lig op B5-7, C5-7 en D5-7 bly aan. Die intensiteit neem tegelykertyd af (6).

70 liefde vir jou suster en liefde vir 'n ander se suster;Λ
 liefde vir jou taal en liefde vir 'n ander man se taal;Λ liefde
 vir jou vrou en liefde ...

V1-6 vir perperment en amandelbanket. ||| [En dan bly daar nog die liefde
 van die moeder. Die ou vader mag sy seun onder die kerie kry
 en in die wapad steek, broers en susters mag vyande word, mans
 mag van hulle vrouens wegloop en vrouens mag hul mans mishandel,
 75 maar die liefde van die moeder duur altyd voort - deur dik en
 dun, armoed en rykdom, eer en oneer. Al veroordeel die hele
 wêreld 'n mens, die moeder staan altyd aan sy kant.

80 Sy dink aan hom toe hy nog klein was, hoe sy nagte by hom gewaak
 het toe hy byna dood was, hoe prettig hy was toe hy eers begin
 te loop en te praat het, hoe sy gehuil het toe hy sy eerste pak
 slae moes kry. Sy onthou sy vrolike kinderlag, die kuiltjies
 op sy onskuldige wangetjies, hoe mooi hy "rust mijn Ziel" kon opsê
 op sy vierde verjaardag, hoe sy hom vir predikant wou laat leer,
 en nooit, nooit, nooit sal iemand haar só ver kry om te glo dat
 85 haar kind nie haar liefde en trane werd is nie.

Die kollekte wat nou gehou sal word, sal gaan vir die hulpbehoewende skrywer en sy gesin, en wat oorbly, tot stywing van die fondse van die Hoog-Hollandse taalstilstand, ekskuus Taalbeweging.]

TEMPO VOLUME

SANNIE

V3	1	Daar was in my oë geen jonkman so flink, So gaaf en so prettig as Jannie. "Vir hom sal ek wag," het ek heimlik gedink, "Al kry ek ook anders geen man nie!"	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
----	---	--	---------------	----------------

AANTEKENINGE

1. "Wein, Weib und ... Kopfschmerzen" ("Hekelpuntjies" uit Gedigte, p. 117)

AANBIEDING

5. *Maar ... du Toit*: V3 beweeg moedeloos na C5.
Na *du Toit*: V3 draai na die gehoor toe.
7. V3 vat haar hande agter die rug saam.
8. V3 wieg heen en weer. Aan die einde van die reël beweeg sy stadig na C6 toe, staan 'n oomblik stil en begin sing.
11. Op *prag*: V3 vat haar hande voor haar bors saam.
12. Op *Beeld*: V3 vat haar hande stywer saam.
Na *Jannie*: V3 laat sak haar hande.
14. Op *sy nie*: V3 maak 'n handgebaar na regs asof sy na iemand wys.
15. Op *ekself*: V3 slaan haar hande om haar arms asof sy haarself omhels.
16. Op *beny*: V3 laat sak haar hande. Na *beny nie* gaan sit sy op die gelyk=vlak van C6.
18. Na *allenig*: V3 spring op.
20. Na *verenig*: V3 stap stadig en nadenkend hand onder die ken na B5.
22. Na *man nie*: V3 draai na regs sodat sy na die coulisse kyk.
24. Op *beny*: V3 draai vinnig na vore. Na *Sannie* beweeg sy flink en snik=kend links af.

Epigramme

Groepering en beweging

Sodra die lig ingedoof het, beweeg M1 na D1.

4 - 5. Na *asyn*: V1 kom op en haak op *hewelik* by M1 in.

Beligting

Sodra V3 van die verhoog af is, kruisdoof die lig na B1 en 2, C1, 2 en 3 en D1, 2, 3 en 4. Die intensiteit is ietwat helderder as die vorige (7).

		TEMPO	VOLUME
5	Maar hy had net oë vir Sannie du Toit (En wie het 'n glimlag soos sy het?). 'n Skatjie was sy, so liefvallig, so mooi, Moenie vra of ek Sannie beny het!	<i>stadig</i> <i>matig</i> <i>vinnig</i>	<i>sag</i> <i>normaal</i>
	Vergeet sal ek nooit ... nie die dag of die jaar	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
10	Toe Jannie gaan trou het met Sannie, My liewe, maar dit was 'n prag van 'n paar, 'n Beeld van 'n bruidegom - Jannie! ^	<i>matig</i> <i>stadig</i>	<i>normaal</i> <i>asemrig</i>
	Die dominee self kon dit byna nie hou, Ek dink: "Sê nou maar dit was sy nie,	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
15	Maar liewer ekself wat met Jannie gaan trou." O, het ek haar toe nie beny nie?!	<i>vinnig</i> <i>b.vinnig</i>	
	Twee jaar was verby, en mooi Sannie nie meer, Arme Jannie so droef en allendig.	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
	Die ou liefde roes nie, dis my beurt dié keer.	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
20	Nou is ons in die huwelik verenig!	<i>b.vinnig</i>	<i>b.hard</i>
	Ek dink aan haar rustige graf in die kloof ... Geen oorlas van kind of van man nie ...	<i>b.stadig</i> <i>matig</i>	<i>b.sag</i> <i>normaal</i>
	Die rankrosies rondom die steen aan haar hoof - Nou beny ek eers regtig vir//Sannie!!	<i>stadig</i> <i>b.vinnig</i>	<i>sag</i> <i>hard</i>

TOON=
HOOGTE

WEIN, WEIB UND ... KOPFSCHMERZEN

M 1	1	<u>Bedwelmend</u> werk die <u>susterpaar</u> : ^ Die <u>vrou</u> , die <u>eed'le wyn</u> . Die <u>wyn</u> word <u>soeter</u> elke jaar, Die <u>vrou</u> , helaas, ... <u>asyn</u> !	<i>medium</i> <i>lig</i> <i>donker/</i> <i>laag</i>	<i>matig</i> <i>vinnig</i> <i>matig/</i> <i>stadig</i>	<i>normaal</i> <i>hard</i>
-----	---	---	--	---	-----------------------------------

AANTEKENINGE

5. "Wein, Weib und Kopfschmerzen" ("Hekelpuntjies" uit Gedigte, p. 117)
9. "Ondervinding" ("Hekelpuntjies" uit Gedigte, p. 119)
13. "Adam en Eva" ("Die ewige misloper" uit Gedigte, p. 112)
17. "Die skool van die lewe" ("As die suidoos waai" uit Die purper iris, p. 88)

AANBIEDING

6. V1 en M1 beweeg ingehaak tot op die skuins vlak van C2.
Na *na*: Al twee gaan sit op die gelykvlak.
7. V1 en M1 kyk baie nors vir mekaar.
8. Na *daarna*: V2 beweeg op na D3.
11. Op *huweliksbootjie*: V2 wys na die sittende paartjie.
12. Op *Watter een?*: V1 en M1 haak by mekaar uit en draai kwaad die rug na mekaar.
Na *een?*: V3 beweeg op na D2 en gaan staan agter die "paartjie".
14. Op *een*: V3 wys na die "paartjie", wat nog steeds sit met die rug na mekaar gekeer.
16. Na *alleen*: V4 beweeg flink op na B1.
19. Op *Piet*: V4 wys na M1.
22. Na *kant is*: V5 kom agter V4 omgestap tot op D5. V5 beweeg aanstellerig en begin praat nog voor sy tot stilstand kom.

			TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
V1	5	Die <u>huwelik</u> volg op die <u>liefde</u> se <u>spore</u> .^ In <u>rosegeur</u> volg sy haar <u>na</u> .	<i>lig</i>	<i>vinnig</i> <i>matig</i>	<i>hard</i>
M1 + V1		Wie <u>dink</u> by die <u>wyn</u> -skink die aand <u>vante=</u> Aan die <u>hoofpyn</u> die <u>oggend</u> <u>daarna?</u> <u>vore</u> ^	<i>donker</i> <i>laag</i>	<i>stadig</i> <i>b.stadig</i>	<i>normaal</i> <i>sag</i>

ONDERVINDING

V2		Op <u>elke</u> <u>boot</u> is <u>een</u> kaptein.^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
	10	Hy voer <u>bevel</u> <u>alleen</u> - Selfs op die <u>huweliksbootjie</u> klein ...	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	
M1 + V1		Die <u>vraag</u> is: <u>Watter</u> <u>een?</u>	<i>lig/</i> <i>laag</i>	<i>matig/</i> <i>stadig</i>	

ADAM EN EVA

V3		'n <u>Feit</u> is dit en <u>ewig</u> <u>waar</u> :^ Die <u>man</u> en <u>vrou</u> word <u>één</u> .	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
	15	En <u>daarom</u> voel hul by <u>elkaar</u> ~ Soms <u>eensaam</u> en <u>alleen</u> .	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>

DIE SKOOL VAN DIE LEWE

V4		<u>Piet</u> dag daar was <u>twee</u> <u>kante</u> aan elke En wis ook van geen <u>beter-weter</u> . ^{saak} ↗	<i>lig</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
		<u>Intussentyd</u> het <u>Piet</u> <u>getroud</u> geraak ^	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
	20	En <u>nou</u> weet hy wat <u>Piet</u> is^... <u>beter</u> . -----			
M1		"Die <u>standpunt</u> ," ^{V4} sê hy, "van <u>gesond</u> <u>ver=</u> <u>stand</u> is: ^{M1} "Die <u>man</u> is <u>reg</u> wat aan die <u>vrou</u> se <u>kant</u> is!"	<i>donker</i>		<i>normaal</i>

AANTEKENINGE

"Snippie en die dominee" (Die purper iris, p. 104)

AANBIEDING

Snippie en die dominee

25. V5 wend haar tot die vertolkers op die verhoog.
28-29. M1 staan op en beweeg stadig en handevrywend na V5. Deur 'n donkerder stemtoon en baie presiese spraak suggereer M1 'n predikant.
30. Na *vrou*: V5 wip haar en draai die rug na M1.
33. V5 draai na die gehoor toe.
34. Op *predikant*: V5 wys na M1.

Die Soen

Vertolking

M1 skep 'n suggestie van 'n predikant deur sy stem effens in die keel te plaas en deur die aantrek van 'n swart manel en 'n pluiskeil op die kop. Aanvanklik is M1 baie waardig, maar namate die inhoud "verwêrelds" verloor M1 geleidelik sy aanvanklike waardigheid. M1 spreek sowel V1 - 6 as die gehoor aan. Die gehoor vorm as 't ware 'n deel van die debatslede. V1 tree op as verteller en by implikasie ook as voorsitster van die debatsvereniging. Sy suggereer in houding en deur middel van geskokte reaksies 'n baie waardige en preutse dame.
V2 - 6 geniet deurgaans die "predikant" en reageer naïef en baie stuitig.

Groepering en beweging

Tydens die kruisdoof verlaat M1 die verhoog links agter, V6 kom regs agter op en V2-6 gaan sit in 'n sirkel op B3, 4 en 5 en C3, 4 en 5. V2 -6 vorm die debatslede. V1 (V2 van die epigramme) beweeg na C2 en begin praat.

2. Na *in*: V1 beweeg na B2.
4. M1 kom stadig ingestap tot op D5.

Beligting

Na die slotwoorde van "Snippie en die dominee" kruisdoof die lig na 'n redelik hoë intensiteit (8) op A2-6, B2-6, C1-7 en D1-7.

SNIPPIE EN DIE DOMINEE

V5		"As die <u>huwelik</u> werklik <u>heilig</u> is ^	<i>hoog</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
V2		(Dis <u>Snippie</u> wat so praat), ^	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	<i>sag</i>
V5	25	" <u>Waarom</u> word daar dan in die <u>heme</u> l ↪ "Geen <u>huwelik</u> <u>toegelaat</u> ?"	<i>hoog</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
V2		Die <u>predikant</u> spreek <u>heus</u> <u>bedagsaam</u> ↪ En met <u>gefronste</u> <u>brou</u> :	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
M1		"Die <u>antwoord</u> skyn nogal <u>bedenklik</u> :	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
	30	" <u>Miskien</u> is daar <u>geen</u> <u>vrou</u> !" ^			
V2		<u>Vóór</u> jy kon <u>mes</u> sê, had weer <u>Snippie</u> ↪ Haar <u>sê-goed</u> byderhand:	<i>medium</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>normaal</i>
V5		"Die hele <u>vraagstuk</u> word my <u>duidelik</u> : "Hu! <u>soek</u> 'n <u>predikant</u> !"	<i>lig</i>	<i>stadig</i> <i>vinnig</i>	<i>hard</i>

DIE SOEN

V1	1	So van 'n <u>predikant</u> gepraat, ^ dames en here, [Meneer die Joernalis,] ons het hier in die distrik 'n debats= vereniging en ons werksaamhede sluit ook <u>improvisasies</u> in. ^ Nou onlangs kom hier 'n <u>vreemde</u> kêrel met 'n manel en 'n swart mos= doppie by ons aan. ^ Ons het hom vir 'n baster <u>predikant</u> geskat, 5 maar hy was nie uithalerig <u>genoeg</u> daarvoor nie en hy had ook nie 'n <u>wit</u> <u>das</u> nie.			
----	---	--	--	--	--

Hoe dit ook al sy, ons gee aan hom 'n papiertjie met die woord
~ "soen" daarop en 15 minute om oor hierdie onderwerp te praat. ^ Hy
was ook nie links nie en begin onmiddellik: }

M1	10	"Meneer die <u>voorsitter</u> , die apostel <u>Petrus</u> skryf in 1 Petrus 5 vers 14: ' <u>Groet</u> mekaar met 'n <u>kus</u> van <u>liefde</u> ' ^ en Salomo laat			
----	----	--	--	--	--

AANBIEDING

- 15. V 2-5 leun na mekaar toe asof V2 iets vertel.
- 15. Na *Sarie*: V2-5 bars hardop uit van die lag.
- 16. V1 beweeg na C3 tot langs V2-5.
- 37. M1 beweeg na C5.

die Sulamiet sê: 'Laat hy my kus met kusse van sy mond' ||
(Hooglied 1 vers 2)"Λ

V2 "Sien jy nou, ek sê mos hy's 'n predikant,"

V1 15 fluister oom Hendrik se Hendrika aan Sarie van tant Sarie. ||

V1 "Orde," | [roep oom Andries se Andriesie - hy is ons voorsitter
- en die man met die swart manel gaan voort:]

M1 "Dat die gryse, afgeleefde apostel en die jeugdige, hartstogte=
20 like Sulamiet dieselfde saak aan die hand doen, is merkwaardig.Λ
Dat Petrus dit aan andere aanbeveel, terwyl die Sulamiet dit vir
haarself wil hê, is nog merkwaardiger. || Dat die ervare Petrus
as 't ware 'n veilige posisie inneem, terwyl die onervare, jeug=
dige Sulamiet haar dol in die stroom werp,Λ is bedenklik. | Dit
ly geen twyfel nie dat 'n soen 'n gevaarlike ding isΛ- veel
25 gevaarlike byvoorbeeld as dinamiet,Λ want as dinamiet ontplof
het, is dit klaar, maar dan begin die soen éérs te trek.Λ Erger
nog,Λ hy het 'n manier om te repeteer."Λ

V3 "Ek wed jou hy is 'n predikant, hulle repeteer graag",
V1 sê tant Alie hoor Alietjie. |

M1 30 ["Buitendien," gaan die man met die manel voort, "niemand loop
met sy sakke vol dinamiet rond nie - behalwe miskien die klip=
konstabel, die putgraver en die sekretaris van die boukommissie
- terwyl elke klein meisietjie wat maar oor die onderdeur kan
loer, 'n onuitputlike voorraad van die ander artikel het. En
35 kry sy miskien berou en wil jou soene teruggee, dan word hulle
nog twee maal soveel.]"

M1 Ek weet van 'n verlowing wat uitgeraak het.Λ Die paartjie het
mekaar se briewe teruggebring en die meisie sê:Λ "Sal ons nie
maar ons soene ook teruggee nie?" | Hulle doen dit en wat was die
40 gevolg? | Vandag is hulle onherroeplik getroud.Λ En dit is hulle
verdiende loon.Λ 'n Mens moenie met soene speel asof dit maar
onskadelike kooltjies vuur is nie. ||

AANTEKENINGE

49. *Philematologie*: Die woord is moontlik saamgestel uit die Griekse woord *Phil/phile*, dit wil sê liefhê - die leer van die liefde.
49. *Osculogie*: In Latyn beteken osculor "soen" en *oscito* "die mond oopmaak".
Osculogie sou dus heel wetenskaplik die leer van die soen beteken.
51. *klawers*: Hierdie woord kom uit die oorspronklike teks.
58. *Foneties*: Die vorming en uitspraak van spraakklanke; in hierdie geval: die klank van die soen.
- 8 - 72. Ingevoeg uit die oorspronklike teks, soos aangehaal deur Langenhoven (1950: 160 - 171).

AANBIEDING

47. M1 beweeg na B6.
49. M1 maak 'n gebaar met die regterhand, diagonaal na bo, wat al groter word van *Philematologie* aftot by *Kuskunde*. Na *Kuskunde* word die hand laat sak.
51. M1 leun effens na vore en sê dit half fluisterend.
- 51 - 52. M1 maak 'n gebaar met altwee die arms, wat by die mond begin en geleidelik diagonaal uitbeweeg tot by *warm hart vloei*, en laat sak hulle direk daarna.
55. Telkens as V1 - 5 praat, reageer M1 of hy niks hoor nie, maar oordink dit wat hy volgende gaan sê.
56. M1 beweeg nadenkend na A5.
64. M1 raak al hoe meer liries en weggevoer in sy eie woorde.
- 65 - 66. M1 beweeg stadig voor V2-5 verby, dit wil sê verby A4 en B3 tot by C3. Geleidelik strek M1 sy hande na vore en op *zoo dikwels zij mij kust tree* hy skielik vinnig nader aan V1 asof hy haar wil omhels. V1 skrik en beweeg vinnig en geskok na D4.
73. M1 beweeg vinnig na C3, tot langs V2-5.

45 ["Die Italianers sê, 'n Mond kom niks oor van gesoen te word
nie,' maar dit is hul klimaat wat dit meebring. Die Duitsers
sê: 'Die soen kan jy afwas, maar die vuur in die hart kan jy
nie blus nie.'"]

50 "Ek wil die onderwerp bloot wetenskaplik behandel en stilstaan
by die groot vraag: ^ Wat leer die wetenskap ons aangaande
Philematologie, ^ of Osculogie ^ of Kuskunde, | met ander woorde, Wat
is 'n soen? Die wat en die waarom? || 'n Sekere Fransman sê: |
'n Soen is die uurige begeleiding ("accompaniment") op die klawers
van die tande van liefdesliedere wat uit 'n warm hart vloei! ^
'n Fransman is egter tê doenig met die praktyk om iets van die
teorie te weet." ^

V4 55 "Ek sweer hy is 'n predikant,"
 tant Hennie haar Hennietjie toe sy
V1 sê [Bartjie van oom Bart toe hy] die woord 'teorie' hoor. |
 [En die vreemdeling gaan voort:]

M1 "Ten eerste: Foneties beskou, || is 'n soen 'n insuigende, dubbele
lipklank, ^ omtrent soos dié waarmee 'n koetsier sy perde aanspoor. ^
60 Dit is egter maar die helfte van 'n soen. ^ Dit word eers 'n hele
soen as die lippe terselfdertyd met die een of ander voorwerp in
aanraking kom. ^ Dis 'n opregte soen as dié voorwerp twee ander
lippe is, ^ en dit bereik volmaaktheid as dié lippe aan die teen=
oorgestelde geslag behoort, ^ rooi soos 'n roos en sag soos satyn
65 is. || 'Mijn liefken is mijn somer, | mijn liefken is mijn lust |
en al de rozen bloeien zoo dikwels zij mij kust,' sing 'n Hol=
landse digter. ^ Hy wis van waffer! |||

70 As die dames hier teenwoordig 'n goeie reseppie vir 'n heerlike
soen wil afskrywe, ^ probeer dan die volgende: ||| Benodigdhede: ||
vier warm lippe, || twee verlangende harte, || een onsterflike liefde, |
bring hulle bymekaar in die lig van die maan || en laat hulle be=
gaan. ||

75 "Waar is die dae, liewe vriende, toe ons van die aand tot die môre
pand gespeel het, toe ons nog tien voet in die put geval het, toe
ons nog twalf jaarts lint getrek het, ^ toe Sannie moes buig voor

AANBIEDING

- 76 - 77. Op *liefste*: M1 druk sy hande oorkruis op sy bo-arms vas en beweeg met 'n boog verby B2 en C1 na D2.
102. M1 lig sy regterhand van heup- na borshoogte terwyl die uitgespreide vingers soos die hand styg, geleidelik na mekaar gebring word.
- 103 - 104. M1 sê dit met getuiste lippe terwyl hy sy kop van links na regs draai.

die slimste, kniel voor die mooiste en toe sy vir my die druk=soen gegee het, ... omdat sy my die liefste gehad het."

V5 "Magtig! Ek wed jou hy is nie 'n predikant nie.
Hoor wat sê hy,"

V1 80 sê Trynie van tant Tryna. |

M1 "Verder," [gaan die manelman voort,] "verskil die klank nogal baie. || Daar is byvoorbeeld die hartlike soen wat klap soos 'n voorslag, dan die flou soen wat dames met Judasstreke mekaar gee, [die treurige soort wat klink soos 'n koei wat haar agterpoot uit die modder trek, en dan is daar die groot bulsoen - 'n soen op 'n streep, omtrent soos 'n mens mondfluitjie speel.
85 "Ten tweede: *Histories* beskou, is die soen stokoud. Hoe oud weet ons nie. 'n Cipriese gesegde lui: 'Aan die begin is soene en die wrede liefde geskape.'"

90 "Hy is liberaal,"

fluister Gertruida van tant Truida.

"As Adam en Eva nie al in die Paradys aan soene en in sonde verval het nie, dan het die mense dit tog later van die duiwels geleer. Byron sê: 'A portion of Paradise is still on earth and Eden revives in the first kiss of love.' Soveel te sê dat,
95 'n stuk Paradys is op aarde nog heden,
'n soen van die soetlief herstel ons 'n Eden.'

Byron, soos aan julle bekend, is egter die vurige mens wat gewens het dat al die vrouens maar één mond moes hê sodat hy almal te-
100 gelyk kon soen.]

M1 Om maar te swyg van die aaklige soort wat klink asof 'n koei haar agterpoot uit die potklei trek, || en die lang soen van mense met groot monde - ongeveer soos 'n mens op 'n mondfluitjie speel.

V6 105 "Hy is liberaal,"

AANTEKENINGE

109. Die volgende is Italiaanse musiekterme:
dolce: soetvloeiend.
andante con moto: op 'n loopgang.
pui mosso: met spoed of meer beweeglik.
appassionata: hartstogtelik.
110. *decrescendo*: geleidelik sagter.
ritardando ...al Fine: stadiger tot aan die einde.
Da Capo: herhaal van die begin af.
112. *Etnologies*: Volkekundig, dit wil sê die hantering van die soen by die verskillende volke.
- 101-104,
107-111. Ingevoeg uit die oorspronklike teks.
129. *Incubator*: broeikas.
131. *Gustatories*: Afgelei van die Latynse woord *gustatus*, wat smaak beteken.
- 123 - 125,
129 - 130. Ingevoeg uit die oorspronklike teks.

AANBIEDING

107. M1 beweeg na D3.
- 109-110. M1 strek die hande geleidelik diagonaal na bo tot by *appassionata*, en dan bring hy hulle na mekaar toe om op *al Fine* die hande voor die bors saam te vat. Op *Da Capo* gee M1 'n onverwagse sprongetjie na V1 toe. Sy beweeg vinnig en verontwaardig na C5.
123. M1 geniet die speletjie met V1 en beweeg na C5. Op haar beurt beweeg V1 na C6.
129. M1 kyk ondeund na V1, wat gesteurd wegkyk.
131. M1 beweeg na C4, dit wil sê in die middel van V2-5.

V1 fluister Gertruida van tant Truida.)

M1 Kom ons kyk na die Fransman se begeleiding van die nagtegaallied wat opstyg uit die rosetuin van die hart: |||
dolce || - andante con moto | - pui mosso ^ - appassionata | -
110 decrescendo || - ritardando ... ||| al Fine | - en dan Da Capo!
'n Lied weerklink, 'n blom ontluik in ieder teed're kus! ||
"Ten derde: Etnologies beskou: | Die Joodse rabbi's het net drie
soorte soene erken, te wete, dié van groet, van vaarwel en van re=
spek. ^ Miskien is dit daaraan te wyte dat dit vir 'n mens met
115 'n krom neus, en wat sy tande verloor het, alte moeilik word om
te soen, ^ aangesien neus en ken dreig om mekaar te ontmoet. |
[Die Romeine erken 'oscula, basea Suavia' en dus vriendelike,
liefderyke, vurige en hartstogtelike soene. In Engeland mag
jy 'n meisie soen as jy haar onder die 'mistletoe' (voëlent)
120 skrikmaak - en dan skrik al die meisies onder die 'mistletoe'!
In Japan, Terra del Fuego en by die Eskimo's is die soen onbe=
kend.]

In Engeland mag jy 'n meisie soen as jy haar onder die 'mistle=
toe' (voëlent) skrikmaak ^ - en daar skrik elke dame elke slag
125 as sy onder die takkie deurloop. |

In Madagaskar vryf hulle die neuse teen mekaar. ^ In Tibet skuur
hulle die regterore teen mekaar en steek die tong uit in plaas
van mekaar te soen. ||

Maar soos ou tant Annie van die 'Incubator' gesê het: Die ou
130 manier is tog die beste. ||

"Ten vierde: Gustatories beskou | - dit is wat die smaak betref. |
Dit word algemeen aanvaar dat 'n soen soet is. ^ In Latyn is daar
'n raaisel wat in Afrikaans min of meer sō lui: || 'Wat is soeter
as pannekoek? | - melktert. ^ As melktert? ^ - moskonfyt. ^
135 As moskonfyt? ^ - bossiestroop. ^ As bossiestroop? -

V2-6 n S O E N !' ^

AANTEKENINGE

156. *Eskatologies*: Volgens die leer van die laaste dinge/einde van die wêreld. Hier word dit komies bedoel in verband met die toekomsverwagting van h soen.
- 156-160. Ingevoeg uit die oorspronklike teks.

AANBIEDING

137. M1 beweeg vinnig in die rigting van V1, wat haar rug na hom draai.
- 138-140. M1 verwys spottend na V1.
156. *Eskatologies ... besluite*: M1 beweeg na B6 en slaan 'n hoogdrawende toon aan. Na *besluite* is M1 weer die ene ondeundheid.
- 157-158. M1 beweeg met 'n boog verby B5 tot op C5.
159. Die woord *vry* word veelbetekenend gesê.
159. M1 retireer na agter in die rigting van D7. M1 wink vir V2-5, van wie enkeles al begin opstaan.
160. Na M1 se woorde verlaat hy die verhoog, en V2-5 hardloop opgewonde, met enkele uitroepe, agterna.
162. V1 beweeg na A5 - baie geskok.
164. Na *of nie?*: V1 stap ewe waardig by C1 uit.

M1

As 'n soen 'gesteel' is, is dit nog soeter,[^] maar dit moet
nie teen die dame se sin wees nie,[^] want dan het sy die reg
(volgens 'n Engelse regter) om jou neus af te byt[^] en (voeg die
140 advokaat by) om dit in te sluk.||

[Oor die algemeen verkies meisies 'n soen van 'n man met 'n
baard. 'n Knapie sonder baard is soos 'n eiertjie sonder sout,'
beweer die Hollanders. Soms word soene per brief gestuur,
maar dit help niks. 'n Soen is 'n vrug wat 'n mens van die
145 boom self moet pluk. Dis 'n fout om om 'n soen te vry, want 'n
meisie se mond sê altyd 'nee' haar oë sê 'nee' òf 'ja'.
Hou dus die oog op die oog. Die meeste meisies hou niks van
soen nie, as hulle nie self daarby is nie.

"Ten vyfde: Die *legale* beskouing: Volgens wet mag 'n mens jou
150 familieledede tot in die derde geslag soen. Dit is jou soenreg.
Dis dié dat móóí meisies altyd meer neefs het as hulle susters
wat nié mooi is nie. Dus, as jy eendag aan 'n mooi meisie
verloof is en jy vra haar of jy die enigste jongman is wat sy
al gesoen het en sy sê 'ja', sê dan aan haar: 'Ou skatjie
155 mense wat sulke dinge vertel, gaan reguit na die GROOT VUUR'"

M1

"Eskatologies - ten slotte en ten besluite.||| As hier in die
vergadering enige jong suster is wat praktiese inligting en voor=
ligting omtrent die onderwerp verlang[^] dan wende sy haar met alle |
vrymoedigheid vir onderrig, | vry, | gratis en verniet, tot my."

160 "Ek groet u ".|||

V1

Dames en here,

[Meneer die Joernalis,] ons weet nie wat om van die manelman te
dink nie. Sal ons maar moet wag tot ons volgende debat om uit
te vind of hy 'n predikant is[^] of nie?|||

AANTEKENINGE

1. "Die vrou" ("Hekelpuntjies" uit Gedigte, p. 117)
5. "Adam en Eva" ("Die ewige misloper" uit Gedigte, p. 112)
9. "Die vrou" ("Hekelpuntjies" uit Gedigte, p. 118)
13. "Home sweet home" ("Die ewige misloper" uit Gedigte, p. 111)

AANBIEDING

Groepering en beweging

3. Na die kruisdoof beweeg V1 op na A7. Sy staan diagonaal na regs gerig. V1 lig die regterhand in die lug op. Na *waarde* beweeg M1 vinnig op tot langs V1 en val haar in die rede.
4. Na *peper*: V1 vervies haar en druk M1, met die tot nog toe opgeligte hand, tot op sy hurke. Hierna beweeg V2 in by C7 na B6. V2 begin reeds praat as sy sigbaar is.
6. Na *gawe*: M2 beweeg vinnig in tot links van V2 en begin onmiddellik praat as V2 klaar is, asof hy haar wil korrigeer.
8. Na *hawe*: V2 vervies haar en druk ook M2 tot op sy hurke.
- 9-10. M1 rig hom tot M2 as sou hulle saam in die verdrukking verkeer.
- 11-12. M1 rig hom tot die gehoor.
16. Na *lot*: V3 beweeg stadig op en gaan staan agter M2.

Beligting

Nadat V1 van "Die soen" van die verhoog af is, kruisdoof die lig tot 'n middelmatige intensiteit (6) op A6 en 7, B5, 6 en 7 en C5, 6 en 7.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

DIE VROU

V1	1	Die <u>vrou</u> is die <u>sout</u> van die <u>aarde</u> ,^	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>hard</i>
		Die <u>suurdeeg</u> , beskou op die <u>keper</u> :^		<i>matig</i>	
		Al <u>hoër</u> steeds rys sy in <u>waarde</u> :^	<i>medium</i>		
M1		Sy's <u>beide</u> die sout <u>en</u> ... die <u>peper</u> !	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>

ADAM EN EVA

V2	5	'n <u>Hawe</u> in die <u>storm</u> is sy,^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
		Die <u>vrou</u> , Gods <u>beste</u> <u>gawe</u> !^		<i>stadig</i>	
M2		<u>Pas</u> op!^ As <u>sy</u> begin te <u>stry</u> ,^	<i>lig</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>b.hard</i>
		Dan <u>storm</u> dit in die <u>hawe</u> !			

DIE VROU

M1		Wie ter wêreld <u>verstaan</u> ooit die <u>vrou</u> ,	<i>laag</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
10		En <u>wie</u> sal haar <u>geheimenis</u> weet?		<i>matig</i>	
		Haar <u>verjaarsdae</u> moet jy <u>onthou</u> ,^	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		Maar haar <u>ouderdom</u> ^moet jy <u>vergeet</u> !	<i>lig/ donker</i>	<i>vinnig/ stadig</i>	

HOME SWEET HOME

V1		Gedenk aan <u>Lot</u> se <u>arme</u> <u>vrou</u> :^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		'n <u>Soutpilaar</u> , 'n <u>spot</u> ;			
15		Maar wil ook in <u>gedagt'nis</u> <u>hou</u>	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	
		Die <u>arme</u> <u>vrou</u> se <u>lot</u> !	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	<i>sag</i>

AANTEKENINGE

17. "Tweërlei beweegrede" ("Om die waarheid te sê" uit Rose van herinnering, p. 95)
21. "Aan die veilige kant" ("Om die waarheid te sê" uit Rose van herinnering, p. 95)

Die geestigheid kom telkens na vore in die verrassende slot wat Visser deur die werking van 'n antiklimaks verkry.

AANBIEDING

20. Na *herstel*: V3 beweeg tot agter M1 en vat aan sy skouer.
24. Na *ween*: M1 knik ondeund vir die gehoor. Na enkele tellings beweeg almal, behalwe M1, af.

Skrikkeljaar

Vertolking

Soos die vorige prosa is die aanslag vitaal, die tempo vinnig en die invalle flink. Van reël 34 af, dit wil sê na die vraery, wedywer M1 en V1-5 met mekaar: elkeen tree vir sy eie geslag in die bres en verkleineer die teenoorgestelde geslag.

Beweging

Tydens die eerste sin beweeg M1 na C2 toe.

1. M1 draai na die gehoor toe.
- 4-5. *Tussen ... nie*: M1 leun vorentoe en praat effens sagter.
6. Op *soveel skrikkel*: M1 strek sy hande diagonaal na vore.
6. Op *hart*: M1 bring sy hande terug en plaas hulle oop bo-op mekaar op sy linkerbors.

Beligting

As al die vertolkers, op M1 ná, van die verhoog af is, kruisdoof die lig na 'n hoë intensiteit (9) op die volle verhoog.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

TWEERLEI BEWEEGREDE

V3	Tant <u>Hannie</u> <u>snik</u> :^ sy <u>vrees</u> die <u>dood</u> ,~	<i>hoog</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	Want sy voel <u>glad</u> nie <u>wel</u> ;			
	En <u>vóór</u> haar bed sit <u>sug</u> oom <u>Koot</u> :	<i>lig</i>	<i>matig</i>	
M2 20	Hy <u>vrees</u> ... sy mag <u>herstel</u> !	<i>lig/ donker</i>	<i>stadig/ vinnig</i>	<i>normaal/ sag</i>

AAN DIE VEILIGE KANT

V3	Bernardus <u>huil</u> en <u>steun</u> en <u>sug</u> ↵	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	Oor sy <u>oorlede</u> <u>Leen</u> :			
M1	"My <u>trane</u> bring haar <u>nooit</u> weer t' <u>rug</u> ..." <i> laag</i>		<i>b.stadig</i>	<i>sag</i>
	Dis <u>veilig</u> om te <u>ween</u> ! -	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>

SKRIKKELJAAR

Maar helaas, die liefde daag nie op almaal se horison nie,^en daarom wens ons

M1 1 [Die skrywer wens] al die juffrouens en al die mevroue, wedu=
vrouens hier teenwoordig,^'n geseënde en voorspoedige skrikkel=
jaar toe. ^ Mag u [vanjaar] skrikkel oos julle nog nooit vante=
vore geskrikkel het nie. | Tussen hakies, al slaan julle my dood
5 weet ek nie wat "skrikkel" beteken nie. ^ Nogtans, ek gun julle
soveel skrikkels as wat julle hart begeer. ||

[Hierdie heilsame instelling het ons te danke aan 'n man wat
nooit self 'n nooi mag gevra het nie, Pous Gregorius VII. Hy
was 'n slim man en dit het hom te ore gekom dat ons elke jaar
10 'n kwart-dag verloor. Om die skade in te haal, het hy die tyd
elf dae vorentoe geskuif en bepaal dat Februarie, elke vier jaar,
'n ekstra dag sal hê. Dit is weer 'n bietjie te veel en dus
word skrikkeljaar elke 300 jaar nie gereken nie. So het die
dames in 1900 een dag verloor en hulle moet nou, 1908, die kans
15 waarneem, want in 2100 word daar weer 'n skrikkeljaar nie bygetel

AANTEKENINGE

- 37-38. Hierdie reëls herinner sterk aan die eerste twee reëls van "Die steweltjies van Sannie" van F. W. Reitz.

AANBIEDING

20. M1 bly in C2 maar tree af op die skuins vlak en laat sak sy hande.
22. V1 beweeg flink tot agter M1 en loer eers regs en dan links oor sy skouer, terwyl sy op *klop jou hart ook* met die linkerhand op sy bors klop. M1 gee deur gesigspel en kopbeweging te kenne dat V1 hom nie geval nie en beweeg na C1. V1 voel baie afgehaal.
25. V2 beweeg tot regs van M1. Na *ja* gee M1 te kenne dat hy ook nie met V2 gediend is nie en op *ag* gaan sit V2 moedeloos. Sy behou die *a*-klank van *ja* en vorm dan die *ag*.
26. M1 beweeg flink na D4. Hierna beweeg V3 links op na D4.
27. V3 spreek haar woorde effens oordrewe uit.
Op *hoë berge* lig V3 die hande met grootse gebaar na bo en op *diepe kloue* bring sy haar hande af en kniel op die linkerknie.
28. V3 strek die hande na M1 uit en laat sak hulle weer as M1 nie reageer nie.
- 30-31. V4 kom baie vinnig en al pratende van links binne, tot langs M1. Op *trou* haak V4 baie hardhandig by M1 in. (Vir die komiese effek is 'n groot gesette dame vir V4 gekies.)
32. V5 beweeg links op na C5.
- 33-34. V5 beweeg na B1.
36. Op *hom*: V5 wys na M1.
37. M1 haak by V4 uit en beweeg 'n tree vorentoe na C4.
38. Op *help*: V4 haak weer by M1 in.
39. M1 haak weer uit en gee 'n kort tree na regs vorentoe. (Van reël 39 tot 48 geskied die vertolking en die beweging teen 'n toenemende tempo.)
40. V1 beweeg vinnig tot skuins voor M1, asof sy M1 se weg versper.

nie.

In skrikkeljaar is die krygswet geproklameer en die dames is die militariste. Hulle kan 'n arme man kommandeer met sie! en lig=gaam of altans swaar beboet.]

20 [Vanjaar] ^{Dan} het die dames [dus] die reg om met vrymoedigheid aan 'n man te vra:

V1 "My hart klop, klop jou hart ook?" ||

M1 ^{Dan} [Vanjaar] kan julle aan 'n stadige kêrel wat neul soos 'n mot om 'n kers en nie wil vasbrand nie, sê:

V2 25 "Kom, laat ons ons skapies in een klompie ja(ág)!" ||

M1 Of, as jul poëties gestemd is:

V3 "Hoë berge, diepe klowe,
neef,^Λ wil jy jou aan my verlowe?" |

M1 Of, as julle haastig is:

V4 30 "Onder die tou, bo die tou,
neef,^Λ wil jy met my trou?"^Λ

V5 Sê hy "ja", dan is die hele wêreld reg,^Λ maar sê hy "nee",^Λ
dan laat maak jul 'n sytabberd met net soveel valletjies,
plooitjies, strikkies, lintjies, "braiding", opnaaisels en
35 kraletjies as jul wil,^Λ en stuur die rekening, tesame met 'n wit
veertjie,^Λ aan hom. |

M1 Pas dus altyd vir 'n vroumens op,

V4 maar met skrikkeljaar help dit ook nie eens nie. |

M1 Vuur is sterk,

V1 40 Maar water blus dit.

AANBIEDING

- 41. M1 gee 'n tree links vorentoe.
- 42. V4 beweeg vinnig tot skuins voor M1.
- 43. M1 gee 'n tree regs vorentoe.
- 44. V2 beweeg tot skuins voor M1.
- 45. M1 gee 'n tree links vorentoe.
- 46. V3 beweeg vinnig tot skuins voor M1.
- 47. M1 gee 'n tree regs vorentoe.
- 48. V5 beweeg vinnig tot regs van M1.
- 49. In die voorgaande proses vorm D1-4 'n halfmaan om M1, wat nou op A4 staan.
- 59. V3 beweeg na A5.

M1 Water is sterk,

V4 maar die aarde sluk dit in.

M1 Die aarde is sterk,

V2 Maar yster deurboor hom.

M1 45 Yster is sterk,

V3 maar die man buig dit.

M1 'n Man is sterk,

V5 maar 'n vrou draai hom om haar duimpie! ||

V1-5 Wie is dus die swakkere geslag? |

50 [As 'n man vrolik is, ding hy na die bottel. As hy ongelukkig is, ding hy na die geweer. As die vrou gelukkig is, het sy 'n glimlag. Is sy ongelukkig - 'n traan. Wie is dus eg? 'n Man is jaloers uit liefde vir homself, 'n vrou uit liefde vir die man. Wie is dus eg? 'n Man vergeef swaar, maar vergeet maklik

55 - 'n vrou vergeet swaar, maar vergeef maklik. Wie is dus eg? 'n Man is dikwels 'n vrou teenoor 'n man en 'n dwingeland teenoor die vrou. 'n Vrou is dikwels 'n vrou teenoor die man, maar 'n man teenoor 'n dwingeland. Wie ...?]

V3 'n Vrou behoort goed te wees. ^ Sy is die spesiale gif van die

60 hemel, ^ goed van hart, helder van siel, ^ edel in strewe, geluk=
kig in liefde ...

M1 Waarom dan is sy dit dikwels nie? ||

V2 Val 'n doudruppel in die hart van 'n roos, dan blink dit soos 'n diamant; ^

V1 65 Val dit in 'n skulp van die oseaan, dan word dit 'n pêrel; ^

AANTEKENINGE

68. Hierdie reël word in gewysigde vorm teruggevind in die slot van "In den beginne" ("Rose van herinnering", p. 74).

AANBIEDING

66. Op *modder*: V5 wys baie verontwaardig na M1.
67. M1 sê dit woedend en beweeg ongeskik tussen die dames deur na D4 en gaan sit op sy hurke.
68. Op *hom*: V5 wys selfvoldaan na M1.
77-78. *Hy ... mystebrei*: Tydens hierdie woorde beweeg V3 na D5, V4 na die ge=lykvlak van C6, V2 na D3, V1 na C2 en V5 na B1.
79. V2 tik M1 leedvermakerig op die skouer.
84. M1 sê dit vir die gehoor en verwys kwaad na V1-5.
85. Op *ja*: V1 gee 'n tree vorentoe.
85-93. Hierdie gedeelte word baie fyn en 'soet' vertolk.

- V5 val dit in die modder, | dan word dit slyk!! |
- M1 Op die sesde dag is 'n man gemaak, daarna die vrou
- V5 en dit het haar moeite gekos om van hom 'n mens te maak. ||
Sonder haar kon sy hart net slaan || - sy het hom geleer klop. ^
- V1 70 Sonder haar kon sy oog blits || - sy het hom geleer smeek. ^
- V2 Sonder haar kon hy hand skud | - sy het hom geleer hand druk. ^
- V3 Sonder haar kon hy eet en drink | - sy het hom geleer geniet. ^
- V4 Sonder haar kon hy dink en werk | - sy het hom geleer voel en handel. ^
- V1-5 75 Sonder haar het hy iets geweet | - sy het hom geleer om iets te ken. |
- V3 Hy sou om die Boom der Kennis geloop het soos 'n kat om 'n bord warm rystebrei. Sy had die moed en die wil -
- V2 miskien die moedswil -
- V3 80 om die appel te pluk en aan hom te gee. ^
- V4 Daarom steek daar by elke man nog 'n appel in die krop en kan party niks anders doen nie as om appeltjies met hul vrouens te skil. ^
- M1 En so het hy deur haar die Paradys verloor ...
- V1 85 Ja, maar sy is nie leëhand daaruit nie. | Sy het twee stukkies bloue hemel in haar oë,
- V3 'n blanke lelie op haar voorhoof,
- V4 twee rosebloesems op haar wange,

AANBIEDING

- 96. M1 staan op en gee 'n tree vorentoe.
- 98. *Party ... toringklokke:* M1 beweeg tot regs van V4, wat penregop staan met kop in die lug.
- 101. M1 gee 'n tree na regs vorentoe.
- 102-103. V5 trippel vinnig tot by M1, beweeg agter om hom, vat aan sy arm en vroetel in sy hare.
- 106. V3 tree tot langs M1 en neem 'n mannekynshouding aan.
- 107. M1 beweeg na C4 en stamp in die proses aan die waardige V3, wat haar verwies. Op *grandfather's clocks* wys M1 na V2.
- 108. Op *op die rak:* V2 gaan sit plotseling en moedeloos op die vloer.
- 109. *Party ... horlosies:* M1 beweeg na B2 net verby V2.
- 110. V1 sê dit stralend oor M1 se skouer.
- 111. M1 sê dit baie neerhalend vir V1, wat baie afgehaal haar rug na M1 draai.
- 112. M1 beweeg na A1.

V2 'n paar doudruppels in haar oë,

V5 90 'n weinig sonlig in haar glimlag,Λ

V1 'n slukkie van die aandkoelte van medelye en van die môrewind
van liefde in haar hart saamgeneem en daarom is sy nog in staat
om oral op die wêreld weer 'n stukkie paradys te herskep. ||

95 [Natuurlik - almal is nie eenders nie, maar hulle is die beste
moeders, vrouens, susters en dogters van al die mense op aarde.]

M1 Oor die algemeen laat hulle 'n mens dink aan horlosies. | Die ge=
sig is byvoorbeeld die vernaamste deel en sonder vere kan hulle
nie loop nie. | Party is soos die toringklokke en hulle ding
jou om na hul op te sienΛ -

V4 100 dis die edel vrouens. |

M1 Party is soos die horlosies met 'n springveer;Λ by die minste
aanraking gaan hulle hart oopΛ -

V5 dis die flerries. |

M1 105 Andere is soos die koekoekhorlosies, want op gesette tye kom hul
uit en sing 'n mooi liedjieΛ -

V3 dis die "society ladies".Λ

M1 Party is soos die "grandfather's clocks"Λ -

V2 op die rak.

M1 Dis die mannetjievrouens.Λ Party is soos die blinde horlosies -

V1 110 mooi van buite,

M1 maar niks binnekant nie. |

'n Goeie vrou word deur 'n man in sy hart gedra;Λ 'n slimme in
sy kop en 'n ryke in sy sak.Λ

AANBIEDING

119. Op *vrou*: V5 ruk haar kop spottend na regs in die rigting van M1.
120-122. V3, V2 en V1 maak dieselfde kopbeweging op elkeen se woorde.
125. Op *Kerkbode*: V1 suggereer in houding en gesigspel 'n suur, preutse vrou.
127. V5 giggel en bring haar hande na haar mond.
128. V3 neem soos voorheen weer 'n mannekynshouding aan.
128-129. V4 tree hande in die sye twee groot treë na vore.
129. Na *huissvrouens*: M1 beweeg na A2.
131. V1-5 hardloop na M1 en vorm 'n halfmaan om hom terwyl hulle die woorde uit=
skreeu. M1 druk sy ore toe.
132-134. V1-5 neem 'n dreigende houding aan, en M1 beweeg benoud met kort treë
na links. V1-5 volg M1 deurentyd, en die voorste twee dames van die half=
maan keer M1 op A4 voor.

- V4 'n Man dra gewoonlik 'n horlosie aan 'n ketting, maar 'n vrou
115 plaas gewoonlik die man daaraan. Λ
- V3 'n Man het gewoonlik 'n horlosie in sy sak, terwyl 'n vrou ge-
woonlik haar man in die sak het.Λ
- V5 'n Horlosie word gewoonlik gewaarborg om twaalf maande reg te
loop,Λmaar wie sal ooit waarborg dat 'n vrou
- V3 120 twaalf
- V2 dáé
- V1 reg sal loop. |
- M1 'n Vrou is nes 'n poskar. Λ Eers neem hulle briewe, daarna pak-
kette en dan die passasier self. |
- 125 Vrouens is nes tydskrifte.Λ Party is soos "Die Kerkbode"- Λ
stigtelik, maar 'n bietjie droog.Λ Ander is soos die "Owl" -
amusant, maar oppervlakkig.Λ Party is soos "Weldon's Journal"
- pure "fashion plates".Λ Ander weer soos "Mrs. Dykmans Kook,
Koek en Recepte Boek"Λ- dis die deugsame huisvrouens! Λ En almal
130 is soos 'n dagblad -
- V1-5 by elke verskyning 'n hele boel nuus. |
- M1 Vrouens is nes 'n ketel. om die eerste maal te laat kook gaan
stadig, maar daarna deksels gou.Λ Dis daarom dat weduvrouens
dit soveel gouer maak as jongnooiens. |
- 135 [Dit is opmerklik dat wanneer mense gaan trou, hulle hul lewe
laat verseker, maar geen maatskappy wil die liefde verseker nie.
Wat is liefde? Twee harte met één slag. Wat is trou? Twee
harte en één sware slag. 'n Troubewys is nie 'n bewys van trou
nie.
- 140 Wat hou die wêreld aan die gang? Liefde en honger. Liefde
is die honger van die siel - honger is die liefde van die
maag. 'n Man wat verlief is, kry nie honger nie, maar 'n honger
man is nooit verlief nie. As die wolf by die deur inkom, kies

AANTEKENINGE

"Dum spero spiro": Terwyl ek hoop leef ek (Die purper iris, p. 81)

Kommentaar

Die eerste vier reëls van "Leuningstoelkritiek": "As die suidoos waai" uit Die purper iris, p. 88, is as oorgangsmateriaal geneem.

Gedankenblitz: ingewing, blink gedagte.

AANBIEDING

- 145-147. M1 wyk na regs uit, maar V1-5 volg hom en keer hom op soortgelyke wyse op A5 voor.
148-151. M1 wyk weer na regs uit, en V1-5 volg hom en vorm die halfmaan al kleiner tot V1-5 M1 op A6 vastrek. V1 en V4 staan links en regs langs M1, sodat hy nie kan uitwyk nie.
152-153. M1 sê dié woorde wanhopig.
156. V1-5 is hier baie driftig. V2, 3 en 5 vat M1 aan die skouer en pluk hom na agter.
157. M1 strompel agteruit en sê sy woorde net voor hy verdwyn.

Dum spero spiro

Nadat M1 verdwyn het, herstel V1-5 die halfmaangroepering op A6 en B6. Die gesig=spel verander ook van ergernis na 'n vriendelike, ondeunde glimlag. Sodra V1-5 gereed is, begin hulle vertolk. Op *asem* leun V1-5 effens vooroor en spreek dié woord nie met stem nie maar met asem uit. Na enkele tellings beweeg V1-5 flink af.

Kommentaar

Sodra V1-5 van die verhoog af is, beweeg V6 flink op na B2 en begin praat. Op spitsvondighede wys V6 links na agter, waar die volgende vertolker gaan verskyn, en beweeg daarna flink af.

Beligting

Die beligting vir "Dum spero spiro" en die kommentaar bly soos vir die prosa.

die liefde die wyk by die venster uit.]

M1 145 Waarom het Metusalem so oud geword? Hy is eers getroud toe hy 186 jaar oud was. ^ As julle ook so lank wag, word julle miskien net so oud. ^

Wanneer het Adam sy laaste diepe slaap gehad? ^ Net voor die vrou gekom het - daarna het die slapeloosheid gekom. ^

150 "Vrou," sê oom Hennie, ^ "vrou, jy is my lewe - en my lewe is vir my 'n las." ^

As 'n mens dood is, is dit vir altyd, maar as jy getroud is, is dit vir aljimmers. ^ [Trou is ook nie perde koop nie, want met 'n slegte vrou is daar nog 'n plan te maak, maar met 'n perd
155 met slap hakske ne is niks aan te vang nie.]

V1-5 Wat het dit nou alles met skrikkeljaar te doen? ^

M1 Dit weet nugter alleen! |||

			TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
DUM	SPERO	SPIRO			
V1-5	Die <u>oujongnoui</u> <u>oorleef</u> haar suster ^		<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
	Met <u>huw'likseën</u> en <u>liefdeswasem</u> ; /				
	<u>Haar</u> lewe is nie juis <u>geruster</u> -		<i>lig</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
	Maar waar nog <u>hoop</u> is, is nog <u>asem</u> !		<i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>sag/ b.sag</i>

KOMMENTAAR:

Pas op, ^ as hy sy ore <u>spits</u> , ^	<i>lig</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
O wêreld, <u>vol</u> van <u>sondighede</u> , ^		<i>stadig</i>	<i>sag</i>
Dan het hy 'n <u>Gedankenblitz</u> ; ^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
Dan skryf hy <u>puur</u> <u>spitsvondighede</u> .	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>b.hard</i>

AANTEKENINGE

"Vet" (Rose van herinnering, p. 85)

Op geestige wyse word die banale met die verhevene in verband gebring: in strofe 1, reëls 1-3, laat die blote aanskou van die vet tant Siena die werkers uitroep: *Dank die Heer*; in strofe 2 word haar *gaan sit* as 'n *wonderwerk* bestempel; in strofe 7 word haar liggaamsbou en die Suid-Afrikaanse geskiedenis in verband gebring (vgl. Schutte 1978: 13).

2. *antipon*: vet.

25. *Van Wow*: 'n Suid-Afrikaanse beeldhouer.

AANBIEDING

Vertolking

"Vet" word met 'groot erns' vertolk. Sodoende word die belaglike sterker beklemtoon. Die dialoog van die kinders en die landdros word onderskeidelik deur 'n hoë en lae stemplasing gesuggereer. Die vertolker probeer nie voorgee om tant Siena te wees nie.

Beweging

- 1-2. Sodra die lig begin indoof beweeg V1 agter op by D7 tot net binne D5.V1 begin praat sodra sy sigbaar is.
3. Op *Dank die Heer*: V1 skep die suggestie dat sy iemand agterna kyk.
5. V1 beweeg flink regs vorentoe na C5.
- 11-12. Na *kinders*: V1 leun vorentoe, plaas die regterhand langs die mond en fluister. Sy sê dit met ingehoue lag. Hierna neem V1 weer die normale staanposisie in.
14. *Nee ... jou*: V1 beweeg na B6.
18. V1 maak met albei hande 'n groot gebaar, asof sy 'n skare bymekaar roep.
20. Na *lag*: V1 beweeg twee kort treë na links en vra half fluisterend.
21. V1 draai na vore.
27. V1 draai met linkersy na vore.
28. Op *groter*: V1 ruk haar bolyf na agter asof sy vir iets skrik.

Beligting

Direk na *spitsvondighede* kruisdoof die lig vinnig na 'n laer intensiteit (7) op B5-7, C5-7 en D5-7. In die praktyk kom dit daarop neer dat die bogenoemde ligte aanbly en die res, soos vir "Skrikkeljaar", uitdoof. Die bogenoemde ligte verdof wel.

VET

(n Swaar voorwerp as ligte onderwerp)

Vet smet-Cats

			TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
Vl	1	As <u>ou</u> tant <u>Siena</u> <u>straat-op</u> loop, Om <u>antipon</u> of <u>spek</u> te koop,^ Sê <u>dié</u> wat <u>pad</u> maak: <u>Dank</u> die <u>Heer</u> ! En sit hul <u>sware</u> <u>stampers</u> <u>neer</u> .	lig medium/ donker medium	vinnig normaal/ stadig matig	normaal
	5	<u>Verlede</u> <u>Sondag</u> in die <u>kerk</u> , Merk ek nog weer die <u>wonderwerk</u> ,^ Die <u>eienaardigste</u> <u>geval</u> :^ Sy <u>wou</u> gaan sit~toe <u>sit</u> sy al!	 lig hoog	 vinnig matig stadig, vinnig	hard
	10	Kom <u>stipte</u> <u>meester</u> Van der <u>Dool</u> , 'n <u>Paar</u> minute <u>laat</u> op <u>skool</u> ,^ Dan sê die <u>kinders</u> :^ <u>Weet</u> jy <u>wat</u> ? Tant <u>Sien</u> was seker in sy <u>pad</u> !	medium medium^ hoog	matig matig^ vinnig	normaal normaal^ sag
	15	'n <u>Wewenaar</u> <u>wou</u> met haar <u>trou</u> :^ Die <u>landdros</u> sê:^ <u>Nee</u> , <u>bog</u> met <u>jou</u> !^ Dink <u>jy</u> miskien dis <u>hier</u> <u>Turky</u> ?^ <u>Ons</u> wet <u>verbied</u> <u>veelwywery</u> !^	medium ^laag	matig matig vinnig	normaal normaal hard
	20	Wil jy as <u>Volksraads</u> <u>lid</u> gaan staan,^ Roep <u>haar</u> byeen en <u>spreek</u> haar aan -^ Maar jy <u>alleen</u> met haar gaan <u>trou</u> ...!^ Jy laat my <u>lag</u> - wat <u>pla</u> vir jou?	 medium /laag	 matig /stadig	normaal hard /b.sag
		Een <u>Psalm</u> van <u>Dawid</u> maak haar <u>boos</u> : Dit stempel ' <u>vet</u> ' as ' <u>goddeloos</u> ': "Indien men op hun <u>voorspoed</u> let,^ "Hun <u>oogen</u> <u>puilen</u> <u>uit</u> van <u>vet</u> !"	medium donker	matig stadig	normaal
	25	<u>Suid-Afrika</u> !^ <u>So</u> moes Van <u>Wouw</u> , <u>Presies</u> soos sy, jou <u>beeltnis</u> hou: <u>Swaar</u> die <u>Verlede</u> agter, hoor,^ Maar <u>groter</u> nog die <u>Toekoms</u> voor!	medium donker lig	vinnig stadig vinnig	hard normaal hard

AANTEKENINGE

29. *einde*: Haar dood, maar ook haar sitvlak.

Borsbeeldjies

Behalwe "Die predikant" en "Die skoolmeester" is al die epigramme geneem uit "Borsbeeldjies" (Rose van herinnering, p. 102 e.v.). Bogenoemde twee kom uit "Populêre opvatting van" ("Die ewige misloper" uit Gedigte, p. 112 - 113).

Visser se vindingrykheid en spel met die woord kom hier sterk na vore;
byvoorbeeld die gebruik van *eng* uit *streng* en *Engele*,
*lang*dradig teenoor *kort* van draad,
die meerduidige betekenis van *uitrus*,
die paradoks in die woord *oudstryder*, *ens*.

Met die datering neem Visser die skerpheid of aanstoot, indien daar sou wees, uit die verse.

AANBIEDING

29. V1 beweeg na B7. Na *sag* steek sy skielik vas asof sy iets onthou.
32. Op *Net Vet*: V1 lig albei hande borshoogte en trek haar skouers op. Hierna verlaat sy die verhoog.

Borsbeeldjies

Die titel van elke epigram word telkens gesê, want die inhoud het eers sin as die gehoor weet op wie dit betrekking het.

Bewegings

Na die kruisdoof van die lig stap die vertolkers reguit en strak, een na die ander, elkeen na sy/haar eie plek: van regs V1 na A1, V2 na B2, V3 na C3, M1 na D4; van links M2 na C5, V4 na B6, V5 na A7.

Almal staan soos hulle ingestap het, met die sy na vore. Sodra V5 stilstaan sê almal "Borsbeeldjies". Hierna draai V1 na vore.

4. Na *eng*: V1 draai regs om en beweeg reguit af. Sodra V1 af is, draai V2 na vore.
8. Na *daaronder*: V2 draai regs om en beweeg reguit af.
Sodra V2 af is, draai V3 na vore.
12. Na *rus*: V3 draai terug na haar vorige posisie en M1 draai na vore.

Beligting

Nadat V1 af is, kruisdoof die lig na A1 en 7, B1 - 3 en 5-7,, C3 - 5 en D3 - 5.
Die intensiteit bly soos vir die vorige lig (7).

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
	Haar <u>einde</u> was <u>besonder</u> <u>sag</u> ,^	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
30	Al <u>was</u> dit ook 'n <u>sware</u> <u>slag</u> .	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
	Haar <u>val</u> was sonder <u>blaam</u> of <u>smet</u> .	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
	Die <u>oorsaak</u> van die <u>dood</u> : <u>Net</u> <u>Vet</u> !	<i>lig</i>	<i>matig</i> <i>b.stadig</i>	<i>normaal</i>

BORSBEELDJIES

'N TEOLOOG (17e eeu)

V1	1	Hy <u>is</u> nie net <u>gereformeer</u> ,^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		Maar - <u>nota bene</u> ~ - <u>streng</u> !^	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	
		Van <u>al</u> die <u>Engele</u> op die <u>leer</u> ~	<i>lig</i>	<i>matig</i>	
		Sien <u>hy</u> maar net die,^'eng'!	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	

'N PREDIKANT (18e eeu)

V2	5	Kom sê my die <u>beduidenis</u> ^	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
		-Ek moet my <u>so</u> <u>verwonder</u> -:			
		<u>Langdradig</u> op die <u>preekstoel</u> is ^	<i>medium</i>	<i>b.stadig</i>	<i>normaal</i>
		So <u>kort</u> van <u>draad</u> <u>daaronder</u> .	<i>lig</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>hard</i>

DIE PREDIKANT

V3		<u>Uitruster</u> is die <u>predikant</u> : ^	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
10		Hy <u>slaap</u> en <u>droom</u> met <u>lus</u> . ^		<i>b.stadig</i>	
		Die <u>lede</u> is die <u>ledikant</u> ~	<i>medium</i>	<i>matig</i> ,	<i>hard</i>
		Waar op hy <u>heerlik</u> <u>rus</u> !	<i>lig</i>	<i>b.stadig</i>	

AANBIEDING

16. Na *praat*: M1 draai terug na sy vorige posisie en V4 draai na vore.
20. Na *-pensioen*: V4 draai terug na haar vorige posisie en V5 draai na vore.
24. Na *weet*: V5 draai links om en beweeg reguit af. Dan draai V3 na vore.
V3 vertolk met baie handgebare en geaffekteerde spraak.
28. V3 beweeg na B2.
29. Op *rage*: V3 draai in die rondte.
30. Vanaf *gerun het*: V3 trippel giggelend uit. Na *het* draai V4 na vore,
en M2 gaan staan voor M1.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

'N VOLKSLEIER (enige eeu)

M1 Sy volk sal hom vereer, vertrou,[^]
Die toekoms in sy hande laat.[^]
15 Vir hom sal hulle glo al sou ...||
Al sou hy ook die waarheid praat! ||

medium, matig hard
lig b.stadig b.hard
donker b.vinnig sag

'N STRYDBARE MAN (onbekende nasionaliteit)

V4 Die harde stryd het hy vermy,[^]
Sy burgerpligte nie wou doen.|
Nou op sy ou-dag lewe hy
20 Van sy[^] 'Oudstryders'-pensioen! ||

donker stadig sag
medium matig normaal
lig
stadig

DIE SKOOLMEESTER

V5 En, meester, teken bietjie aan:[^]
(Jy kan dit lig vergeet) |
"Die meester wat die meeste slaan,|
"Is dié wat minste weet!" ||

medium matig normaal
lig vinnig sag
medium matig hard
donker stadig normaal

'N JONGE DAME (Westelike Provinsie ná 1803)

V3 25 Natuurlik is sy fyn beskaaf,[^]
Natuurlik is sy baie gaaf.[^]
Die yarns wat ons ge-spun het![^]
"Onlangs het ons 'n play ge-stage,[^]
Vertel sy.[^] "Dit was so die rage,[^]
30 "Dat dit three nights ge-run het!" ||

lig vinnig hard
hoog b.vinnig
medium matig normaal
lig vinnig hard
hoog, b.vinnig b.hard
lig

AANTEKENINGE

Kommentaar

Hierdie epigram is geneem uit "Menschlich alzu menschlich" in "Die ewige misloper" (Gedigte, p. 109).

Hier word verwys na die voorlaaste strofe van "Die steweltjies van Sannie" deur F. W. Reitz.

AANBIEDING

31. M1 skreeu dit vir M2.
34. Na *jou*: M1 besef na 'n oomblik die implikasie van M2 se woorde, vervies hom en stap verontwaardig by D1 af. Hierna kom V6 by D7 op en gaan lê met haar kop op M2 se skouer terwyl sy M2 se hand vat. Dan sê V4 die opskrif van die borsbeeldjie.
38. Na *bloos*: V6 lig haar kop op en los M2 se hand.
39. Na *zoentjie*: M2 sit sy hand agter sy linkeroor en leun met sy kop oor om V6 se antwoord te verneem. M2 kyk dus reguit na die gehoor.
40. Na *sy*: V6 vat haar hande agter haar rug vas en leun toe oë na M2, asof sy vir die soen wag.
- 41-42. M2 interpreteer V6 se woorde verkeerd, en baie verbaas en teleurgestel kom hy regop, gee 'n tree vorentoe en stap voor V6 verby van die verhoog af. Tydens hierdie woorde kyk M2 deurgaans vir die gehoor. M2 is dus onbewus van V6, wat nog steeds vir haar soen wag.
42. Na *gekom nie*: V5 maak haar oë oop om te sien wanneer die langverwagte soen kom. V5 bemerk dat M2 weg is, en baie afgehaal en na aan trane verlaat sy die verhoog by C1. V4 verlaat ook die verhoog voor links.

Kommentaar

As die verhoog leeg is, beweeg V7 van links agter na B6. Sy begin praat sodra sy sigbaar is, en kom tot stilstand as die groep, van agter die coulisse, haar skepties in die rede val. Met 'n verdwaasde uitdrukking verlaat V7 vinnig die verhoog by B7.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
V4	DIE SAGTE ANTWOORD (groep modern) ('n Briesende Fries ontmoet 'n vriesende bries)	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
M1	"Nou, <u>ga</u> je naar den <u>duivel</u> dan! ..." ^	<i>lig</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>b.hard</i>
V4	Het hy hom <u>toegesnou</u> .	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
M2	"Dit is <u>onnodig</u> , <u>lieuwe man</u> :	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	
	"Ek staan dan <u>vlak voor jou</u> !"	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	<i>sag</i>
V4	'N KLEIN MISVERSTAND (Nederlands- Afrikaansche groep)	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
M2 35	"Wat is <u>één zoentjie wonderzoet</u> !" ^	<i>lig</i>	<i>matig</i>	<i>sag</i>
V4	Het hy <u>verlief</u> aan haar gesê. ^	<i>donker</i>		<i>normaal</i>
	Haar <u>wange</u> word so <u>rooi</u> as <u>bloed</u> ↵	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	
	Terwyl sy <u>bloos</u> : ^{V6} "Dit wil ek <u>hê</u> !" ^	<i>/hoog</i>	<i>/stadig</i>	<i>/sag</i>
M2	"Wil je 'n <u>zoentjie</u> ?" ^{V4} vra hy <u>bly</u> ; ^	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
40	Toe <u>antwoord</u> sy: ^ "Ek <u>gee</u> nie <u>om</u> <u>nie</u> !"	<i>medium/</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
M2	"Zij <u>geeft</u> er <u>niet</u> voor <u>om</u> ," ^{V4} dink hy	<i>lig</i> <i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>sag</i>
	En van die <u>soen</u> ^ het <u>niks</u> gekom nie.	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
KOMMENTAAR:				
V7	"'n <u>Mens</u> die <u>bly</u> tog maar 'n <u>mens</u> ," ↵	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	Sê <u>Reitz</u> , en wil <u>betreur</u> ^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	
	" <u>Net</u> soos hy <u>kry al</u> wat hy <u>wens</u> ..." ^	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
G	Asof <u>dit</u> ooit <u>gebeur</u> !	<i>medium</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.hard</i>

AANTEKENINGE

"Lotos-land" (Gedigte, p. 89 e.v.)

Lotos-land: Dit is die land van drome en vergetelheid waaruit niemand weer wil terugkeer nadat hy die lotuslelie geëet het nie. Die gegewens kom voor in die negende boek van Homeros se *Odissee*. Die Engelse aanhaling kom uit "The Lotus-Eaters" van Tennyson, wat ook bogenoemde stof as onderwerp het. Perceval Gibbon word erken, omdat "Lotos-land" gebaseer is op sy verhaal "Piet Naude's Trek" uit *The Vrouw Grobelaar's Leading Cases*. (Die verhaal word in *Dubbelloop* van D. J. Opperman en C. J. M. Nienaber 1966 : 106-109 weergegee.) Soos reeds genoem is hierdie gedig 'n parodie, dit wil sê "iets swaars, of dieps, of hoogs, (word) in 'n komiese toonaard" getransponeer (Van Wyk Louw 1972: 127). Wat die nie-literêre parodie betref, gebruik Visser Bybelse gegewe, naamlik Israel se trek van Egipte na Kanaän, asook die Groot Trek. Die literêre parodie het betrekking op Celliers, Langenhoven, Leipoldt, Malherbe en Totius.

Die geestigheid word verder verkry deur die geleerde en verhewe titels en woordgebruik in teenstelling met die onhistoriese stof, die erns waarmee onmoontlike situasies tot waarheid omgeskep word, en die kostelike volkse beskrywings. Volgens Schutte (1978: 18) is "Lotos-land" "ons eerste Afrikaanse komies-heroïese gedig en nog steeds dié hoogtepunt in hierdie genre".

1. *Exodus*: uittog.

1. Dit is ook die eerste reël van "Die ossewa" van Celliers.

6. Hierdie reël sinspeel moontlik op Langenhoven se "statiese essays" (Kannemeyer 1978: 253).

9-10. Deur kostelike segging trek Visser 'n parallel tussen Moses en Naudé.

11. Dis 'n woordspeling op "sagmoedige Neelsie". Die gebruik van *Rouvolk* na aanleiding van roukoop is baie vindingryk.

16. Die alliterasie verhoog die geestigheid. Hierdie reël herinner aan die laaste reël van strofe 4 van "Die ossewa": *maar hul beur, en die vrag bring hul daar*.

AANBIEDING

Groepering en beweging

Die groep bestaan uit M1-3 en V1-10. Die groep verdeel in twee subgroepe van ses en sewe, met M1 en M2 in die subgroep met die ongelyke getal. Elke subgroep verdeel verder in twee rye, met M1-3 voor in die agterste ry.

1. G kom by D1 en D7 op. Hulle beweeg gebukkend en gee telkens 'n tree op die woorde *osse, aan en stowwe*. Dié reël word sterk metries vertolk.

2. G kom regop en draai hulle koppe na die gehoor.

3. Op *rooi*: G leun vooroor, maak 'n vuus met die hand naaste aan die gehoor en lig die elmboog na agter op.

4. Na *Voortrekker*: M2 beweeg na D4 en die res van G kom regop, laat sak die arm en kyk op *Naudé* na M2.

5. G kyk vir die gehoor.

6. G praat nasaal en kyk na agter in die coulisse asof hulle iets sien.

7. Op *sukkel en spook*: G beweeg twee kort treë nader na die middel van die verhoog.

8. Op *Kaffers*: G plaas die voorste voet terug, met die bolyf na agter geleun, asof hulle terugdeins.

9. G draai na vore.

11-12. Die vertolkers in die voorste ry van beide groepe sak af tot op hulle hurke en die agterstes leun op mekaar of op die voorstes. Die G sê hierdie twee reëls vir mekaar. Na *gegee*: G wand hulle weer tot die gehoor.

LOTOS-LAND

(Onhistories)

(Opgedra met erkentlikheid aan Perceval Gibbon)

Let us swear an oath and keep it with an equal mind
In the hollow Lotus Land to live and lie reclined
..... Tennyson

(1. Exodus)

G	1	Die <u>osse</u> stap <u>aan</u> deur die <u>stowwe</u> :^	<i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>normaal</i>
		- Nie die <u>osse</u> van <u>Jan F. Celliers</u> ,^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	
		Maar <u>rooi Afrikaners</u> en <u>Mowwe</u> ,			<i>hard</i>
		Van die <u>vorste voortrekker</u> ,^ <u>Naudé</u> .			
5		Die <u>waens</u> van <u>Celliers</u> was dit <u>ook</u> nie,	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		Want oom <u>Neelsie</u> se <u>wa</u> bly weer <u>staan</u> ;	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	
		Praat <u>nooit</u> van die <u>sukkel</u> en <u>spook</u> nie,^	<i>medium</i>	<i>matig</i>	
		En daar <u>voor</u> kom die <u>Kaffers</u> al aan.		<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
10		Had <u>Moses</u> dit <u>swaar</u> met <u>Gods</u> ou <u>Volk</u> ,^	<i>laag</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
		O laat <u>staan</u> nie vir <u>Pieter Naudé</u> ;	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		<u>Mismoedige Neelsies</u> en <u>Rouvolk</u> ,	<i>lig</i>		
		Het vir hom ook <u>grys hare</u> gegee.	<i>laag</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
15		Maar <u>wanneer</u> wis <u>Pieter</u> nie <u>raad</u> nie?^	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		En vir <u>watter</u> <u>gevaar</u> sou hy <u>stuit</u> ?^			
		Hy <u>word</u> nie <u>vervaard</u> , ook nie <u>kwaad</u> nie!	<i>lig</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
		Maar al <u>bars</u> dit hy <u>beur</u> tog <u>bo-uit</u> !	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>b.hard</i>
20		So <u>trek</u> hul al <u>verder</u> en <u>verder</u> ^	<i>lig</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		En <u>gesels</u> as die <u>kampvure brand</u> ;^			
		Piet <u>luister</u> en <u>skrik</u> ,^ want O <u>Herder</u> !~	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	<i>sag</i>
		Almal <u>droom</u> van 'n <u>Luilekkerland</u> !			<i>hard</i>

AANBIEDING - vervolg

15. G kom geleidelik orient.
16. Vanaf *bars*: Met die binneverhooghand, dit wil sê die regterhand vir die groep links op die verhoog en die linkerhand vir die groep regs, word 'n vuus voor die bors gemaak en geleidelik tot bo gestrek.
17. Op *verder en verder*: G beweeg twee kort treë nader na die middel (D4). Die hand, wat nog steeds in die lug is, word oopgemaak en op elke tree opgelig en by die pols laat sak.
18. Elke groep vorm 'n sirkel. Vandie voorstes gaan sit, en die ander neem elkeen 'n informele houding aan. Na *brand* draai G hulle koppe vinnig na die gehoor toe.
- 19-20. M1, wat in hierdie stadium op D5 staan, sê dié woorde taamlik ontsteld.

Beligting

Na die slotwoorde van G agter die coulisse kruisdoof die lig redelik vinnig na C1-7 en D1-7. Die intensiteit bly dieselfde (7).

24. Na *verby*: Die lig op A1-7 en B1-7 doof teen 'n middelmatige tempo in. Die intensiteit van al die bogenoemde ligte neem ook toe (9) en dit bly so tot die einde toe.

AANTEKENINGE

2. *Kanaän, O Kanaän!*: Die dramatiese herhaling en die Bybelse gegewe wat dit binne hierdie verband oproep, maak dit baie geestig.
- 27-28. Weer eens die parallel met 'n Bybelse gegewe. Hier verlang hulle wel nie terug na die spreekwoordelike vleispotte van Egipte nie. Die Bybelse uitdrukking word opsetlik en met geestige gevolge, omgekeer.
- 29-40. Hierdie gegewe, naamlik die volop vrugte, die mak diere en die daggarokery, is direk oorgeneem uit Gibbon se verhaal.
43. Deur middel van alliterasie word hier gespot met Leipoldt se "lentepeësie".
46. Hier word verwys na D. F. Malherbe se "'blote'natuurbeskrywing" (Van Wyk Louw 1972: 124) en ook moontlik sy gloedvolle en vloeiende skryfstyl.

AANBIEDING

Kanaän, O Kanaän is die enigste onderopskrif wat wel gesê word. Tydens die sê daarvan kyk G van links na regs in die gehoor, as sou hulle die uitstekende land betrag.

21. Die twee groepe draai na mekaar toe en beweeg tot baie naby mekaar, sodat hulle op D3-5 weer een groep vorm. (Tot in hierdie stadium was G nog net op die gelykvlak.)
22. G draai na vore, en die vier middelste vertolkers beweeg twee treë in die rigting van C4. Twee vertolkers aan weerskante van hierdie vier gee elk een tree vorentoe. (Die groepering vorm 'n V.)
24. M1 plaas sy hande langs sy mond en roep dit uit.
- 25-26. G versprei oor die hele verhoog in 'n groepering wat nie simmetries is nie maar tog gebalanseerd is ten opsigte van die verhoog links en regs. (Die voorste vertolkers kom na vore en die middelstes versprei na die kante.) 'n Suggestie word geskep van die land wat in besit geneem word.
27. G draai na vore, en op *dure gelofte* lig hulle die hand naaste aan die coulisse tot langs die skouer, met die palm na vore - baie plegtig.
28. Op *Egipte*: Dieselfde arm word diagonaal na bo gestrek.
29. G draai hulle koppe sodat hulle na die hand in die lug kyk.
30. Op *skuimend bergaf*: Hande en koppe maak 'n vinnige afwaartse beweging tot voor die liggaam. Na *grond* rig G hulle weer tot die gehoor.
32. G sê dit met oordrewe klem vir mekaar.
33. G wend hulle tot die gehoor.
34. Op *melk*: Vier van die voorste dames sak af tot op hulle knieë, met die koppe na onder, en op *bak* lig hulle hulle koppe op.
- 35-36. Die res, wat staan, beweeg sleepvoetend twee kort treë vorentoe.
- 37-38. G vorm groepies van twee of drie. Elkeen neem 'n eie verveelde houding aan.
- 39-40. Op die metriese klem van die reëls suggereer M1-3 die op-en-afbewegings van iemand wat perdry. Op *bloots* sak hulle laer af as die ander kere.
41. Die vertolkers aan die kante beweeg geleidelik na die middel.
42. Na *wa*: G vorm vinnig 'n formele V-groepering met die punt agter in die middel (B2, C3, D4, C5, B6).
43. Op elke 1, wat oordrewe geartikuleer word, word die kop telkens 'n entjie verder en hoër in die rigting van die buiteskouer gelig.
44. Met 'n vloeiende boogbeweging word die kop na die normale posisie teruggebring.
45. Op *kielie*: G gee 'n baie klein sprongetjie vorentoe terwyl die hand naaste aan die gehoor na vore gebring word, as sou hulle iets kielie.
46. Die bogenoemde hand word gestrek en stadig en weids diagonaal na agter beweeg, terwyl die kop die hand volg. Hierdie reël word gesing-praat.
- 47-48. Die hand word vinnig laat sak, en informele houdings word aangeneem. (G is op B3-5 en C3-5.) Hierdie twee reëls word ongekuilteerd en plat uitgespreek.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
G	(2. Kanaän, O Kanaän!)	laag	b.stadig	normaal
	En <u>werklik</u> na <u>vele</u> <u>gehare</u> ↘	lig	vinnig	
	Land hul <u>aan</u> in 'n <u>skone</u> <u>vallei</u> ;	medium	stadig	
	<u>Geen</u> <u>roofdiere</u> daar of <u>barbare</u> :		matig	
M2	" <u>Span</u> maar <u>uit</u> , want die <u>trek</u> is <u>verby</u> !"	lig		b.hard
G 25	Ja <u>hier</u> is die <u>Land</u> der <u>Belofte</u> ∧	medium	matig	normaal
	En die <u>spruitjie</u> is hulle <u>Jordaan</u> ;			
	Elkeen <u>sweer</u> 'n <u>dure</u> <u>gelofte</u> , ∧	laag	stadig	hard
	<u>Nooit</u> weer t'rug na <u>Egipte</u> te <u>gaan</u> .			
30	Die <u>bergstrome</u> <u>glinster</u> en <u>klater</u> ↘	hoog	vinnig	normaal
	En kom <u>skuimend</u> <u>bergaf</u> na die <u>grond</u> , ∧			
	Wat <u>vrugte</u> is <u>groei</u> langs die <u>water</u> ,	lig		
	<u>Ryp</u> en <u>soet</u> dat dit <u>smelt</u> in die <u>mond</u> .		matig	
	Die <u>koedoes</u> kom <u>skuur</u> teen die <u>waens</u> , ∧	medium	stadig	
	Die <u>swartwitpens</u> drink <u>melk</u> uit 'n <u>bak</u> ,		matig	
35	Die <u>blou-wildebeeste</u> kom <u>saens</u> ↘	donker	stadig	normaal
	Na die <u>laer</u> , op hul <u>dooie</u> <u>gemak</u> .	laag	b.stadig	sag
	Die <u>bruinvolk</u> rook <u>deur</u> - 'n- <u>bank</u> <u>dagga</u> ↘	medium	matig	normaal
	In 'n <u>salige</u> <u>niksdoen</u> en <u>droom</u> ; ∧	lig		
	Oom <u>Bart</u> se Klein <u>Bart</u> ry 'n <u>kwagga</u> ↘	hoog	b.vinnig	hard
40	Sommer <u>bloots</u> sonder <u>halter</u> of <u>toom</u> .			b.hard
	Die <u>rooibokke</u> <u>wei</u> by die <u>tente</u> , ∧	medium	matig	normaal
	Net so <u>mak</u> soos die <u>bok</u> van 'n <u>wa</u> ;			
	'n <u>Landstreek</u> van <u>Leipoldtse</u> <u>lente</u>	lig-hoog		hard
	Waar geen <u>lewenslas</u> <u>hinder</u> of <u>pla</u> .	medium	stadig	normaal
45	Die <u>grond</u> hoef hulle <u>net</u> maar te <u>kielie</u> ↗	lig	vinnig	
	Vir <u>Malherbe</u> se <u>lande</u> vol <u>graan</u> ; ∧	laag	b.stadig	hard
	Of <u>Jona</u> se <u>eersteprys-mielie</u> ↘	medium	vinnig	
	<u>Trou</u> bewaak deur 'n <u>mak</u> <u>bobbejaan</u> .			

AANTEKENINGE

3. *Adipositas Praecox*: 'n Mediese term vir vetsugtigheid; ook te vroeë, voortydige vervetting.
4. *Naudé loquitur*: Naudé praat.
- 61-63. Geestig is die gebruik van *O Broeders*, *O Moeders* en *tawwerts*.
64. Dit is 'n parodie op die volkslyding soos dit in Totius se *Trekkerswee* verbeeld word.

AANBIEDING

- 49-50. G versprei geleidelik oor die volle verhoog.
54. G draai hulle rug na die gehoor.
- 55-56. G draai weer terug.
- 57-59. VG gaan een na die ander lomp en ongemaklik sit, elkeen op haar eie manier.
61. M2 is op D4.M2 vertolk sy dialoog baie sterk en ontsteld.
63. M2 beweeg na C3 en spreek 'n vrou aan.
65. M2 beweeg na B5.
69. M2 beweeg na C3.
72. Na *hier*: M2 beweeg na B1, sê dan *sak en pak* en beweeg uit.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

(3. Adipositas Praecox)

50	Die <u>trekkers</u> word <u>dikker</u> en <u>vetter</u> ^	donker	<u>stadig</u>	normaal
	In die <u>Luilekkerland</u> in die <u>kloof</u> ,^		b.stadig	sag
	Tot <u>skraal</u> Piet <u>Verster</u> word <u>gesetter</u> -	medium	matig	normaal
	'n <u>Profeet</u> van die <u>lekker geloof</u> !	lig	vinnig	hard
55	Geen <u>naat</u> wat nog <u>hou</u> aan 'n <u>baadjie</u> ,^	medium		
	<u>Verantwoordelikste knope</u> spring <u>af</u> ,	lig	b.vinnig	
	Ou <u>maer</u> Jan de <u>Jaer</u> kry 'n <u>vaatjie</u> ;	medium	matig	normaal
	Tot die <u>hond</u> is te <u>lui</u> om te <u>blaf</u> .	donker	b.stadig	sag
M2 60	Die <u>rietskraalste nooi</u> word al <u>plomper</u>	hoog, medium	matig,	hard
	En die <u>vrouens versit</u> meer <u>geen tree</u> ,			
	<u>Beweging</u> word <u>gaandeweg lomper</u> ;^	donker	b.stadig	sag
	"Wat te <u>erg</u> is, 's te <u>erg</u> " ^{VG} ^sê <u>Naudé</u> .	medium^ donker	b.vinnig^ stadig	b.hard^ normaal

(4. Naudé loquitur)

M2	"'n <u>Vyand bedreig</u> ons, O <u>Broeders</u> ,^	donker	vinnig	hard
	"En 'n <u>vyand</u> op wie ons moet <u>let</u> ; ^	medium		
	"Te <u>glad</u> sit jul <u>tawwerts</u> , O <u>Moeders</u> ,^	donker		
	" <u>Trekkerswee</u> is per slot <u>trekkersvet</u> !^	lig	b.vinnig	b.hard
65	"Veel <u>beter</u> om <u>eind'loos</u> te <u>swerwe</u> ,~	medium	matig,	normaal
	"Teen <u>gehare</u> ons <u>man</u> weer te <u>staan</u> ,^			
	"As <u>hier</u> in <u>gemak</u> te <u>verderwe</u> ~	lig	vinnig,	hard
	"En in <u>smorende vet</u> te <u>vergaan</u> !	donker	stadig	
70	" <u>Veel voorspoed</u> word later 'n <u>ketting</u> ,~	medium	matig	
	"En 'n <u>dwing'land</u> die <u>luie gemak</u> ;^			
	"Te <u>gronde</u> gaan ons deur <u>vervetting</u> ;	donker	vinnig	
	" <u>Môre trek</u> ons van <u>hier</u> ,^sak en pak!"		b.vinnig/ b.stadig	b.hard

AANTEKENINGE

5. *Vox Populi*: die stem van die volk.
- 73-76. Visser spot hier implisiet met die dwarstrekker van die Voortrekkers.
81. In Gibbon se verhaal is daar ook 'n Hendrik van der Merwe, wat die groep saam met Naudé verlaat het.
83. Hier word die voorlaaste reël van die slotstrofe van Celliers se "Die ossewa" gebruik.
88. Kostelik is die verklaring van die naam *Vet-rivier*.
6. *Haec fabella docet*: hierdie fabel leer (ons).

Die slot is verrassend met sy sedelessie, wat niks met die voorafgaande te doen het nie. So word gespot met die sedeles wat elke storie moet hê. Hierdie gewese het Visser ook by Gibbon gekry: "'And what is the moral?' asked little Koos, who supplies the part of the Greek chorus. 'The moral', replies the old lady in her most impressive manner, 'is that you should obey your elders, learn your psalms, get up early, shut the door after you, tell the truth, and blow your nose'".

AANBIEDING

73. M3 is op D3. M3 praat met M2.
74. Na *Kommandant*: M2 beweeg by B1 uit.
75. V1 sit op C6.
77. M1 is op D5.
- 81-88. VG vries.
83. M1 beweeg na C6.
85. M1 beweeg na B7.
Die mond is natuurlike die gewone spraakorgaan,

- V1 10 maar nie die enigste nie.Λ Baie mense praat deur hulle neus en

AANBIEDING

- 15. Op *handgemeen*: V1 beweeg haar hande vinnig van voor die bors tot agter die rug.
- 15-17. V1 beweeg stadig agter om M1.
- 17. Op *dawer*: V1 maak 'n groot handgebaar en stamp M1 van sy hurke af.
- 29. V1 beweeg na B5.
- 41. Na *te lank*: V1 beweeg na C3.
- 42. Op *Jan*: V1 draai vinnig om na M1 toe.

15 nog meer deur hulle nek.^Λ ['n Meisiemens kan so maklik met haar
 oë die waarheid vertel, terwyl haar mond haar skuldig maak aan
 die negende gebod.] En die stomme dowe mense, wat gewoonlik
 ook doofstom is, praat met hulle hande,^Λ en moenie praat as hulle
 20 handgemeen raak nie! ^Λ Ek het gesien dat 'n dowe vrou haar
stomme man, met haar vingers, só op die vingers getik het dat
 hy gedawer het op sy grondveste.^Λ So stom soos sy was, het sy
 hom só taai gesê dat hy, so doof as hy was, ^Λ die waarheid heel
 gehoor het. | [In gemengde skole ken die meisies en seuns van
 25 Standerds VI en VII die vingertaal beter as hul Latyn. Ek twy=
 fel nie of Marconi dit geken het toe hy opgeskote was nie en dat dit
 die oorsprong van die draadlose telegrafie was. 'n Mens kan
 soms met jou voet onder die tafel vir 'n nooi iets sê wat jy nie
 30 bó die tafel voor haar pa en ma sal wil herhaal nie. 'n Goeie
 begrip het maar 'n klein nommer steweltjie nodig! Buitendien
 'n man se gedrag spreek soms meer as sy woorde. So hoef iemand
 wat byvoorbeeld jaloers is, niks te sê nie en tog sal dit vir
 almal klaarblyklik wees dat hy Jantjie se geelbaadjie aanhet.]

30 Ons heg miskien te veel waarde aan die besit van spraakvermoë.^Λ
 As 'n ongeluk iemand tref, sê ons: Foei tog, die stomme man!^Λ
 Lyk iemand bedruk, dan sê ons: Hy is bek-af! |

35 [Die mond is spreekwoordelik bedrieglik! Ek ken 'n dametjie met
 'n klein mondjie, 'n sagte stemmetjie, dit lyk asof sy swaar kry
 om "pruim" te sê, sy drink net 'n druppeltjie, sy eet net 'n
 krummeltjie en tog is sy 'n klein duiweltjie (rissie). Die tong
 is een van die sterkste dinge in die wêreld en menigeen se mond
 het al gemaak dat hy die anderdag 'n halfkroon aan Zambuksalf
 moes spandeer. Tog is dit beter om te skel as om te lol!]

40 Daar was eendag 'n Hollander by 'n predikant in diens en die
 arme kêrel kon die dominee nie tevrede stel nie.^Λ Dit was altyd
hier te kort en daar te lank. Van die môre tot die aand was
 dit:^Λ Jan maak sus, Jan maak so;^Λ het jy tog nie, het jy nog nie? ||
 Maar Jan kón swyg. | Net eendag het dit vir hom te veel geraak.^Λ
 45 "Jan," sê meneer vir hom,^Λ "as jy só ongehoorsaam vir jou aardse
 meester is, hoe sal jy vir jou Hemelse Meester gehoorsaam wees ^Λ
 en as jy nie gehoorsaam is nie, hoe sal jy dan in die hemel kom?" |

AANBIEDING

49. V1 gee 'n vinnige tree agteruit.
56-57. V1 spreek die gehoor aan.
62. Op *sing*: V1 tree vorentoe na links. Op *asemhaal*: V1 tree vorentoe na regs.
63. Op *heeldag*: V1 tree vorentoe na regs en nog 'n tree na regs op *skewe=mond*, sodat sy op B2 staan.
65. M1 beweeg tot links van V1. ('n Hewige woordewisseling vind plaas in reëls 65 - 71.)
71. V1 steek feitlik haar vinger in M1 se mond.

M1 "Ik vraag pardon, meneer," [sê Jan,] "maar daar ga
ik niet heen."

V1 "Wat! Wens jy nie na die hemel te gaan nie?"A

M1 50 "Nee, meneer, ziet u, ik wil rust hebben. | Als ik
daar komt, zal u natuurlik ook daar wezen en dan weet
ik hoe't er zal toegaan: A 't zal zijn: A Jan, blaast uit
de zon; A Jan, steekt aan't maan; A Jan, brandt de ster=
retjes al? Jan, waar is mijn onweder? A Jan, haalt de
55 blits. | Nee, meneer, ik wil rust hebben na mijn dood". ||

V1 Die les uit voorgaande is duidelik: liewer 'n vinnige geskel en
basta! as 'n stadige gelol sonder einde. |

60 [Pas op vir 'n man wat kan swyg. Daar skuil iets agter - goed of
kwaad. Van 'n jong seun wat die heeldag, winter en somer, met
sy oop mond sit, het 'n mens niks te vrees nie - niks te hoop nie!
Hy sal nie onder sensuur kom nie. Hy sal ook nooit ouderling
word nie.]
Sing en praat met 'n toemond, A asemhaal en eet met 'n oopmond, A
heeldag sit met 'n dikmond en somtyds 'n skewemond trek, is lelike
gewoontes. A

M1 65 Allerhande goed praat as jy kwaad is en allerhande kwaad praat
as jy goed is, is nóg leliker.

V1 Liewer een maal op die bek geval as dikwels die mond verbrand. |

M1 Dit spreek sleg vir jou verlede sê die predikant, as daar on=
reinheid by jou mond uitkom;

V1 70 dit spreek sleg vir jou toekoms, sê die dokter, as daar onrein=
heid by jou mond ingaan. |

75 [In nou verband met die mond as spraakorgaan staan die mond as
musiekinstrument. Daar is iets verkeerd met 'n volk wat nie
sing nie! Die menslike stem is en bly die beste musiek, vat=
baar vir die hoogste ontwikkeling! Tereg sê 'n digter dat dit

AANBIEDING

99. Voor *Ten slotte*: M1 draai na die gehoor toe en maak asof hy iets wil sê. V1 val hom egter in die rede, druk M1 weg en gaan staan voor M1.
102. Na *toelê nie*: M1 beweeg tot regs voor V1 en wil weer begin praat, maar V1 val hom in die rede en gaan staan reg voor M1.

kwalik gesteld is met 'n volk wat nie liedere het nie, maar dit is kwaliker gesteld met 'n man wat musikaal is in sy sluk.

80 Party mense is musikaal in hul voete en dans goed, ander in hul hande en speel goed, ander in hul siele en luister goed, maar oom Klaas was musikaal in sy sluk. Eendag sit hy te Pretoria in die Transvaal-Hotel en eet en daar speel 'n "band" gedurende die etenstyd. Toe die sop bedien word, speel hulle 'n stadige wals, met die gevolg dat elke lepel sop koud was voordat oom Klaas dit insluk. Toe die vis kom, slaan hulle 'n polka aan.

85 Die gevolg was dat oom Klaas nie sy draai kon kry om die visgrate uit te haal nie en ek was 'n paar dae net in die nood vir hom. Saam met die beesvleis speel hulle 'n klassieke fantasie wat meebring dat oom Klaas een koutjie vyftig maal gekou het en die ander heel ingesluk het. Dit het vir my gelyk asof hy hier

90 en daar vals gegaan het, maar dit is ook nie maklik om na Wagner en Beethoven se musiek te éét nie.

Toe die drankies inkom, speel hulle 'n galop - vinniger en al vinniger. Toe hulle 'n halfuur later al die nasionale liedere speel, het oom Klaas omtrent ál die nasionale drankie binne -

95 van 'n Hollandse jenewer tot 'n Amerikaanse "cocktail". Sy eerste woorde die volgende môre was: "Kent gij dat Volk wiens Neerlands bloed in d'aadren vloeit" en "God save die Wacht am Rhein".

V1

100 Ten slotte 'n ernstige woordjie! Die Perse het drie dinge aan hulle kinders geleer: perdry, raak skiet en waarheid praat, en dit sou nie sleg wees as die Suid-Afrikaanse jeug, en veral die jongelingskap, hulle op dié drie dinge toe lê nie.

105 [Dis soms nog moeiliker om by die waarheid te bly as om op 'n wys perd te bly sit, of om in die kol te skiet.] Vir die orige: Sê iets wat die moeite werd is om te sê, of swyg. Dat 'n mens twee oë, twee ore en maar één mond het, is geen rede om aanéén te praat nie! [Die grafte onder ons, die sterre bo ons, die berge om ons is almal stil en tog ... wie hulle stem nie kan hoor nie, is Oos-Indies doof.]

AANBIEDING

121. M1 besluit tot hiertoe en nie verder nie. M1 trek V1 by hom verby en stoot haar by B7 van die verhoog af. Vir die eerste keer skrik V1 en net voor sy van die verhoog af is, sê sy reël 122.
M1 kom terug na A5 en kondig die pouse aan.
Hierna beweeg M1 van die verhoog af.

Beligting

Na M1 se slotwoorde doof die huisligte redelik vinnig in. Hierna doof die verhooglig stadig uit, en sodra die gehoor na die foyer beweeg, trek die gordyn toe.

110 'n Rympie van Vader Cats kom hier te pas:

"Wie dōēn en echter swijgen kan
Dien houd ik voor een zeker man
Aan wien men vrij en groot beslag
Ook zonder schroom betrouwen mag,

115 Maar die schier niets ter wereld doet
Dan dat een ieder weten moet
Die is onstienstig overal
En baart alleen maar ongeval.

Wel leert dan swijgen zoete jeugd
120 Want swijgen is een schoone deugd."]

M1 Hoor wie praat! |

V1 Dames en here, ek swyg! ||

KOMMENTAAR:

M1 Met ander woorde, dames en here, dit is pouse. |||

AANBIEDING

Tydens die pouse het die groep met kitaarbegeleiding die volgende Visserliedjies gesing op die melodieë soos dit in die FAK-bundel (1968) voorkom:

- "Kalwerliefde" (p. 249 uit Gedigte, p. 161 e.v.);
 - "Die Pêrel se klokkies" (p. 250 uit Gedigte, p. 178 - 179);
 - "Diamanda" (p. 151 uit Rose van herinnering, p. 36);
 - "Land, volk en taal" (p. 26 uit Gedigte, p. 174 - 175);
 - "Met 'n mandjie rose" (p. 186 uit Gedigte, p. 138).
- Laasgenoemde liedjie is slegs deur die dames gesing.

1. KALWERLIEFDE

Wysie: I come from Alabama.

Amerikaans.

(Transvalia = Koshuis vir dogters

Concordia = Koshuis vir seuns op Heidelberg, Transvaal).

Daar oorkant in Transvalia,

Daar woon 'n liefste kind

Sy is die appel van my oog

En ek haar beste vrind!

O my Diena!

Hoe is jy tog so fraai?

Ek voel my reeds in Kanaän,

As ons twee tiekiedraai.

Jy woon daar halfpad na die lug

So onbereikbaar ver;

Die liggie in jou venster is

My aand- en môrester!

O, my Liena

Jy's as 'n ster so skoon-

Net jammer dat jy in die lug,

En ek op aarde woon.

En weet jy wat Concordia

Wil sê in Afrikaans?

Twee hartjies wat net eners klop

Van smôrens vroeg tot saans!

O my Miena

Hoe is jy tog so lief?

Jy't lankal reeds my hart gesteel,

Jou soetste hartedief.

Elk' aand voor ek aan slaap kan raak

Dink ek nogeens aan jou;

Aan goue lokkies ongebind

En aan twee ogies blou!

O my Niena

Hoe is jy tog so mooi?

Is daar 'n lelie wit soos jy,

'n Roos as jy so rooi?

Daar buite op die voetbalveld
Speel ek my pers en blou;
En in die skool leer ek my grys -
En alles net vir jou!

O my Siena
Hoe lyk jy so piekfyn?
Wat is die wêreld sonder jou?
Soos sonder goud 'n myn!

En word ek eendag president
Van heel Suidafrika,
Dan gaan ons na die hoofstad toe
Ons tweetjies op 'n wa!

O my Tiena
Jy span tog maar die kroon;
Hier is my hart so teer en trou
Vir jou om in te woon!

2. DIE PÊREL SE KLOKKIES

Melodie: "Die Würzburger Glöckli"
(Oostenryks)

Die Pêrel se klokkies
Het 'n mooie geluid,
En die Bolandse noointjies
Sien liefies daaruit.
La la la ...

Die Bergrivier vloei daar
So helder as glas.
En ek kan nie ontken nie,
Hoe lief jul my was.
La la la ...

'n Klein bietjie liefde
En 'n klein bietjie trou;
En 'n klein bietjie valsheid
En daar het jy 'n vrou!
La la la ...

Maar die Onderveld roep my
Dis nou oulaas se sien;
Ek sal treur van verlange
Na julle ... miskien!
La la la ...

3. DIAMANDA

Du hast Diamanten und Perlen.
Heine.

Jy het diamante wat skitter,
Jy 't al wat 'n mens kan begeer;
Want jy het die skattigste ogies -
Klein liefeling, wat wil jy nog meer?

Ek delf in my brein - ag! - wanhopig
Vir woorde so gloeiend, so teer
Soos daardie betowerende ogies -
Klein liefeling, wat wil jy nog meer?

En met die verleidelike ogies
Wat my soos twee vlamme verteer,
Rig jy nog die delwer te gronde -
Klein liefeling, wat wil jy nog meer?

AANTEKENINGE

Met 'n mandjie rose

Op 'n keer was al drie die Visserkinders siek. Na hulle herstel het hulle vir die Kinderkransleidster 'n bos rose geneem. Hiermee sou hulle dan dankie sê vir die vriendelikheid wat sy aan hulle in dié tyd betoon het. Terwyl hulle ouma die rose gerangskik het, het Visser hierdie gediggie geskryf ter begeleiding van die mandjie rose (vgl. Langenhoven 1950: 109 - 110; Nienaber 1950: 37).

4. LAND, VOLK EN TAAL

Melodie: "Finlands Wald"
(Fins)

Land van die eike met heldergroen lower,
Ruisende graanveld en pêr'lende wyn,
Waar elke môre met sonnegoud tower,
Skitt'rend die Suiderkruis nagt'liks verskyn.
 O heerlik sonnig' land,
 Aan U gasvrye strand
 Bring ons die hulde van hart en verstand.

Volk uit die lende van helde gesprote,
Duldend geen dwing'land, gehard in gevaar,
Waardig die vaad're, die Geuse en Hugenate
Wie kan U dade van durf ewenaar?
 O stoere voorgeslag,
 U mannemoed en krag
 Word hier ons dankbare hulde gebrag.

Taal van my moeder, haar liefde en gebede
Staam'lend gelispel as kind aan haar knie,
Wat ek geloof het, gelief en gelede
Ruis in U klanke as 'n soet melodie.
 O dierb're Moedertaal,
 As eens my dag ook daal
 Hoor ek U nog vir die laas liewe maal!

5. MET 'N MANDJIE ROSE

Liefste Tannie ons bring rosies,
Rosies blink met môredou,
Mooie kleurtjies, soete geurtjies,
En dis alles net vir jou!

Rosies fluister: "Liefde, soentjies" -
In verbloemde blommetaal;
Rosies wat ons uit ons tuintjie,
Liefde uit ons hartjies haal.

Maar die soentjies ... in geen mandjie
Nêrens in wil dit geluk -
Liefste Tannie ons is raadop -
Soentjies moet jy self maar pluk!

AANTEKENINGE

"Terug na die Karoo" (Rose van herinnering, p. 14 - 15)

Hierdie gedig verwoord die smagting na die natuur maar veral na die ongekompliseerde lewe waar die mens in liefde na aan God kan woon. Die Karoo word feitlik simbool van die egte eenvoud en volmaakte geluk, in teenstelling met 'n swerfbestaan van skyngeluk. Die verganklikheid van die mens en sy soeke na geestelike vrede kom gevolglik sterk na vore in die gedig, wat van eenvoud en opregtheid spreek.

Volgens Kannemeyer (1978:252) steun hierdie gedig op Marais se "Waar Tebes in die stil woestyn" en Leipoldt se "Op my ou Karoo". Reëls 29-36 toon ook ooreenkomste met die verhaal van die verlore seun in die Bybel.

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking moet 'n eenvoud en opregtheid uitstraal. Die tempo is matig, en die intensiteit waarmee dit vertolk word, is baie belangrik.

Groepering

Die groep word agter die toe gordyn opgestel op B2-4, C2-5 en D3-5. Die voorstes sit plat, die middelstes sit met die bene onder hulle ingetrek en enkeles staan op die knieë. Van die agterste vertolkers staan. Die groep kyk diagonaal na links in die hoek van die ouditorium. Sodra die lig indoof begin die vertolking.

Beligting

Sodra die gehoor in die ouditorium is, doof die huisligte stadig uit, die gordyn gaan oop en die lig doof stadig in tot 'n lae intensiteit (4).

TERUG NA DIE KAROO

Ik ben van den buiten

Ik ben van den boer! -

René de Clerq

G	1	Daar <u>moet</u> nog érens <u>mense</u> wees Λ	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>b.sag</i>
		- <u>Ver</u> in die <u>vaa</u> <u>Karoo</u> -	<i>medium</i>		
		Wat <u>sawens</u> nog die <u>Bybe</u> lees	<i>donker</i>		
		En aan <u>Sy</u> <u>boodskap</u> <u>glo</u> ;	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	
	5	En <u>huise</u> waar nog <u>vrind'likheid</u> ↘	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		Die <u>koue</u> dag <u>verwarm</u> ; Λ			
		Waar <u>egte</u> <u>Boerherbergzaamheid</u> ↘		<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		Nog <u>wag</u> vir <u>ryk</u> en <u>arm</u> ;			
		Waar <u>smôrens</u> nog <u>weerklink</u> 'n lied ↘	<i>lig</i>		
	10	Op <u>stil-gewyde</u> <u>toon</u>			
		En waar die <u>Heer</u> <u>Sy</u> <u>seën</u> gebied Λ	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		Omdat daar <u>liefde</u> <u>woon</u> ;	<i>laag</i>		
		Waar <u>daar</u> nog deur die <u>lewe</u> <u>vleg</u> ↘	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		'n <u>Silwerblanke</u> <u>koord</u> ;			
	15	Die <u>man</u> <u>eenvoudig</u> en <u>opreg</u> ↘			
		En <u>slaaf</u> net van sy <u>woord</u> ;			
		Die <u>vrou</u> nog <u>trou</u> aan haar <u>gemaal</u> ↘	<i>lig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
		<u>Gelukkig</u> met haar <u>kroos</u> ;		<i>b.vinnig</i>	
		Waar <u>nog</u> die <u>seun</u> sy <u>perd</u> opsaal,	<i>medium</i>	<i>matig</i>	
	20	Die <u>dogter</u> nog kan <u>bloos</u> .	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	
		Daar <u>moet</u> nog <u>lug</u> , nog <u>ruimte</u> wees, Λ	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>sag</i>
		Nog <u>minder</u> <u>swaar</u> die <u>las</u> ;		<i>vinnig</i>	<i>normaal</i>
		Daar sou 'n <u>kranke</u> mens <u>genees</u> ↘	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		As daar <u>geneeskans</u> was.			

AANBIEDING

Kommentaar

Tydens die verdonkering verlaat M2 en 3 die verhoog, en V1 gaan staan op B6. Sodra die lig indoof, lewer V1 die kommentaar en verlaat daarna die verhoog by B7. Dan beweeg M1 in dieselfde lig by B6 in en begin vertolk - "Voorslag"

Beligting

Na "Terug na die Karoo" doof die lig baie stadig uit. Sodra M2 en 3 van die verhoog af is en V1 op B6 staan, doof die lig tot 'n middelmatige intensiteit (6) op V1 in. Die lig bly so tot aan die einde van "Voorslag".

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
25	Dan, <u>wat</u> , in <u>Godsnaam</u> , maak <u>ék</u> <u>hier</u> , Waar <u>alles</u> <u>anders</u> is? ^ 'n <u>Heilloos</u> <u>hunker</u> na <u>plesier</u> , Net <u>skyn</u> , net <u>dun</u> <u>vernīs</u> ?	donker <u>medium</u> <u>lig</u>	b.stadig stadig <u>matig</u> <u>vinnig</u>	b.sag sag <u>normaal</u> <u>hard</u>
30	'k Sal <u>opstaan</u> en 'k sal <u>daarheen</u> gaan, Waar <u>aldeer</u> <u>vrede</u> woon - / <u>Vervreemd</u> , <u>verwese</u> en <u>gedaan</u> , / 'n <u>Arm</u> , <u>Verlore</u> <u>Soon</u> - /	laag donker laag	stadig b.stadig	sag normaal sag
35	En <u>sê</u> : / <u>Vêr</u> het jou <u>kind</u> <u>geswerf</u> , ~ Die <u>halwe</u> <u>wêreld</u> om; // Maar, <u>ou</u> <u>Karoo</u> , nou <u>voor</u> hy <u>sterf</u> , // <u>Nou</u> het hy <u>weer</u> <u>gekom</u> . //	lig medium laag	matig stadig b.stadig	 b.sag
40	'n <u>Wrakke</u> , <u>vroegvermoeide</u> <u>mens</u> , ^ <u>Gebroke</u> en <u>verwond</u> , / Kom <u>hierheen</u> met sy <u>laaste</u> <u>wens</u> // En <u>vra</u> 'n <u>stukkīe</u> <u>grond</u> .	 medium donker	stadig b.stadig	normaal sag
	Hier iewers op die <u>vrye</u> <u>veld</u> , ^ Met <u>geur</u> van <u>awendblom</u> , // <u>Sononder</u> op die <u>wye</u> <u>veld</u> - Laat <u>hier</u> //.. Die <u>Donker</u> <u>kom</u> .	lig medium donker// laag	matig stadig b.stadig	 b.sag

KOMMENTAAR:

- V1 Met die eenvoudige "Terug na die Karoo" het ons u verplaas van die geestige na die ernstige, van die individu met sy sondig-hede na ons volk en vaderland.

AANTEKENINGE

"Voorslag" (Gedigte, p. 79 e.v.)

Vertaal, lui die onderopskrif soos volg:

Die viervoetige diere se hoefslag klink oor die verweerde vlakte.

"Voorslag" is deur Visser op die Johannesburgse Kunswedstryd onder die afdeling: Letterkunde, ingeskryf. Die gedig is deur die beoordelaar, M. S. B. Kritzinger, hoog aangeslaan (Kritzinger 1932: 85). Hier word Visser se sterk ritmiese vers funksioneel in die galopperende ritme van die perd opgeneem. Die ritmewisseling is baie interessant: die kort klanke en trippelende ritme in strofe 3 teenoor die vloei van strofe 4 met sy langer vokaalklanke. In sy klankbeelding maak Visser ook sterk van alliterasie gebruik - vgl. reëls 5 en 6, 9 en 10, 15 en 19. Met Visser se verheerliking van die perd Voorslag kom ook sy patriotisme na vore.

AANBIEDING

Vertolking

"Voorslag" vereis 'n vitale en geïnspireerde vertolking wat baie ritmies en klankryk moet verloop.

VOORSLAG

Quadrupedante putrem sonitu quatit ungula campum
Vergilius.

M1	1	<u>Appelblou skimmel</u> met <u>spierwitte</u> maanhaar- $\wedge$ <i>medium</i> Dit is die <u>ryperd</u> , die <u>baasperd</u> van <u>my</u> ; $\wedge$ <u>Maanhaar</u> en <u>stert</u> soos 'n <u>sybok gekartel</u> - $\wedge$ <u>Waar</u> sal ek, <u>Voorslag</u> , jou <u>weerga</u> weer <i>donker</i> kry? <i>matig</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
	5	Onder sy <u>hoewe gestaag dreun</u> die <u>donder</u> , $\wedge$ <u>Ratsheid</u> en <u>spoed</u> tril in <u>senu</u> en <u>spier</u> , $\wedge$ <i>lig</i> <u>Weerligstraal blits</u> uit twee <u>vurige oë</u> , $\wedge$ <u>Trotsheid</u> en <u>moed</u> uit sy <u>neusgate fier</u> . <i>medium</i> <i>stadig</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
	10	<u>Vinnig</u> en <u>fyn</u> is hy, <u>rats</u> soos 'n <u>reebok</u> , $\wedge$ <i>hoog</i> <u>Vas</u> op sy <u>pote</u> langs <u>bergpad</u> en <u>krans</u> ; $\wedge$ <u>Draf</u> kan hy <u>snel</u> oor die <u>veld</u> soos 'n <i>lig</i> <u>duiker</u> , $\wedge$ <i>normaal</i> <u>Trippel</u> kan hy soos 'n <u>pronkbok</u> wat <u>dans</u> . <i>hoog</i> <i>vinnig</i> <i>hard</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>sag</i>
	15	<u>Vroeg</u> , as die <u>son</u> nog net <u>loer</u> oor die <i>donker</i> <u>rande</u> , <i>stadig</i> <i>normaal</i> <u>Droomgesus rus</u> nog die <u>slapende stad</u> , <i>laag</i> <i>b.stadig</i> <i>sag</i> <u>Wek</u> ons die <u>weerklank</u> wat <u>woon</u> in die <i>medium</i> <i>matig</i> <i>normaal</i> <u>klowe</u> , <i>donker</i> <i>stadig</i> <i>sag</i> <u>Skaduwees</u> <u>lank</u> wat nog <u>slaap</u> oor die <u>pad</u> .	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
	20	<u>Saam</u> met die <u>mōrewind vlieg</u> oor die <u>vlakte</u> , $\wedge$ <i>hoog</i> <i>vinnig</i> <i>normaal</i> <u>Ons</u> twee met <u>Sterloop</u> , my <u>troue</u> ou <u>roer</u> - $\wedge$ <i>lig</i> <u>Ryperd</u> en <u>ruiter</u> en <u>roer</u> is 'n <u>drieling</u> , $\wedge$ <i>medium</i> <i>matig</i> <i>normaal</i> <u>Tuis</u> al van <u>ouds</u> in die <u>land</u> van die <i>donker</i> <i>stadig</i> <i>hard</i> <u>Boer</u> .	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		<u>Ek</u> was 'n <u>penkop</u> en hy was 'n <u>jong perd</u> , $\wedge$ <i>lig</i> <i>matig</i> <i>normaal</i> Met De la <u>Rey</u> het ons <u>storm geja</u> ; $\wedge$ Onder 'n <u>bui</u> van <u>kartetse</u> het <u>Voorslag</u> , <i>medium</i> <i>vinnig</i> My en my <u>maat</u> van die <u>slagveld gedra</u> .		

AANTEKENINGE

28. lumier: begin, aanbreek.

As hy kom ...

"As hy kom ..." (Gedigte, p. 62 - 63)

Hierdie gedig is geskryf met die uitsluitlike doel om gesing te word. Na Eugene Marais die eerste probeerslag as te sentimenteel afgemaak het, het Visser dit oorgeskryf. Die soetsappigheid het egter nog nie verdwyn nie (vgl. Langenhoven 1950: 17).

AANBIEDING

As hy kom ...

"As hy kom ..." word deur V2-12 eenstemmig gesing op die Swabiese volkswysie, "Muss:i'denn" (FAK 1968: 193-195).

Groepering

V2 - 12 behou die groepering van "Terug na die Karoo", maar die blik is na die middel van die ouditorium gerig. Tydens die kruisdoof kom die kitaarspeler op na D7 en begin speel. Na vier mate inleiding begin V2 - 12 sing.

Beligting

Na M1 se slotwoorde kruisdoof die lig stadig tot 'n middelmatige intensiteit (6) op V2 - 12.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
25	Groot die <u>gevaar</u> en daar <u>veraf</u> die <u>redding</u> , "Voorslag dit <u>moet</u> ! Mōre <u>voordag</u> weer <u>hier</u> - <u>Dwarsdeur</u> die <u>nag</u> sonder <u>afsaal</u> of <u>omkyk</u> ," <u>Redding</u> was daar, toe die <u>rooidag</u> <u>lumier</u> .	laag medium vinnig donker	stadig matig vinnig matig	sag normaal sag normaal
30	Sterk die <u>verlange</u> en <u>ver</u> woon die <u>noointjie</u> , "Voorslag! sal <u>ons</u> twee <u>vanaand</u> dit nog <u>hāā</u> ?" "Voorslag! die <u>kleinnooi</u> die <u>kyk</u> of ons <u>aankom</u> ." - <u>Sononder</u> was <u>ons</u> by haar <u>afgesaal</u> .	laag donker medium laag	stadig matig matig stadig	sag normaal normaal
	Gee my 'n <u>ryperd</u> , 'n <u>roer</u> en 'n <u>wildsbok</u> , En ek <u>beny</u> nie die <u>rykste</u> sy <u>geld</u> ; 35 <u>Vryer</u> en <u>blyer</u> as <u>Vors</u> op die <u>troon</u> is <u>Voorslag</u> en <u>ek</u> op die <u>eindlose veld</u> .	medium lig	matig vinnig	hard
40	<u>Aangeland</u> in die <u>Hiernamaalse Velde</u> , Sou 'k van die <u>Aarde</u> net <u>een</u> ding <u>begeer</u> : Gee my die <u>beste</u> , die <u>trouste</u> van <u>Vrinde</u> , <u>Voorslag</u> , my <u>ryperd</u> , gee <u>hom</u> vir my <u>weer</u> .	laag donker medium donker	b.stadig stadig matig	sag normaal hard

AS HY KOM ...

VG Sing	1	As die oproep weerklink: Na die strydpark van eer	vinnig	normaal
		Want die vaderland is in gevaar, Saal die burger sy perd op en gryp sy geweer, En die ure van afskeid is daar.		hard sag
	5	Waar ek gaan, gaan jou beelt'nis, my Liefste, alom: Maar my hart laat ek ewiglik hier. As ek kom, as ek kom, as ek eendag weer kom Word ons bruilof, my Liefste, gevier.		normaal hard

AANTEKENINGE

Kyk volgende bladsy vir die aantekeninge van "Die wapad is my woning".

AANBIEDING

19. Op *Hulle kom*: V2 - 12 kyk diagonaal na links.
Na *Hulle kom*: V2 - 12 draai hulle koppe stadig diagonaal na regs. Net voor die beweging van die koppe ophou, sê hulle: *hulle gaan*.
20. V2-12 draai hulle koppe weer terug na die beginposisie.
- 20-22. Tydens hierdie woorde begin die kitaarspeler die melodie van die twee reëls net voor die refrein stadig speel.
23. V2 - 12 val in by die kitaarspeler en begin sing.

Beligting

9. Die ligintensiteit neem af na 5.
19. Na *almal verby*: Die ligintensiteit neem af na 4.
- 23-24. Die ligintensiteit neem baie stadig af en doof na die slotwoorde heelte=mal uit.

Die wapad is my woning

Vertolking

Die vertolking is sober en eerlik en vereis 'n lae stemplasing, stadige tempo en subtiële nuanseringe met betrekking tot intensiteit, toonhoogte, tempo en volume.

Groepering

Tydens die verdonkering kom V1 op en gaan sit op die gelykvlak van C1. Nadat die lig ingedooft het, begin sy vertolk. V2-12 behou die vorige groepering. Die kitaarspeler verlaat die verhoog tydens die verdonkering.

Beligting

Sodra V1 sit, doof die lig tot 'n lae intensiteit (4) op V1 in.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

Ag die stryd was so lang en die dae so bang
10 En nog banger elk' slaaplose nag
Tot die glans uit haar oog wyk, die blos van
haar wang,
Het sy dae en jare gewag,
Steeds gewag en verwelk soos 'n kwynende blom
Wat die tuin van haar hart nie meer sier; -
15 As hy kom, as hy kom, as hy eendag weer kom
Dan sal liefde en trou segevier. |

matig sag

normaal

Praat Al die burgers kom tuis en sy soek langs die ry medium vinnig normaal
Vir 'n lang lang verwagte gesig ^
Hulle kom ||| hulle gaan || nou is almal verby ... || lig// vinnig// hard//
20 Uit haar wese verdwyn al die lig; | donker stadig sag
En die lied, soveel male herhaal al, | verstom .. || laag b.stadig b.sag
Hy lê ver op die slagveld van eer .. || donker stadig sag
Sing As hy kom, || as hy kom | ... hy sal nimmer weer laag b.stadig b.sag
kom, - |
Net verlange en hartseer kom weer. |||

DIE WAPAD IS MY WONING

"Wo wird einst des Wandermüden
Letzte Ruhestätte sein?
Unter Palmen in dem Süden,
Unter Linden an dem Rhein?"

Heine

V1 1 Ag, had ek 'n eie ou huisie, | laag b.stadig b.sag
Al was dit armoedig en klein - |
'n Voorhuisie met 'n kombuisie, | donker sag
'n Slaapplekkie warm en rein. || laag b.sag
5 En in die kombuisie 'n essie, medium stadig sag
Waarop ek my ete kan kook - ^
'n Ketel, komfoor en 'n tessie, |
'n Skoorsteen wat voordag al rook. | donker b.stadig

AANTEKENINGE

"Die wapad is my woning" (Gedigte, p. 71 e.v.)

Vertaal, lui die onderopskrif soos volg:
waar sal die moë wandelaar
se laaste rusplek eendag wees?
Onder palmbome in die suide, (of)
onder die lindeboom aan die Ryn (rivier)?

Oor die ontstaanswyse van die gedig is daar twee teorieë (vgl. Langenhoven 1950: 117; Eyssen 1936: 64). Wat in hulle ooreenstem, is die feit dat Visser op siekebesoek was, en die swerfbestaan van die betrokke trekboer of padwerker se vrou het hom diep ontroer. Visser se simpatieke houding kom dan ook duidelik na vore. Na die vrou se stoflike begeertes in die eerste sewe strofes uitgespreek is, handel die orige vier oor haar doodsverlange. Sy kom tot die besef dat die geluk nie op die aarde te vind is nie. Langenhoven (1950: 136) wys op die interessante ooreenkoms wat daar tussen hierdie gedig en dié van Padraic Colum, *An old woman of the Roads*, bestaan.

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
10	'n <u>Tafel</u> en daarop my <u>boekie</u> , En <u>Bybel</u> , - my <u>man</u> se <u>geskenk</u> ; Ek <u>sit</u> van die <u>pad</u> , in 'n <u>hoekie</u> , Die <u>lief</u> en die <u>leed</u> te <u>herdenk</u> .	<i>medium</i>	<i>stadig</i> <i>matig</i> <i>stadig</i>	<i>normaal</i> <i>sag</i> <i>normaal</i>
15	'n <u>Venster</u> met <u> twee malfaplantjies</u> - ^ Hoe <u>mooi</u> is die <u>rooi</u> en die <u>groen</u> ! Waar ek <u>smiddags</u> sit <u>hekel</u> my <u>kantjies</u> , En <u>al</u> my ou <u>werkies</u> kan <u>doen</u> .	<i>lig</i> <i>donker</i>	<i>matig</i> <i>stadig</i>	 <i>sag</i>
20	'n <u>Muurkassie</u> met 'n paar <u>goedjies</u> , ^ En <u>langsaa</u> n 'n <u>klok</u> teen die <u>muur</u> ; Ek <u>sing</u> wyl ek <u>afstof</u> ,~so <u>soetjies</u> , ^ En <u>blink</u> hou ek alles <u>geskuur</u> !	<i>medium</i> <i>lig</i> <i>medium</i>	<i>matig</i> <i>vinnig</i> <i>matig</i>	<i>normaal</i>
	'n <u>Stoepie</u> waar 'k <u>saans</u> ,~ <u>vry</u> van <u>sore</u> , Kan <u>kyk</u> hoe die <u>skaduus</u> <u>verleng</u> ; <u>Goddank</u> hulle <u>wys</u> na die <u>môre</u> , ^ Wat <u>weersien</u> in <u>blydschap</u> sal <u>breng</u> .	<i>donker</i> <i>laag</i>	 <i>stadig</i>	 <i>sag</i>
25	'n <u>Tuintjie</u> met <u>groente</u> en <u>kruie</u> , Het <u>lewenslank</u> ek al <u>begeer</u> ; Wie <u>kan</u> tog aan <u>andere</u> <u>beduie</u> , Wat 'n mens op die <u>wapad</u> <u>ontbeer</u> ?	<i>medium</i> <i>donker</i>	<i>matig</i> 	<i>normaal</i> <i>sag</i>
30	En <u>kom</u> eens die <u>Dood</u> in <u>genade</u> , Die <u>storm</u> van die <u>lewe</u> <u>gesus</u> , Hoe <u>graag</u> sou ek dan in jou <u>skade</u> , O <u>liewe maroelaboom</u> <u>rus</u> !	<i>laag</i> <i>donker</i> <i>lig</i> <i>medium</i>	<i>b.stadig</i> <i>stadig</i> 	<i>b.sag</i>
35	Want dit is die <u>end</u> van die <u>strewe</u> , Van <u>al</u> wat 'n <u>moeder</u> moes <u>ly</u> : ^ Te <u>lank</u> het ek <u>nou</u> al <u>gelewe</u> . ^ Geen <u>ruimte</u> is daar meer vir <u>my</u> .	<i>donker</i> <i>medium</i>	<i>matig</i> <i>vinnig</i>	<i>normaal</i> <i>hard</i>

AANTEKENINGE

"Bloedrivier" (Rose van herinnering, p. 55-56)

Die titels van die drie sonnette word meer as tydsaanduidings: hulle simboliseer die oorwinning en die lig wat die Blankebeskawing in donker Afrika ingedra het. Die eerste twee sonnette het meer betrekking op die gebeure self, maar die derde is universeler, 'n huldiging van die voorgeslag wat die Slag van Bloedrivier meege= maak het. Die drie sonnette bou in intensiteit op mekaar, en die laaste se slot= koeplet bevat die kernidee van die reeks.

Die eerste twee sonnette skyn Italiaanse sonnette te wees. Hoewel die rymskema nie streng op die tradisionele, naamlik abba abba cde cde, geboetseer is nie, is daar tog die omarmende rym in die oktaaf en na die oktaaf die verandering van rymskema wat 'n wending suggereer. Volgens die inhoudelike kom daar na die oktaaf wel 'n wending voor, hoewel nie soos in 'n sonnet verwag word nie, veral in "Nag". Telkens loop die sestet op die rymende slotkoeplet uit, wat as kulminasiepunt sterk uitstaan. Die eerste twee sonnette, hoewel nie suiwer nie, kan gevolglik wel as Italiaanse sonnette beskou word, al sou die slotkoeplet van die Engelse sonnet in die sestet voorkom. Die derde sonnet, met sy rymskema abba cddc effe gg, dit wil sê, drie kwatryne en 'n koeplet, kan as 'n Engelse sonnet beskou word. Ook wat die inhoudelike betref, is daar 'n sterk oorgang van die derde kwatryn na die so be= langrike slotkoeplet. Die feit dat die eerste twee kwatryne in die vorm van 'n vraag is, met 'n antwoord in die daaropvolgende kwatryn, dui nie noodwendig op 'n wending nie.

Die vyfvoetige jambiese versmaat word in al drie sonnette deurgaans gehandhaaf.

AANBIEDING

Vertolking

In die geheel gesien neem die vertolking van die begin tot aan die einde van elke sonnet toe in volume en tempo maar veral in intensiteit. Elke sonnet bou weer op die vorige. Die groot geheel verloop ernstig en met intense inlewing.

Kyk volgende bladsy vir groepering en beligting.

TOON=
HOOGTE

TEMPO

VOLUME

	Ek is <u>moeg</u> , 0 so <u>moeg</u> al van <u>swerwe</u> ;	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.sag</i>
	Rus <u>smeek</u> ek vir <u>liggaam</u> en <u>gees</u> .			
	Sou <u>daar</u> nie vir <u>my</u> eer ek <u>sterwe</u> , }	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
40	Ook <u>êrens</u> 'n <u>staanplekkie</u> wees?			
	Maar <u>vooroor</u> die <u>wapad</u> staan <u>immer</u> , ^	<i>medium</i>		<i>normaal</i>
	Bekroon deur 'n <u>lonkende</u> <u>ster</u> ,			
	Die <u>hoë</u> blou <u>berge</u> van <u>Nimmer</u>			
	Wat die <u>weg</u> na <u>Gelukland</u> <u>versper</u> !	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.sag</i>

BLOEDRIVIER

1. NAG

G	1	<u>Klein</u> <u>handjiev</u> wat hierdie <u>grote</u> <u>land</u> , }	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		<u>Gered</u> het vir die <u>verre</u> <u>nageslag</u> ,			
		Ek <u>sien</u> die <u>laer</u> <u>verlore</u> in die <u>nag</u>	<i>lig</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		Waar <u>almal</u> <u>waak</u> , ^ die <u>wapen</u> in die <u>hand</u> , ^	<i>medium</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.sag</i>
5		Maar <u>hoorbaar</u> <u>stilte</u> heers, geen <u>wagvuur</u> <u>brand</u> ,	<i>donker</i> <i>laag</i>		
		Asof <u>en</u> <u>kind</u> <u>en</u> <u>redelose</u> <u>dier</u> , }	<i>medium</i>	<i>stadig</i> , <i>medium</i>	<i>sag</i>
		Besef die <u>lotbestemde</u> <u>plaas</u> is <u>hier</u>			
		En uit die <u>uurglas</u> loop die <u>laaste</u> <u>sand</u> .	<i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>b.sag</i>
		Al <u>nader</u> , <u>onheilspellend</u> , <u>keer</u> op <u>keer</u> , }			
10		<u>Dring</u> <u>dowwe</u> klanke <u>dreigend</u> uit die <u>nag</u> .	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>sag</i>
		Die <u>dreuning</u> <u>ken</u> die <u>Boer</u> : ^ die <u>donderweer</u> , }	<i>donker</i>	<i>b.stadig</i>	<i>normaal</i>
		Van <u>Amazoeloes</u> <u>saamvergaarde</u> <u>mag</u> ^			
		In <u>duisende</u> wat op die <u>skildvel</u> <u>slaan</u> :	<i>medium</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>b.hard</i>
		Die <u>nooit-verwonne</u> <u>impi's</u> van <u>Dingaan</u> !	<i>laag</i>	<i>stadig</i>	

2. DAGBREEK

15		<u>Groot</u> moet die <u>hart</u> wees wat hier <u>pal</u> kan <u>staan</u> , ^	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
		0 <u>onverskrokke</u> <u>manne</u> van die <u>daad</u> ,			
		<u>Nou</u> teen die <u>laer</u> die <u>hel</u> word <u>losgelaat</u> , ^		<i>matig</i>	<i>normaal</i>
		<u>Dood</u> en <u>verderf</u> tot <u>hoor</u> en <u>sien</u> <u>vergaan</u> ; ^		<i>vinnig</i>	<i>b.hard</i>

AANBIEDING

Groepering

Sodra die lig sigbaar is, kom M1-3 op en G hergroepeer: Soos voorheen sit die voorste en enkele middelste dames, enkeles staan op die knieë en die agterstes staan. Die groepering vorm 'n driehoek op A4, B3 en 4, C3 en 4 en D4 en 5. Die kykrigting is aanvanklik diagonaal na links. Sodra die lig tot die verlangde intensiteit ingedoof het, begin G vertolk.

- 14. Na *Dingaan*: G draai hulle koppe diagonaal na regs.
- 28. Na *Bloedrivier*: G draai hulle koppe reguit na vore.

Beligting

Na V1 se slotwoord kruisdoof die lig na 'n baie lae intensiteit (1), soos vir bogenoemde groepering. Sodra die groepering gevorm is, doof die lig verder in (4).

- 14. Na *Dingaan*: Die lig doof geleidelik sterker (6).
- 28. Na *Bloedrivier*: Die lig doof geleidelik sterker (8).
- 42. Na *donker Afrika*: Die lig doof vinnig sterker (10).
Na *lig*: Na enkele tellings doof die lig tot 'n baie lae intensiteit (1).

		TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
	Die <u>afgrysligheid</u> van <u>Bloukrans</u> voor die <u>oog</u> :Λ	<i>lig</i>	<i>b.vinnig</i>	<i>sag</i>
20	Die <u>wa-wiel</u> nog <u>gevlak</u> met <u>mensebloed</u> ,Λ			<i>normaal</i>
	Die <u>stormloop</u> <u>feller</u> , altyd <u>meer</u> <u>verwoed</u> ,			
	<u>Gevaar</u> rondom en <u>vêr</u> die <u>hemel</u> <u>hoog</u> .	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>sag</i>
	O <u>broederbende</u> ,~ <u>onwrikbaar</u> as 'n <u>rots</u>	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	<u>Kalm</u> in die <u>stormbewoë</u> <u>oseaan</u> ,			
25	Waarteen die <u>swarte</u> <u>branders</u> <u>brekend</u> <u>bots</u> Λ		<i>vinnig</i>	
	En <u>skuimend</u> elke <u>pluim</u> te <u>pletter</u> <u>slaan</u> ,		<i>b.vinnig</i>	<i>b.hard</i>
	<u>Swart</u> was die <u>nag</u> en <u>rooi</u> die <u>dag</u> <u>lumier</u> ,	<i>laag</i>	<i>b.stadig</i>	<i>sag</i>
	Voor die <u>opgaan</u> van die <u>son</u> van <u>Bloedrivier</u> !	<i>medium</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>

3. DAG

	O <u>heldeskaar</u> wat in julle <u>sieleangs</u> ,	<i>lig</i>	<i>stadig</i>	<i>sag</i>
30	Julle <u>hoë</u> <u>sieleadel</u> het <u>behou</u> ,Λ			
	Aan <u>eer</u> en <u>vryheid</u> tot die <u>dood</u> <u>getrou</u> ,Λ		<i>matig</i>	<i>normaal</i>
	<u>Vermoeid</u> , <u>verwond</u> ,~ die <u>harde</u> <u>trekpad</u> langs,Λ	<i>medium</i>	<i>stadig</i>	
	Hoe <u>kan</u> ons julle <u>dank</u> of <u>eer</u> <u>betoon</u> ,Λ	<i>lig</i>	<i>matig</i>	
	Aan julle <u>nagedagtenis</u> <u>vergoed</u> Λ			
35	<u>Volharding</u> <u>weergaloos</u> en <u>stoere</u> <u>moed</u> - Λ	<i>medium</i>	<i>vinnig</i>	<i>hard</i>
	<u>Ons</u> wat op julle <u>bloedspoor</u> <u>vreedsaam</u> <u>woon</u> ?			
	Geen <u>marmersuil</u> maak julle <u>roem</u> <u>bekend</u> ,	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	Maar <u>elke</u> <u>boerehuis</u> wat <u>veilig</u> <u>staan</u> Λ			
	En <u>elke</u> <u>ploegvoor</u> ,~ <u>elke</u> <u>land</u> vol <u>graan</u> Λ			
40	En <u>elke</u> <u>pad</u> is julle <u>monument</u> !	<i>lig</i>	<i>matig</i>	<i>hard</i>
	<u>Vryheid</u> het jul <u>gedrywe</u> ,~ <u>'n</u> <u>blanke</u> <u>wig</u> ,	<i>donker</i>	<i>stadig</i>	<i>normaal</i>
	In <u>donker</u> <u>Afrika</u> - en <u>daar</u> was <u>lig</u> .	<i>medium</i>		<i>b.hard</i>

AANTEKENINGE

"Nimmer of nou" (Die purper iris, p. 31 - 32)

Soos vroeër aangetoon is dié gedig vir die verkiesing van Junie 1929 geskryf, waar mev. Adinda Eyssen dit sou voordra. Hierdie gedig getuig van Visser se betrokkenheid by sy volk: hy roep die volk op tot daadkrag en verantwoordelike beslissing. Die eerste strofe wys kortliks terug na die verlede, van die tweede strofe af word ons in die hede geplaas, en teen die einde word by implikasie op die toekoms gewys. Die sterk ritme, toenemende bou en herhaling het 'n opswepende effek, wat goed by die inhoud pas.

32. *Werda*: 'n wagwoord gevorm uit *wer ist da* - "wie is daar".

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking is sterk en fors met 'n innerlike oortuiging wat die gehoor moet inspireer. Die geheel neem toe in intensiteit tot aan die einde.

Groepering

Sodra die lig tot 1 gedoof het, wissel die groepering tot 'n halfmaan op B2, C2 en 3, D3 - 5, C5 en 6 en B6. Al die vertolkers staan, met M1 - 3 agter in die middel. Die agterste vertolkers kyk voor hulle en die aan die kante kyk diagonaal in die gehoor.

31. Na *bestemming*: G draai flink na vore en kyk reguit vorentoe.

Beligting

Sodra die groepering gevorm is, kruisdoof die lig na 'n hoë intensiteit (8) op genoemde groepering. Teen die einde doof die lig na agt tellings tot 'n baie lae intensiteit (1).

NIMMER	OF	NOU	TOON= HOOGTE	TEMPO	VOLUME
G	1	<u>Wank'lende</u> skepies op <u>went'lende</u> bare, ^	medium	matig	normaal
		Maar 'n <u>standvastige</u> <u>hand</u> aan die <u>roer</u> -	donker	stadig	
		So het die <u>Almag</u> deur <u>duisend</u> <u>gefare</u> ,	medium	matig	
		<u>Voortyds</u> ons voorsate <u>hierheen</u> <u>gevoer</u> .			
	5	<u>Kennelik</u> <u>sien</u> ons Sy <u>hand</u> deur die <u>jare</u> ,			
		Nog in die <u>wiss'lende</u> <u>lot</u> van die <u>Boer</u> : ^			
		<u>Wag'lend</u> sy <u>wa</u> in 'n <u>see</u> van <u>barbare</u> ,	donker		
		<u>Vas</u> sy <u>vertroue</u> op <u>God</u> en sy <u>roer</u> .	laag	stadig	sag
		<u>Sal</u> ons die <u>Voortrekker-stempel</u> <u>bestendig</u> - ^	medium	matig,	normaal
10		<u>Heer</u> van sy <u>hoeve</u> en <u>baas</u> van sy <u>plaas</u> , - ^		vinnig,	
		Of deur <u>verslapping</u> <u>ontaard</u> en <u>lamlendig</u> ,	lig		normaal,
		Op ons <u>geboortegrond</u> <u>kneg</u> word en <u>Klaas</u> ?		b.vinnig	hard
		<u>Had</u> ons die <u>Eendrag</u> ^- die <u>Mag</u> - van ons <u>leuse</u> ; ^	donker	b.stadig	sag
		<u>Had</u> ons die <u>Wil</u> om te <u>handhaaf</u> , te <u>hou</u> ... ^		stadig	
15		<u>Hier</u> lê die <u>kruispad</u> , en <u>kort</u> is die <u>keuse</u> , ^	medium	matig	normaal
		<u>Maklik</u> die <u>dwaalweg</u> , <u>maar</u> ... <u>lank</u> die <u>berou</u> .	lig donker	vinnig stadig	hard b.sag
		<u>Vrye</u> wind, ^ <u>vryheidswind</u> , ^ <u>wind</u> van die <u>velde</u> , ^	lig	stadig,	sag,
		<u>Velde</u> <u>gedrenk</u> met ons <u>edelste</u> <u>bloed</u> , ^		matig	normaal
		<u>Dreun</u> met die <u>drang</u> , met die <u>durf</u> van ons <u>helde</u> , ^	medium		hard
20		<u>Wek</u> in die <u>slapendes</u> <u>ywer</u> en <u>gloed</u> .			
		<u>Rig</u> weer die <u>duistere</u> <u>blik</u> na die <u>sterre</u> ; ^	lig	vinnig,	
		<u>Bring</u> ons die <u>magwoord</u> , ^ die <u>wagwoord</u> <u>getrou</u> ; ^	medium		
		<u>Fluister</u> dit, <u>bulder</u> dit <u>heinde</u> en <u>verre</u> ; ^			b.hard
		<u>Spreek</u> met 'n <u>donderstem</u> ; ^ <u>Nimmer</u> of <u>Nou</u> .		b.vinnig	
25		<u>Nimmer</u> of <u>nou</u> ! - tot die <u>burger</u> wat <u>twyfel</u> ,	laag	stadig	sag
		Wat is sy <u>dure</u> , sy <u>heilige</u> <u>plig</u> ; ^			
		<u>Nimmer</u> of <u>nou</u> ! - tot die <u>stryder</u> wat <u>weifel</u> ,	donker	matig	normaal
		Met die <u>oorwinning</u> reeds <u>byna</u> in <u>sig</u> ; ^			
		<u>Jubel</u> en <u>juig</u> met al <u>luider</u> <u>beklemming</u> ; ^	medium	vinnig	hard
30		" <u>Volg</u> die <u>Oranje</u> , die <u>Blanje</u> , die <u>Blou</u> .	lig	b.vinnig	
		" <u>Nou</u> is die <u>dag</u> , ^ <u>nou</u> die <u>uur</u> van <u>bestemming</u> .	medium	vinnig	b.hard
		" <u>Werda</u> ? <u>Suid-Afrika</u> : <u>Nimmer</u> of <u>nou</u> !"		matig stadig	

AANTEKENINGE

"In memoriam A. G. Visser" (Langenhoven 1950: 64)

Hierdie gedig het in *Die nuwe Brandwag* van Augustus 1929 verskyn. Hoewel dit met die eerste oogopslag as 'n sonnet voorkom, hoef dit nie noodwendig die geval te wees nie. Die opsetlike verbreking van die eenheid van die kwatryne in nieriymende koeplette is vreemd aan die sonnet. Verder sou die oorgang na die sestet nie as 'n wending nie maar hoogstens as 'n klemverskuiwing bestempel kan word, naamlik van die versugtinge *te kort, te swaar, ons wou, so nodig* na 'n aanvaarding: *maar genoeg, 'n boodskap gebring en 'n lied gegee*. Die rymskema is wat die oktaaf betref, wel volgens die Italiaanse sonnet, naamlik abba abba, maar die sestet wyk van die tradisionele rymskema af, hoewel cd cd ee nie onbekend is nie.

Wat wel hier ter sake is, is die gebruik van bekende Visser-uitdrukkings, wat as 'n in memoriam-gedig baie funksioneel is: *Te kort, te swaar* (vgl. "Die roos"), *swanesang* en *rose van herinnering*. Du Plessis vat, sonder om sentimenteel te raak, die kern van Visser saam, naamlik sy kultuurhistoriese waarde vir ons volk en sy taal.

AANBIEDING

Vertolking

Die vertolking verloop eenvoudig, intens en opreg, met subtiële stemwisseling.

Groepering

Sodra die lig verdof, wissel die groepering na twee geboë rye op C3-5 en D3-5. Die vertolking begin na twee mate van die fluitspel.

Klank

Sodra die vertolkers gegroepeer het, doof die fluitspel in tot 'n normale volume (6) op die twee luidsprekers bokant die verhoog. Die tydsberekening is sodanig dat die vertolking net voor die slotfrase van die melodie eindig. Vir die gehoor wat die melodie van "Die roos" ken, roep hierdie slotfrase die woorde op: "*Goddank vir jou*". Hierna doof die klank uit.

Beligting

Die lig doof saam met die klank stadig in tot 'n lae intensiteit (4) op die bogenoemde groepering. Aan die einde doof die lig baie stadig uit, terwyl die slotfrase van "Die roos" nog gehoor word.

Vir die buiging behou die vertolkers bogenoemde groepering, dieselfde lig doof vinnig in tot 'n hoë intensiteit (9), en almal laat sak hulle koppe vir vier tellings en kyk weer vriendelik op. Hierna doof die lig vinnig uit. Afhangende van die gehoorreaksie word dit een of twee keer herhaal.

Hierna doof die volle verhooglig asook die huisligte in. Een dame verkry die aandag van die gehoor en lig hulle kortliks in oor dit wat van hulle verwag word. Dan deel die dames die vraelyste en die potlode uit. Terwyl die gehoor die vraelyste invul, herhaal die groep die Visserliedjies wat hulle gedurende die pouse in die foyer gesing het. Enkele dames bly in die gehoor vir hulp van een of ander aard. Sodra die gehoor die vrae beantwoord het, lewer hulle dit in en vertrek.

"IN MEMORIAM A. G. VISSER"

I. D. du Plessis

G	1	Te <u>kort</u> die <u>aanhef</u> van jou <u>digtersang</u> , Te <u>swaar</u> die <u>slag</u> om <u>swyend</u> te <u>verduur</u> ;	donker	stadig	sag
			laag	b.stadig	b.sag
		Ons wou die <u>spranke</u> van jou <u>digtervuur</u> , Vir <u>jare</u> nog so <u>gretiglik</u> <u>opvang</u> .	medium	matig	sag, normaal
5		So <u>nodig</u> was jy vir ons <u>volksbelang</u> , ^ So <u>onontbeerlik</u> vir ons <u>jong kultuur</u> ,	donker		
			medium		
		Ons <u>voel</u> in hierdie <u>droewe</u> <u>skeidingsuur</u> Jou <u>eerste</u> <u>lied</u> was ook jou <u>swanesang</u> .	donker	stadig	sag
			laag	b.stadig	b.sag
10		Maar vir <u>JOU</u> <u>doel</u> het jy <u>genoeg</u> <u>gesing</u> , Jou <u>kragte</u> aan 'n <u>edel</u> taak <u>bestee</u> ;	medium	matig	sag
		'n <u>Boodskap</u> het jy aan jou <u>volk</u> <u>gebring</u> , ^ Jou <u>veelbeminde</u> <u>taal</u> 'n <u>lied</u> gegee,	lig	vinnig	normaal
		Wat tot ons <u>diepste</u> <u>wese</u> <u>binnedring</u> - <u>Omfloers</u> met <u>rose</u> van <u>herinnering</u> .	medium, donker	matig	sag